

Graad 3

TERMYN 4

AFRIKAANS

HUISTAAL

Lesplanne

VRYWARING/REDIGERING PROSES

Beste Kollegas,

Welkom by die NECT Huistaal Program!

Let asseblief daarop dat die NECT Huistaal Termyn 4 se material in n baie kort periode ontwikkel is.

As gevolg van hierdie rede, is dit moontlik dat daar in die toekoms vernaderinge sal wees in die program.

Ons sal ook graag vir julle wil betrek by die ontwikkeling van hierdie program en sal enige insette waardeer. Dit is n aaneenlopende proses van ontwikkeling en verbetering. Indien julle enige foute opmerk, volg asseblief die volgende proses om dit te rapporteer:

- 1 Stuur 'n e-pos aan die relevante persoon:
xitsonga@homelanguage.co.za
tshivenda@homelanguage.co.za
sepedi@homelanguage.co.za
siswati@homelanguage.co.za
isizulu@homelanguage.co.za
isindebele@homelanguage.co.za
isixhosa@homelanguage.co.za
sesotho@homelanguage.co.za
setswana@homelanguage.co.za
afrikaans@homelanguage.co.za
english@homelanguage.co.za
- 2 In die onderwerp lyn, skryf die dokument se verwysing. Byvoorbeeld: GRAAD 3 TERMYN 4 LESPLAN BL 45–47.
- 3 Verduidelik dan die veranderinge wat julle graag onder ons aandag wil bring **OF** maak die vernaderinge op jou harde kopie, skandeer dit en heg dit aan die e-pos.
- 4 Indien julle 'n ernstige TAAL probleem ondervind wat julle onder ons aandag wil bring, skryf dan byvoorbeeld die volgende in die onderwerp lyn: BEWYSE VAN STREEKSDIALEK.
- 5 Skryf dan n volledige verslag oor die probleem.
- 6 Stuur asseblief alle e-posse met jou naam, rang by skool asook jou selnommer. Ons sal dan met jou in verbinding tree om die probleem te bespreek.
- 7 **Baie dankie vir jou kundigheid en bydrae tot hierdie program. Ons wil graag die beste en mees korrekte kopie vir alle tale aanbied.**

Inhoud

Bestuursnotas	v
Kernmetodologieë	xii
Week 1 Tema: Die belangrikheid van opvoeding	1
Maandag	3
Dinsdag	8
Woensdag	14
Donderdag	21
Vrydag	25
Week 2 Tema: Die belangrikheid van opvoeding	29
Maandag	31
Dinsdag	36
Woensdag	42
Donderdag	49
Vrydag	54
Week 3 Tema: Voel kalm en ontspan	59
Maandag	61
Dinsdag	67
Woensdag	72
Donderdag	79
Vrydag	83
Week 4 Tema: Voel kalm en ontspan	87
Maandag	89
Dinsdag	94
Woensdag	100
Donderdag	108
Vrydag	112
Week 5 Tema: Hartseer en verdriet	117
Maandag	119
Dinsdag	124
Woensdag	130
Donderdag	137
Vrydag	141

Week 6 Tema: Hartseer en verdriet	145
Maandag	147
Dinsdag	153
Woensdag	159
Donderdag	166
Vrydag	171
Week 7 Tema: Geskiedenis	175
Maandag	177
Dinsdag	182
Woensdag	189
Donderdag	197
Vrydag	201
Week 8 Tema: Geskiedenis	205
Maandag	207
Dinsdag	212
Woensdag	218
Donderdag	225
Vrydag	229

Bestuursnotas

Leeruitkomst

Hierdie termyn behoort die leerders die volgende uitkomst te bereik:

LUISTER EN PRAAT

- 1 Leerders behoort 4 nuwe rympies of liedjies te ken.
- 2 Leerders behoort deel te neem aan klasbepsrekinge om sodoende vorige kennis te kan deel.
- 3 Leerders behoort gedeelde lees stories te bespreek deur 'n besprekings-raamwerk te gebruik.
- 4 Leerders behoort eie stories op te kan maak, veral vir die kreatiewe storievertellingsaktiwiteit.
- 5 Leerders behoort te kan praat oor wat hulle gekry het.
- 6 Leerders behoort die gebruik van die volgende klanke te vertsaan

opvoeding	laerskool	hoërskool	universiteit	gegradueerde	uitval
geleentheid	wet	prokureur	regter	hofsaaal	diskriminasie
geslag	<small>geslagsdiskriminasie</small>	joernalis	gehoor	teiken	bedreiging
oorleef	gewond	kalm	ontspanne	mediteer	heining
loer	vreemd	data	klik	rol	omgewing
depressief	sielkundige	maagpyn	uitgeput	gemaklik	teken
simptoom	emosie	hartseer	verdriet	dood	begraving
oerwoud	aandag aflei	bedagsaam	dankbaar	raad	verlig
herinnering	altaar	versierde	Mexiko	viering	ritueel
gees	organiseer	nostalgies	portret	geskiedenis	antieke
voorouer	ruïnes	eeu	bou	herbou	struktuur
museum	grond	onder	held	regte	gelyke regte
gelykheid	staat	betoging	onregverdig	<small>inhegtenisneming</small>	tronk
praat uit					

FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE

- 1 Leerders behoort klanke mondelings te kan identifiseer.
- 2 Leerders behoort die volgende klanke outomaties te herken.
- 3 Leerders behoort die volgnde klanke te kan meng en opbreek.

lp	nd	ns	nt	mp	ms
rg	rk	rm	rp	rs	rt

Leerders behoort die volgnde woorde in lettergrepe op te kan deel.

n/a					
-----	--	--	--	--	--

LEES

Leerders behoort die volgnde woorde te kan klank en die woord te vorm.

tulp	help	skulp	hulp	mond	tand
eend	kind	oond	dans	wens	wins
bons	kuns	tent	punt	lint	klont
lamp	romp	stamp	klomp	ramp	soms
koms	toekoms	dwerg	sorg	terg	murg
berg	vark	kerk	kurk	park	snork
arm	kerm	wurm	storm	swerm	warm
skerp	harp	serp	dorp	bors	kers
koors	wors	skaars	hart	beurt	soort
kort					

Leerders behoort die volgende sigwoorde te kan lees.

perke	belangrik	opvoeding	boodskap	meisies	beloftes
verban	toespraak	geleentheid	verander	mediteer	mantra
heining	asemhaling	kalm	geluid	klank	omgewing
drukkie	sielkundige	hartseer	grappe	vergeet	toertjies
oorlede	altaar	foto's	welkom	versier	siele
Zimbabwe	paleis	voorouers	toergids	museum	paragraaf
geloof	aandete	aktivis	versigtig		

Leerders behoort 'n teks te kan lees soos aangedui in die voorbeeld wat volg.

Wanneer 'n mens na die naghemel opkyk, sien jy nie net sterre nie. Die swart leegte van die ruimte is deurtrek met voorwerpe van elke denkbare vorm en grootte. Van enorme brandende sterre tot piepklein stofvlekkies.

BEGRIP

- 1 Leerders behoort n voorspelling van die teks te kan maak deur na die prente te kyk.
- 2 Leerders behoort detail oor 'n teks te kan herroep.
- 3 Leerders behoort die teks te kan hervertel.
- 4 Leerders behoort die teks in volgorde te kan hervertel.
- 5 Leerders behoort te verstaan wat dit beteken om 'n teks die visualiseer en koneksies en voorspellings te maak.
- 6 Leerders behoort oor die teks te kan gesels deur die besprekings-raamwerk te gebruik.
- 7 Leerders behoort begripsvrae oor die teks te kan beantwoord.
- 8 Leerders behoort die teks te kan opsom.

SKRYFWERK

- 1 Leerders behoort 'n prentjie te kan teken wat n boodskap oordra.
- 2 Leerders behoort om een of twee byskrifte by die prentjie te kan voeg.
- 3 Leerders behoorts 'n kort skryfraamwerk te kan gebruik.
- 4 Leerders behoort om 1 paragrawe te skryf aan die hand van 'n skryfraamwerk of plan.
- 5 Leerders behoort die volgende te kan skryf: 'n lys /'n brief

GROEPBEGELEIDE LEES

- 1 Leerders behoort hardop, in 'n vaardigheidsgebaseerde groep, saam met die juffrou te kan lees.
- 2 Leerders behoort hulle woordeskat kennis, kontekstuele leidrade en hulle sigwoorde te kan gebruik as hulle lees.
- 3 Leerders behoort hulself te kan monitor aangaande woord herkenning en begrip.



Materiaal en Hulpbronne Voorsien

Let asseblief daarop dat alle hulpbronne die eiendom van die skool bly. Hulpbronne sal slegs een maal uitgereik word. Hulpbronne moet dus voldoende gekontroleer en opgepas word.

Gedurende Termyn 4 word onderwysers van die volgende hulpbronne voorsien:

1 Gekleurde vertoonborde × 4

Gebruik hierdie borde om jou werk vir die week uit te stal. Elke week, vertoon jou: fonetiese klanke en woorde; hoë frekwensie woorde; tema woordeskat; illustrasies en skryfraamwerk.

2 Handskrifkaarte

Vertoon hierdie kaarte voor in die klaskamer, sodat hul duidelik vir leerders sigbaar is. Daar sal drukskrifkaarte aan Graad 1 en 2 onderwysers voorsien word. Daar sal drukskrif – en lopendeskrifkaarte aan Graad 2 en 3 onderwysers voorsien word.

3 Termyn 4 Onderrigplan

Gebruik die onderrigplan om te bepaal wat op 'n daaglikse basis aangeleer moet word. Die kernmetodologieë sal verduidelik hoe elke les aangebied moet word. Daar sal 'n oriëntasie program aangebied word vir die eerste twee weke van Termyn 4.

4 Termyn 4 Kontrolelyns

Gebruik hierdie dokument om jou (ATP) (Gevorderde Onderwysplan – GOP) en Termynbeplanning te voltooi. Merk af en dateer elke les en assesseringsaktiwiteite soos dit voltooi is. Besin oor jou onderrig.

5 Termyn 4 Grootboek

Gebruik die Grootboek stories gedurende gedeelde lees lesse. Daar is agt stories vir die termyn – een storie vir elke week.

6 Termyn 4 Hulpbronpakket

Die Hulpbronpakket sluit die volgende items in:

- **Flitskaarte** word vir tema woordeskat; hoë frekwensie woorde; klanke en woorde voorsien.. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Tema Woordeskat Illustrasies** word voorsien waar van toepassing. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Kreatiewe storieblaaie** word voorsien vir elke tema. Dit is 'n reeks van 3 of 4 prentjies wat 'n storie uitbeeld. Daar is 10 kopieë van elke werksblad – een per klein groepie. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.
- **Assesseringsrekordblaaie** word voorsien om leerders se resultate en kommentaar vir die termyn aan te teken.

7 Termyn 4 Leeswerksblaaie × 8

Agt leeswerksblaaie word voorsien vir die termyn – een vir elke week van Week 3 tot 10. Gebruik hierdie werksblaaie vir die hele klas gedurende groepbegeleide lees. Daar is 20 kopieë van elke Leeswerkkaart. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.



Weeklikse roetine: 7 ure

- 1 Die gestruktureerde leerprogram volg dieselfde roetine elke week.
- 2 Dit maak dit makliker vir onderwysers en leerders om te volg.
- 3 Leerders kan voorberei vir die volgende aktiwiteit sodra hul die roetine ken.
- 4 Hierdie roetine is gebaseer op die KAVB minimum tyd vir Huistaal: 7 ure per week.
- 5 Hierdie roetine is ontwerp as deel van 'n tweetalige program, tesame met die PSRIP (Inisiëring program vir openbare sektor) EFAL (AEAT Afrikaans Eerste addisionele taal) gestruktureerde onderwysprogramme.
- 6 Stal asseblief hierdie roetine in jou klaskamer uit en probeer om dit uit jou kop te leer!

MAANDAG		DINSDAG		WOENSDAG		DONDERDAG		VRYDAG	
Mondelinge Aktiwiteit	15			Mondelinge Aktiwiteit	15			Mondelinge Aktiwiteit	15
		Klanke	15	Klanke	15	Klanke	15	Klanke	15
Handskrif	15	Handskrif	15	Handskrif	15				
Gedeelde lees	15	Gedeelde lees	15			Gedeelde lees	15	Gedeelde lees	15
Handskrif	30			Handskrif	30				
Groep begeleide lees	30	Groep begeleide lees	30	Groep begeleide lees	30	Groep begeleide lees	30	Groep begeleide lees	30
1.45		1.15		1.45		1.00		1.15	



Weeklikse voorbereiding

Dit is belangrik om te onthou dat die Huistaal program die volume BEPLANNING vir onderwysers verminder het, maar dat VOORBEREIDING steeds vereis word! Sit een middag per week, tesame met jou kollegas (al die Grondslagfase Onderwysers), en doen jul voorbereiding saam.

Wanneer jou voorbereiding gedoen word, onthou die volgende:

- 1 Lees deur die lesplan vir die week.
- 2 Maak seker dat jy die metodologieë wat gebruik gaan word ken en verstaan. Indien nie, gaan na die afdeling getitel "Kernmetodologieë, en hersien dienooreenkomstig.
- 3 Volgende, maak seker watter flitskaarte en illustrasies nodig is vir die tema woordeskat, hoë frekwensie woorde, klank en die skryfraamwerk. Kry hierdie flitskaarte en illustrasies as volg gereed:
- 4 Knip die flitskaarte en illustrasie uit.
- 5 Probeer om hul op 'n karton of papier te plak.
- 6 Indien moontlik, lamineer of trek dit met plastiek oor.

- 7 Bêre die flitskaarte en les saam in 'n koevert, of hou dit bymekaar met 'n rekkie.
- 8 Kry enige ander hulpbronne wat jy mag benodig bymekaar, insluitend prentjies en werklike voorwerpe.
- 9 Maak seker dat jou Grootboek in orde is.
- 10 Lees deur enige aktiwiteite in die Departement van Onderwys Werkboek wat jy moet voltooi.
- 11 Oefen die skryfwerk lesse.
- 12 Maak seker dat jou Kontrolelys op datum is van die vorige week en besin oor jou vordering.




Temas en Leesskedule

WEEK NOMMER	TEMA	GEDEELDE LEES TEKS	LEES WERKSKAART
1	Die belangrikheid van opvoeding	'n Lewe sonder perke	1
2	Die belangrikheid van opvoeding	Malala se stryd vir opvoeding	2
3	Voel kalm en ontspan	Zandile leer om te mediteer	3
4	Voel kalm en ontspan	Munene kry hulp	4
5	Hartseer en verdriet	Bantu voel hartseer	5
6	Hartseer en verdriet	Om Tio Pablo te onthou	6
7	Geskiedenis	Shamiso se groot uitstappie	7
8	Geskiedenis	'n Held met die naam Simon Nkoli	8



Termyn 4 Asseseringsprogram

Die asseseringsprogram is ontwerp in lyn met die Verkorte Afdeling 4 van die CAPS dokument. Dit kan agter in die /TRACKER/ van elke kwartaal gevind word.



Klaskamer Uitstallings

VERTOONBORDE

- 1 As deel van die program sal jy van vier groot vertoonborde van verskillende kleure voorsien word.
- 2 Elke gekleurde bord sal gebruik word om 'n verskillende stel woorde van die week uit te stal.
- 3 Gebruik hierdie borde as volg:
 - a **Groen bord** – vertoon die tema woordeskat woorde en illustrasies van die week.
 - b **Blou bord** – vertoon die hoë frekwensie woorde vir die week.
 - c **Geel bord** – vertoon die klanke en woorde vir die week.
 - d **Pienk bord** – vertoon die skryfraamwerk vir die week.
- 4 Die woorde op die bord moet elke week vervang word.
- 5 Moet asseblief nie alle temawoordeskat en illustrasies vir die jaar op die borde los nie. Hierdie uitstalling moet verband hou met die tema waarmee jy besig is. As die hele klas vol woorde en illustrasies is raak dit oorweldigend en sal die leerders dit nie meer raaksien nie.
- 6 Haal woorde en illustrasies af en bêre dit op 'n geordende wyse.
- 7 Pas hierdie woorde op sodat jy hul weer kan gebruik in die volgende jaar.

TEMATAFEL

- 1 Probeer om 'n tematafel in jou klas te skep.
- 2 Gebruik hierdie spasie om prentjies en voorwerpe wat betrekking het op die tema uit te stal.
- 3 Merk hierdie items, sodat leerders die woordeskat kan leer.

Kernmetodologieë



Klaskamer Bestuur

Sommige fundamentele klaskamer bestuursstrategieë is ingesluit as 'kern metodologieë'. Hierdie is strategieë wat regdeur die program gebruik word. Dit is dus belangrik om hul te bemeester.

***Doel:** Om tyd per taak, leerder gedrag en samewerking tussen leerders te verbeter. Om onderbrekings aan leerders te verminder. Om 'n element van speel om te leer in te stel.*

SITPLEK EN KLEINGROEPIES

- 1 Dit is baie belangrik om tyd en noukeurige aandag te gee aan waar jy leerders laat sit in jou klaskamer.
- 2 Oorweeg die volgend belangrike punte wanneer jy dit doen:
 - a **Plaas leerder in gemengde vermoëns** – jy wil nie leerders wat sukkel bymekaar laat sit nie, of sterk leerders saam te laat sit nie. Meng die leerders sodat die hele klaskamer 'n gemengde vermoë spasie is.
 - b **Plaas leerders strategies om konflik of lawaai te voorkom.** Moet nie leerders wat mekaar pla bymekaar laat sit nie. Moenie leerders wat nie kan ophou praat bymekaar laat sit nie. Verhoed probleme deur sulke leerders te skei.
- 3 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders in kleingroepies moet werk.
- 4 Sulke groepies, bestaande uit 3–4 leerders, sit naby aan mekaar. Deur dit te doen kan leerders, wanneer jy vra dat hulle in hul 'kleingroepies' moet werk, die groepie vinnig en effektief vorm, sonder om te veel rond te beweeg.
- 5 Indien leerders in rye sit, is 'n maklike manier om klein groepies te vorm deur twee leerders in die voorste ry te laat omdraai na die twee leerders reg agter hulle in die tweede ry. So kan hulle 'n kleingroepie vinnig en effektief vorm.
- 6 Moenie dit aan die leerders oorlaat nie. Besluit hoe die klein groepies in jou klaskamer gevorm gaan word en leer die leerders om die groepe vinnig en rustig te vorm.
- 7 Maak veranderinge aan die groep indien jy sien dat die dinamiek in 'n groep nie werk nie – moet leerders nie forseer om saam te werk nie.

BESTUUR VAN GROEPBESPREKINGS

- 1 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders groepsprekings hou.
- 2 Leer leerders om dit as volg te doen:
 - a Eerstens moet leerders in hul kleingroepe kom.
 - b Tweedens moet die leerders oplet wat die besprekingsvrae of raamwerk is.

- c** Dan moet elke leerder die kans gegun word om elke vraag te beantwoord, bv.:
 - Leerder 1 antwoord Vraag 1
 - Leerder 2 antwoord Vraag 1
 - Leerder 3 antwoord Vraag 1
 - Leerder 4 antwoord Vraag 1
 - Leerder 1 antwoord Vraag 2
 - Leerder 2 antwoord Vraag 2
 - Leerder 3 antwoord Vraag 2
 - Leerder 4 antwoord Vraag 2
 - Ensovoorts
- 3** Dit mag 'n goeie idee wees om gebruik te maak van 'n 'praatstok /klip/ item' om dit te beheer.
 - a** Gee aan elke groep 'n kleurvolle item soos 'n gekleurde stok of klip.
 - b** Die persoon wat die stok vashou, mag dan praat en almal anders in die groep moet luister.
 - c** Sodra die eerste leerder klaar gepraat het moet hy of sy die item aangee aan die volgende leerder, ensovoorts.
- 4** Indien die groep moet terug rapporteer, kan hulle sodra almal geantwoord het, stem vir die beste antwoord vir elke vraag.

LEES OORGANGSAKTIVITEITE

- 1** Gedurende alle groepbegeleide lees les, moet onderwysers met twee groepe werk.
- 2** Tussen groepe is dit belangrik om 'aktiewe breuk' te neem, voordat leerders gereed is om aan die volgende Leeswerkkaart te werk.
- 3** Doen dit as volg:
 - a** Wanneer jy klaar met Groep 1 gewerk het, stuur hulle terug na hulle tafels.
 - b** Roep die klas tot aandag.
 - c** Doen 'n Lees oorgangsaktiwiteit met die hele klas.
 - d** Laat die klas rustig word met die volgende Leeswerkkaart.
 - e** Verduidelik die volgende aktiwiteit op die Leeswerkkaart.
 - f** Herinner leerders dat hulle elke aktiwiteit waaraan hulle werk moet voltooi voordat hulle mag aanbeweeg na die volgende aktiwiteit – hulle moet teen hul eie tempo werk.
 - g** Roep Groep 2 om saam met jou te kom werk.
- 4** Gedurende Termyn 4 stel ons voor dat jy die volgende 4 Lees oorgangsaktiwiteite gebruik:

Aktiwiteit 1: Juffrou sê

- 1 Sê aan leerders om op te staan.
- 2 Verduidelik dat julle verskillende bewegings gaan doen, soos: vat aan jou kop; vlieg 'n vlieër; wikkel jou neus; spring drie keer; ens.
- 3 Indien jy sê, “Juffrou sê” moet die leerders die aksie uitvoer.
- 4 Indien jy nie sê “Juffrou sê” nie, moet die leerders stil staan.
- 5 Wanneer 'n leerder die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het “Juffrou sê” nie, is die leerder uit en moet gaan sit.
- 6 Die wenner is die laaste leerder wat bly staan.

Aktiwiteit 2: Dans Partytjie

- 1 Sê aan leerders om op te staan.
- 2 Verduidelik dat jy musiek op jou foon gaan speel.
- 3 Sodra die leerders die musiek hoor, moet hulle dans.
- 4 Sodra jy die musiek afsit moet hulle vries.
- 5 Skakel die musiek 'n paar keer aan en af, sodat die leerders 'n paar keer kan dans en vries!

Aktiwiteit 3: Wikkel, wikkel, vries

- 1 Sê aan die leerders om op te staan.
- 2 Sê: wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, vries!
- 3 Leerders moet dit saam met jou sê en hul lyfies wikkel wanneer hulle sê 'wikkel'.
- 4 Wanneer hulle 'vries' moet hulle doodstil staan en doodstil wees!
- 5 Herhaal dit 'n paar keer.

Aktiwiteit 4: Ek en my stoel

- 1 Sê aan die leerders om langs hul stoele te staan. Daar moet 'n bietjie spasie rondom hulle wees.
- 2 Gee aan die leerders instruksies om te volg – hulle moet dit vinnig en stil doen.
- 3 Hierdie instruksies hou almal verband met die stoel en hul oefen so die gebruik van voorsetsels.
- 4 Gee instruksies soos:
 - staan agter jou stoel
 - tel jou stoel op
 - klim op jou stoel
 - klim bo-oor jou stoel
 - ens.



Mondelinge Aktiwiteite

Aan die begin van die Huistaal lesse op Maandae, Woensdae en Vrydae sal julle mondelinge aktiwiteite doen. Hierdie is die luister – en praat aktiwiteite van die program. Dit is met oorleg ontwerp om aan die leerders geleentheid te gee om individueel te praat.

Onderrig van Tema Woordeskat

Doelwit: Leerders se kognitiewe – konseptuele en akademiese woordeskat word uitgebrei, om sodoende leesbegrip en algemene kennis te verbeter. Leerders word beter toegerus met die taal wat vereis word om effektief in die Intermediêre fase te funksioneer.

- 1 Leer 3 nuwe tema woordeskat woorde vir leerders.
- 2 Gebruik die metodiek ‘PATS’ om nuwe woordeskat aan te leer.
- 3 PATS is ’n akroniem vir Wys, Speel, Vertel en Sê.
- 4 Dit is nie altyd moontlik om al vier aksies vir elke temawoord te doen nie – doen slegs wat van toepassing is:
 - a WYS na ’n prent of werklike item, indien moontlik.
 - b Die temawoord word deur AKSIES uitgespeel.
 - c VERTEL die leerders wat die temawoord is en die betekenis daarvan.
 - d Sê die woord in ’n sin, en laat die leerders die woord na jou herhaal.
- 5 Wanneer jy die tema woordeskat vir die leerders geleer het, vertoon die woorde op die vertoonbord, tesame met die temawoord illustrasie.
- 6 Nie elke leerder sal die nuwe tema woordeskat onmiddellik ken nie. Onderwysers hoef nie hieroor bekommerd te wees nie, en moenie leerders die woorde baie kere laat herhaal nie!
- 7 Leerders sal na herhaalde kere die nuwe woordeskat teëkom gedurende die tema, en sal die geleentheid gegee word om hulle eie woordeskat outentiek te bou.

Lied of Rympie

Doelwit: Leerders se kennis van die nuwe woordeskat word gekonsolideer. Leerders leer deur middel van spel.

- 1 Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders doen, is in die lesplan gelys.
- 2 Die leerders sal oor ’n gegewe tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
- 3 Alhoewel, wanneer dit aanvanklik bekend gestel word, is dit nodig dat jy die woorde, aksies en wysie (as daar een is), aan die leerders moet leer.
- 4 Leer die lied of rympie reël-vir-reël soos volg vir die leerders aan:

- a Sing of sê die hele lied of rympie vir die klas. Verduidelik die betekenis daarvan aan die leerders, indien nodig.
 - b Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
 - c Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
 - d Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- 5 Gaan op hierdie wyse voort totdat jy die hele lied of rympie aan die leerders geleer het.
- 6 Gepaste aksies moet altyd by die lied en rympie ingesluit word.
- 7 Laat leerders toe om hulle geliefkoosde lied aan die einde van die dag te sing – hierdie is 'n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

Sing of rym

Doelwit: Konsolideer leerders se kennis van die nuwe woordeskat. Leerders leer deur spel.

- 1 Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders moet doen, is in die lesplan gelys
- 2 Leerders sal oor 'n tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
- 3 Aanvanklik as dit aan die leerders bekendgestel word sal aksies en wysies aangeleer moet word.
- 4 Die lied en rympies moet reël-vir-reël aan die leerders geleer word, soos hieronder uiteengesit.
 - a Sing of sê die hele lied vir die klas. Indien nodig verduidelik die doel daarvan, aan die leerders.
 - b Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
 - c Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
 - d Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
 - e Hou op hierdie manier aan, totdat jy die leerders die hele lied of rympie aangeleer het
- 5 Gepaste aksies moet altyd met die lied of rympie ingesluit word.
- 6 Laat leerders toe om aan die einde van die dag hulle geliefkoosde liedere of rympies te kies – dit is 'n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

Stel die Tema bekend: Assessering Vorige Kennis.

Doelwit: Stel die vooraf kennis van die leerders oor 'n onderwerp vas, en bou op wat reeds oor daardie onderwerp bekend is. Die grafiese organisasie erken die kennis van die leerders en bou op wat reeds bekend oor die onderwerp en organisasie is. Gebruik geheuekaarte om die grafiese organisasie van kennis te ontwerp.

- 1 In hierdie aktiwiteit, begin die onderwyser deur 'n vinnige geheuekaart op die bord te skryf.
- 2 Die onderwyser trek 'n sirkel op die bord met die naam van die tema in die middel.
- 3 Die onderwyser vra nou aan die leerders: Wat weet julle reeds van hierdie tema?

- 4 Die onderwyser skryf die leerders se idees rondom die geheuekaart. Die onderwyser moet probeer om soortgelyke idees saam te groepeer byvoorbeeld, as die tema 'Vriendskap' is, mag jy dalk 'n geheuekaart hê wat soos hierdie lyk.



- 5 In die tweede week van die siklus, sal die onderwyser die geheuekaart gebruik om leerders te help met hersiening en te reflekteer wat hulle in die eerste week van die siklus geleer het.
- 6 Die onderwyser sal aan die leerders vra: Watter nuwe en interessante dinge het ons sover van hierdie tema geleer?

Kreatiewe Storievertel Week 1

Doelwit: Gee leerders die geleentheid om 'n nuwe taal suiwer te gebruik, en om hulle kennis van 'n onderwerp en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede uit. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede – samewerkend – in 'n klein groep te werk.

- 1 Hierdie aktiwiteit gee leerders die geleentheid om hulle verbeelding en kreatiwiteit te gebruik; hulle nuwe tema woordeskat en hulle volgorde vaardighede aan te wend om 'n nuwe storie te op te maak.

- 2 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
- 3 Gee aan elke groep 'n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy vir die tema. Jy sal dit in die hulpbronnepakket vind
- 4 Hierdie bladsye het 'n series van 3–4 prente wat gebruik kan word om 'n storie te bou wat met die tema verband hou.
- 5 Sê aan die leerders om aan 'n storie te dink wat by die prente pas.
- 6 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hulle idees te dink.
- 7 Elke leerder in die groep moet 'n beurt kry om hulle weergawe van die storie te vertel.
- 8 Stap rond en luister na verskillende leerders soos hulle hulle stories vertel.
- 9 Neem die bladsye in en bêre dit sorgvuldig vir die volgende week.
- 10 Moedig leerders aan om hulle stories aan iemand anders by die huis te vertel.

Kreatiewe storievertel week 2

***Doelwit:** Gee leerders die geleentheid om 'n nuwe taal suiwer te gebruik, en hulle kennis en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede-samewerkend in 'n klein groep te werk.*


- 1 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
- 2 Gee aan elke groep 'n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy van die tema.
- 3 Herinner leerders daaraan dat hulle die vorige week, hulle eie stories rondom die prente opgemaak het.
- 4 Gedurende hierdie week moet die leerders in 'n groep werk om op 'n groepstorie te besluit.
- 5 Herinner leerders daaraan dat hulle stories kreatief moet wees, maar dat dit by die prente moet pas!
- 6 Maak seker jy het die hele klas se aandag.
- 7 Vra 1–2 verskillende groepe om hulle groepstories te deel.
- 8 Bedank leerders dat hulle hulle stories gedeel het.

Bespreking van Gedeelde Lees Teks

***Doelwit:** Leer leerders kritiese denke en opsommingsvaardighede aan en gee hul die geleentheid om hierdie vaardighede te oefen en te ontwikkel. Bou leerders se selfvertroue op deur oorspronklike geleenthede te gee om te formuleer en aan opinies uitdrukking te gee, te evalueer, konneksies te maak en tot 'n gevolgtrekking te kom. Gee aan leerders die geleentheid om gesamentlik en mede-gesamentlik in 'n klein groep te werk.*

- 1 Bespreking van die Gedeelde Lees Teks word op Vrydae gedoen.
- 2 Begin by die skryf van die besprekingsraamwerk op die bord.
- 3 Vervolgens lees en verduidelik die besprekingsraamwerk aan die leerders.

- 4 Leerders moet verstaan dat daar geen foute met antwoorde van oop en geslote vrae is nie – alle antwoorde en opinies word verwelkom.
- 5 Kry die klas se aandag aan die einde van die les.
- 6 In die laaste paar minute, vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hulle antwoorde te deel.
- 7 Bedank leerders vir hulle antwoorde en bydraes.
- 8 As antwoorde nie korrek is nie, of uitbreiding daarop benodig word, korrigeer die leerders of vra leidende vrae.



Fonetiese Bewustheid & Klanke/Handskrif Graad 1 & 2 (totdat die fonetiese programme voltooi is)

Fonetiese Bewustheid & Klanke en Handskrif werk saam in hierdie programme.

Konsolidasie: Maandae

***Doelwit:** Leerders se fonetiese bewustheid word informeel geassesseer en die herroeping van geleerde klanke en handskrif. Klanke en handskrif word geremidieër of konsolideer deur self-regstelling. Gebruik assesserings waarneming vir formele doeleindes.*

- 1 Op Maandae gedurende Handskrif, sal leerders hulle drukskrif oefen deur klanke, lettergrepe en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
- 2 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak. Leerders moet die datum skryf, sodra hulle daartoe in staat is.
- 3 Vervolgens sê aan leerders om hulle bladsy in die helfte te vou, en nommer van 1–5 in die kantlyn, en 6–10 in die middel van die bladsy. (Die aantal klanke, lettergrepe en woorde sal van les tot les verskil).
- 4 Sê aan leerders om die klank, lettergreep of woord neer te skryf soos jy dit sê – hulle moet langs die korrekte nommer skryf. Indien hulle nie die woord of klank kan skryf nie, moet hulle 'n koppelteken skryf –.
- 5 Herinner leerders daaraan dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle kan onthou hoe om die klanke, lettergrepe en woorde wat hulle alreeds geleer het te kan skryf.
- 6 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif kontroleer.
 - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om 'n klank, lettergreep of woord korrek te skryf.
 - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om die letters behoorlik te vorm.
- 7 Vra die klanke, lettergrepe en woorde in die lesplan.
- 8 Die leerders neem 'n kleurpotlood om hulle eie werk te korrigeer.
- 9 Skryf die antwoorde korrek op die bord, sê die klanke terwyl jy die skryfproses verduidelik.

- 10 Indien leerders sukkel om 'n klank te onthou of 'n letter te skryf, moet hulle in die week hieraan werk.
- 11 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota wie addisionele hulp benodig.

Leer nuwe Klanke en Woorde aan: Dinsdae en Woensdae.

Doelwit: Leerders se fonemiese bewustheid word sistematies ontwikkel. Om duidelike en sistematies huistaal foneme en lettergrepe aan leerders te leer, en om die identifikasie en gebruik van geleerde foneme en lettergrepe in woorde te oefen.

Bekendstelling van die nuwe klank

- 1 Sê die klank en wys die flitskaart, byvoorbeeld: /p/
- 2 Sê die klank, die leerders herhaal die klank 3x.
- 3 Bespreek hoe die /p/ klank dieselfde in Afrikaans en Engels is.
- 4 Vir enkelklanke wys leerders die klanke op die Alfabetkaart.
- 5 Vra aan leerders: Kan jy aan woorde dink wat die klank /p/ gebruik?
- 6 Dinkskrum woorde met leerders, soos: **pote, pere, krap, prys**

Bekendstelling van nuwe woorde

- 1 Sê elke woord hard en duidelik terwyl jy die flitskaart aan leerders wys: **pote, pere, krap, prys**
- 2 Vra die leerders om die woorde te herhaal terwyl klem gelê word op die teikenklank.
- 3 Plak die flitskaarte van die woorde op die Klanke Vertoonbord.

Skryf nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

Doelwit: Om duidelik en sistematies die Leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme wat ooreenstem met die aangeleerde foneme te kan beskryf.

- 1 Leer die leerders om die drukskrifletter(s) korrek te vorm van die aangeleerde klanke.
- 2 Wys hoe om die klank op die bord te skryf – beskryf die vormingsproses soos jy skryf.
- 3 Sê aan linkshandige skrywers om hulle koppe op die lessenaar te lê.
- 4 Staan dan met jou rug na die klas en lig jou regterhand op.
- 5 Sê aan die regshandige leerders om in die lug te volg soos jy die letter(s) skryf.
- 6 Vervolgens herhaal die proses met die linkshandiges.
- 7 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk en die klank om die beurt op mekaar se rug met hulle vingers te skryf.
- 8 Sê hierna aan die leerders om die klank met hulle vingers op hul lessenaars te skryf.
- 9 Heel laaste wys leerders nog eenkeer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.

- 10 Leerders moet hierna die klank /woorde/ sinne in hulle boeke skryf.
 11 Leerders moet die nuut geleerde klank in enige woord/sin wat geskryf is onderstreep.

Segmentering en vermenging: Donderdae

Doelwit: Om duidelik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid te ontwikkel, en hulle vaardigheid om alle aangeleerde foneme en lettergrepe te vermeng en segmenteer om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Deur die herkenning van foneme en lettergrepe kan outomatisme verbeter word.

Ek...

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord:
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /p/ - /e/ - /r/ - /e/
- 4 Sê die eerste enkelklank van die woord: /p/
- 5 Sê die tweede enkelklank van die woord: /e/
- 6 Sê die derde enkelklank van die woord: /r/
- 7 Sê die laaste enkelklank van die woord: /e/
- 8 Skryf die woord op die bord: **pere**
- 9 Deur jou voorbeeld, wys na die bord om klanke te vermeng om 'n woord te maak:
/p/ - /e/ - /r/ - /e/ = **pere**
- 10 Vervolgens sê die eerste lettergreep van die woord: /pe/
- 11 Sê die tweede lettergreep van die woord: /re/
- 12 Deur jou voorbeeld wys, na die bord om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te maak: /pe/ - /re/
- 13 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

Ons...

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: **pote**
- 3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste enkelklank in die woord? /p/
- 4 Vra aan die leerders: Wat is die tweede enkelklank in die woord? /o/
- 5 Vra aan die leerders wat is die derde enkelklank in die woord? /t/
- 6 Vra aan die leerders wat is die laaste enkelklank in die woord? /e/
- 7 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /p/ - /o/ - /t/ - e/
- 8 Skryf die woord op die bord: **pote**
- 9 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord te segmenteer:
/p/ - /o/ - /t/ - /e/
- 10 Vra aan die leerders wat is die eerste lettergreep van die woord? /po/
- 11 Vra aan die leerders wat is die laaste lettergreep van die woord? /te/

12 Sê aan die leerders om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te vorm:

/po/ - /te/ = pote

13 Herhaal hierdie proses met 'n woord uit die Woensdag les.

Woordsoek: Vrydae

Doelwit: Gee aan leerders die geleentheid om hulle kennis van geleerde foneme te konsolideer. Die leerders kry geleentheid om die vaardigheid van vermenging te oefen om woorde te bou. Die herkenning van foneme word outomaties gedoen.

Skryf die tabel op die bord wat vorige geleerde klanke sowel as klanke aangeleer op Dinsdag en Woensdag insluit.

y	i	p
kr	d	a
pr	e	m

Model:

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week byvoorbeeld: **/kr/** en **/pr/**.
- 2 Hersien alle klanke en vermengings op die bord.
- 3 Verduidelik dat leerders drie minute sal hê om soveel woorde as moontlik te kan skryf en moet van die klanke en vermengings hierbo gebruik.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik:
/kl/ - /i/ - /m/
- 5 Herinner leerders daaraan dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie **/kr/ of /y/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak: **/kr/ - /a/ - /p/**
- 7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklanke te gebruik, soos **/kl - /i/ - /p/**, of woorde sonder die teikenklank soos **dink**.

Leerders doen:

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke uit te haal en die opskrif te skryf: **kl, pr**
- 2 Gee die instruksie dat die leerders moet begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as wat hulle kan nuwe woord te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en nog ander): **klink, klank, klap, pad, dam, mank, dink, klep, demp, prys**



Fonemiese Bewustheid & Fonetiek/Handskrif

Graad 2 & 3 (sodra die fonetiekprogramme voltooi is)

Fonemiese Bewustheid & Fonetiek en Handskrif werk saam in hierdie programme.

GRAAD 2 TERMYN 3-4

HANDSKRIF

Verander Woorde: Maandae

Doelwit: Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en veranderinge in woorde en sinne te identifiseer, wat die betekenis van die woorde of sinne verander

Nota: Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra die leerders genoeg kursiewe skrif ken, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.

- 1 Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur klanke en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
- 2 Sê aan die leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf.
- 3 Vervolgens sê aan die leerders om van 1–5 in die kantlyn te skryf, en tussen elke nommer 'n lyn oor te slaan.
- 4 Skryf die sin wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord langs die nommer 1, bv.:
1 Ek wil my boek hê.
- 5 Sê aan leerders om die sin in hulle boeke te kopieër.
- 6 Vervolgens sê aan leerders om verskillende voornaamwoorde langs die nommers te skryf, bv.:
 - Hy
 - Sy
 - Hulle
 - Ons
- 7 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf, deur elkeen van hierdie voornaamwoorde te gebruik.
- 8 Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou om die klanke en woorde wat hulle alreeds geleer het, te kan skryf.
- 9 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
- 10 Aan die einde van die les skryf die sinne korrek op die bord, sê die klanke en verduidelik die kursiewe skryfproses terwyl jy dit doen.
- 11 Vra die leerders daarna om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, bv.: waar die sinne verander.
- 12 Onderstreep enige patroon, soos:

- Hy wil sy boek hê.
 - Sy wil haar boek hê.
 - Hulle wil hul boek hê.
 - Ons wil ons boek hê.
- 13** Sê aan die leerders om 'n kleurpotlood te neem om hulle eie werk te korrigeer.
- 14** Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of om 'n letter in kursief te skryf, moet hulle in die week daaraan werk.
- 15** Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag met klanke sukkel, terwyl ander sukkel om kursief te skryf!

GRAAD 3 TERMYN 1-2

HANDSKRIF

Enkelvoud tot Meervoud Woorde: Maandae

***Doelwit:** Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur self korreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te sien en fokus op die patrone van verandering in 'n sin, afhangende van die selfstandige naamwoord voorvoegsel.*

***Nota:** In die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF doen. So gou as wat leerders genoeg drukskrif ken, gee asseblief opdrag dat hulle die aktiwiteit in KURSIEF moet voltooi.*

- 1** Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe handskrif deur hersiening van klanke en woorde wat in die vorige weke geleer is
- 2** Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum en opskrif
Enkelvoud – na Meervoudwoorde.
- 3** Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf en om lyne tussen die nommers oor te slaan
- 4** Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle reeds geleer het, te skryf.
- 5** Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
- 6** Roep die enkelvoudwoorde in die lesplan uit. Leerders moet hierdie woorde soos volg langs die nommers skryf.
Enkelvoud na Meervoud Woorde
 - bak
 - hek
 - sak
 - gans
 - kind
- 7** Vervolgens sê aan leerders om die woorde oor te skryf as meervoude.
- 8** In die laaste vyf minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, terwyl jy die klanke sê en beskryf die kursiewe skryfwyse proses soos jy dit doen.

- 9 Vra dan aan die leerders om enige patrone wat hulle kan sien, uit te wys, soos waar die woorde verander.
- 10 Onderstreep hierdie patrone, soos:
Enkelvoud na Meervoud Woorde
- bak
 - bakke
 - hek
 - hekke
 - sak
 - sakke
 - gans
 - ganse
 - kind
 - kinders
- 11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
- 12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
- 13 Sê aan leerders dat indien hulle sukkel om 'n klank te onthou, of om 'n letter in kursief te skryf, hulle daaraan gedurende die week moet werk.
- 14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

GRAAD 3 TERMYN 3-4

HANDSKRIF

Enkelvoud na Meervoud Sinne: Maandae

Doelwit: Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid by leerders te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op – en verandering van patrone in 'n sin afhangende van die voornaam voorvoegsel.

Nota: Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra leerders genoeg weet van Kursiewe skrif, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.

- 1 Op Maandae gedurende Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur woorde wat in vorige weke geleer is, te hersien.
- 2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf met die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne**.
- 3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf, maar laat 'n lyn tussen elke nommer oop.
- 4 Herinner leerders daaraan dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die woorde te skryf wat hulle reeds geleer het.

- 5 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif nagaan.
- 6 Roep die enkelvoudige sinne in die lesplan uit. Leerders moet hierdie sinne langs die nommers skryf, soos volg:
Enkelvoud na Meervoud Sinne
 - a Die bak is op die tafel.
 - b Die hek is toe.
 - c Die sak is swaar.
 - d Die gans eet.
 - e Die kind speel
- 7 Vervolgens sê aan die leerders om die sinne in die meervoud te skryf.
- 8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die sinne korrek op die bord, terwyl jy die klank sê en die kursiewe skryfproses verduidelik soos jy skryf.
- 9 Vra dan aan die leerders om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, soos: waar woorde verander.
- 10 Onderstreep hierdie patrone, soos:
Enkelvoud na Meervoud Sinne
 - a Die bak is op die tafel.
 - b Die bakke is op die tafel.
 - c Die hek is toe.
 - d Die hekke is toe.
 - e Die sak is swaar.
 - f Die sakke is swaar.
 - g Die gans eet.
 - h Die gansee eet.
 - i Die kind speel.
 - j Die kinderss speel.
- 11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
- 12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
- 13 Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of 'n letter in kursief te skryf, moet hulle dit gedurende die week oefen.
- 14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp nodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

FONETIEK

Hersiening van klanke deur verdeling en vermenging: Dinsdae en Woensdae

Doelwit: Om uitdruklik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid en vermoë om aangeleerde foneme en lettergrepe saam te voeg en te verdeel te ontwikkel, om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Om herkenning van foneme deur outomatisme te vermeerder

Ek...

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: **klank**
- 3 Breek die woord op in klanke: /**kl**/ – /**a**/ – /**nk**/
- 4 Sê die eerste klank van die woord: /**kl**/
- 5 Sê die middelste klank van die woord: /**a**/
- 6 Sê die laaste klank van die woord: /**nk**/
- 7 Skryf die woord op die bord: **klank**
- 8 Wys na die klanke en voeg hulle saam om 'n woord te vorm: /**kl**/ – /**a**/ – /**nk**/ = **klank**
- 9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

Ons...

- 1 Begin met 'n woord uit die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: **krank**
- 3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /**kr**/
- 4 Vra aan die leerders: Wat is die middelste klank van die woord? /**a**/
- 5 Vra aan die leerders: Wat is die laaste klank van die woord? /**nk**/
- 6 Skryf die woord op die bord: **krank**
- 7 Sê aan die leerders om saam met jou die klanke in die woord saam te voeg: **krank**
- 8 Herhaal hierdie met 'n woord van die Woensdag les.

Jy...

- 1 Sê aan leerders om hulle boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: kl woorde.
- 2 Vervolgens sê aan leerders om van 1–5 in die kantlyn te nommer.
- 3 Roep die vyf woorde van die lesplan uit.
- 4 Leerders moet hierdie woorde langs die korrekte nommer skryf. Hulle behoort hulle verdeling – en vermengingsvaardighede te gebruik om hierdie woorde te spel.
- 5 Leerders moet die teikenklanke in elke woord onderstreep.
- 6 In die laaste twee minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, en onderstreep die teikenklank.
- 7 Sê aan die leerders om met 'n kleurpotlood hulle eie werk te korrigeer.
- 8 Verduidelik aan leerders dat hulle sal leer om hierdie klank in KURSIEF in die volgende les te skryf.
- 9 Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Donderdae.

HANDSKRIF

Skryf Nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

Doelwit: Om uitdruklik en sistematies die leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme te skryf wat korrespondeer met die aangeleerde foneme.

- 1 Leer die leerders om korrek die kursiewe letter(s) te vorm vir die klank wat geleer is.
- 2 Leer die kleinletters sowel as die hoofletters vir elke letter.
- 3 Wys deur jou voorbeeld van die klank op die bord te skryf – verduidelik die lettervormingsproses soos jy skryf.
- 4 Sê aan linkshandige leerders om hulle koppe op die lessenaar te lê.
- 5 Staan dan met jou rug na die leerders en lig jou regterhand op.
- 6 Sê aan die regshandige leerders om jou te volg soos jy die letter(s) in die lug skryf.
- 7 Herhaal daarna hierdie proses met die linkshandige leerders.
- 8 Sê dan aan die leerders om saam met 'n maat te werk deur die klanke met hulle vingers op mekaar se rûe te skryf.
- 9 Vertel leerders hierna om die klank met hulle vingers op hulle lessenaars te skryf.
- 10 Laastens, wys leerders nog 'n keer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.
- 11 Leerders moet dan die klanke /woorde/ sinne in hulle boeke skryf. .
- 12 Wanneer voorbeelde van woorde gewys word, lê klem op hoe die kursiewe letters bymekaar kom of aanmekaar geskryf word.
- 13 Leerders moet die klank in enige woorde/sinne wat geskryf word, onderstreep.
- 14 Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.

FONETIEK

Letters Omruil: Donderdae

Doelwit: Om fonetiese kennis te remedieër of konsolideer. Om leesvaardighede te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en 'n enkele verandering in 'n woord te identifiseer wat die betekenis van die woord verander

Ek...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om na klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorkom op die bord, soos **bank**, **mank**
- 3 Verduidelik dat ons vandag gaan probeer om uit te vind watter klank verskillend is in die twee woorde.
- 4 Wys aan die leerders hoe om die verskil te vind, soos: **bank**, **mank**
- 5 Verduidelik die verskil, soos: die /b/ en /m/ klank is verskillend, maar alles verder in die woord is dieselfde!

Ons...**Deel 1**

- 1 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord, soos: **vrug, vlug**
- 2 Vra die aan die leerders: wat is die verskil tussen hierdie twee woorde?
- 3 Roep 'n leerder om na vore te kom en die verskil tussen die twee woorde te onderstreep, byvoorbeeld: **vrug, vlug**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

Deel 2

- 1 Vervolgens, skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord, soos **klank**
- 2 Vra aan die leerders: **Wat is die een klank wat jy in hierdie woord kan omruil om dit te verander na 'n verskillende woord?**
- 3 Skryf 'n lys van die leerders se idees op die bord, soos: **slank, flank, plank, blank, sak, pak**

Julle...

- 1 Skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord: **klank**
- 2 Vra die leerders: **Wat is een klank wat jy in hierdie woord kan vervang om sodoende 'n ander woord te maak?**
- 3 Sê aan die leerders om soveel as moontlik ander woorde te maak as wat hulle kan, deur net een klank in die woord te vervang.
- 4 Aan die einde van die les, roep die leerders saam terug.
- 5 Roep die leerders om vorentoe na die bord te kom en een van hulle woorde te skryf.
- 6 Gaan deur die woorde en verduidelik watter klank is omgeruil.
- 7 **Vlug, vrug, slank, klank, bank, mank**

FONETIEK**Woordsoek: Vrydae**

Doelwit: Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met outomatisme te verbeter.

Skryf die tabel op die bord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:

-ank	i	p	-s
d	t	a	-ge
l	e	kr	o

Wys deur jou voorbeeld.

- 1 Herinner leerders oor die klanke van die week: **/ank/** en **/kr/**
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
- 3 Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
- 4 Wys aan die leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik, soos:
- /a/ - /nk/ = **klank**
- 5 Herinner leerders dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke **/kl/** of **/rk/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, soos: **/t/ - /a/ - /s/ = tas**
- 7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

Leerders

- 1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl, kr**.
- 2 Sê dat leerders moet begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.



Gedeelde lees met begripsstrategieë

'n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

Maandag:	Pre-lees
Dinsdag:	Eerste lees
Donderdag:	Tweede lees
Vrydag:	Nalees

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met 'n handgebaar om hul lippe te seel)

Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:

- 1 Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.
- 2 Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n lesers wat vlot lees dophou.
- 3 Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis vas deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.
- 4 Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:
- 5 Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:
 - Voorspel
 - Visualiseer
 - Soek die teks
 - Opsomming
 - Dink oor die teks (wonder)
 - Maak konneksies
 - Maak afleidings
 - Evalueer

BEGRIPSSTRATEGIEË

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

Strategie 1: Voorspel	
Verduideliking	Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle <u>dink</u> gaan gebeur in die storie. Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig.
Doel	Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.

Stappe <i>(Om te voorspel met prente)</i>	<ol style="list-style-type: none"> 1 Kyk na die prent. 2 Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier? 3 Laat leerders dink oor die vraag. 4 As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag. 5 Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou.
Voorbeelde <i>(Om met prente te voorspel)</i>	<ol style="list-style-type: none"> 1 Wat dink julle gebeur hier? 2 Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom? 3 Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien?
Stappe <i>(Om met teks te voorspel)</i>	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees 'n bladsy van die teks. 2 Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur? 3 Laat leerders dink oor die vraag. 4 As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag.
Voorbeelde <i>(Om met teks te voorspel)</i>	<ol style="list-style-type: none"> 1 Wat dink julle gaan volgende gebeur? 2 Wat dink julle gaan die karakter volgende doen? 3 Hoe dink julle gaan die storie eindig?
Strategie 2: Visualiseer	
Verduideliking	Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos 'n toneel in 'n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien.
Doel	<i>Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos 'n toneel uit 'n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as 'n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.</i>
Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks op die bladsy. 2 Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na 'n fliek kyk. 3 Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet 'n fliek in hulle gedagtes maak. 4 Lees weer die teks. 5 Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.) 6 Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?) 7 Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het.
Voorbeelde	<ol style="list-style-type: none"> 1 Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het. 2 Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur?
Strategie 3: Soek die teks	
Verduideliking	Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep.
Doel	<i>Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy. Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na 'n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op 'n vraag te kry.</i>

Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks op die bladsy. 2 Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen? 3 Laat leerders die vraag antwoord. 4 NOTA: Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord.
Voorbeelde	<ol style="list-style-type: none"> 1 Wie wou Joe in die resies wen? 2 Wat het Joe gedoen voor die resies? 3 Wanneer het Joe ge oefen vir die resies? 4 Waar is die resies gehou?

Strategie 4: Opsomming

Verduideliking	Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het.
Doel	<i>'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.</i>
Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks. 2 Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het. 3 Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie. 4 Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel. 5 Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help.
Voorbeeld	<p>Storie: Joe wen die resies.</p> <p><u>Leerders kan die storie as volg opsom:</u></p> <p>Hierdie storie gaan oor 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.</p> <p>Ek het van die deel gehou waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.</p> <p>Ek het geleer dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees.</p>

Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)

Verduideliking	Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks.
Doel	<p><i>Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.</i></p> <p><i>Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.</i></p> <p><i>Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.</i></p> <p><i>Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.</i></p>

Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks op die bladsy. 2 Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.) 3 Sê: Ek sien/Ek let op 4 Sê: Ek wonder? 5 Leerders hoof nie die vraag te antwoord nie.
Voorbeeld	Ek sien hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. Ek wonder of dit vir Joe gaan ontstel?

Strategie 6: Maak konneksies

Verduideliking	Wanneer leerders <i>konneksies maak</i> , vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld).
Doel	<i>Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hulle reeds ken van die wêreld.</i>
Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks op die bladsy. 2 Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe? 3 Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees.

Strategie 7: Maak afleidings

Verduideliking	Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie. Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur.
Doel	<i>Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.</i>
Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks op die bladsy. 2 Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks? 3 Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie? 4 Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen? 5 Luister en bespreek leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies. 6 As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op Ek dink
Voorbeeld	Teks: My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk.

	Afleiding: Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy 'n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was.
Strategie 8: Evalueer	
Verduideliking	Wanneer ons 'n teks evalueer, maak ons 'n besluit oor 'n aspek van die teks.
Doel	<i>Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.</i>
Stappe	<ol style="list-style-type: none"> 1 Lees die teks. 2 Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik. Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie? 3 Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies. 4 Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: Ek dink x het die regte ding gedoen want x
Voorbeeld	Sommige evaluasie vrae kan begin met: <ol style="list-style-type: none"> 1 Dink jy 2 Stem jy saam met 3 Volgens jou opinie 4 Het jy gehou van

Hier onder is 'n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om 'n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

GEDEELDE LEES: PRE-LEES

BEGRIPSSTRATEGIE: VOORPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor 'n storie voor hulle dit lees.

- 1 Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
- 2 Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle 'n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waarom die storie gaan.
- 3 Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as 'n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waarom die storie gaan.
- 4 Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
- 5 Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
- 6 Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
 - a Wat sien jy in hierdie prent?
 - b Wat dink jy gebeur hier?
 - c Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

- 7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
- 8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
- 9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
- 10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

GEDEELDE LEES: EERSTE LEES

BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink aan die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n flik van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

- 1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
- 2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
- 3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
- 4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
- 5 Sodra jy 'n bladsy aan die leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
- 6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
- 7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
- 8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.

GEDEELDE LEES: TWEDE LEES**BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.**

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan die leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

- 1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
- 2 Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
- 3 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
- 4 Sodra jy 'n bladsy aan die leerders geles het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
- 5 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
- 6 Vra verskillende leerders om te antwoord.
- 7 Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
 - a Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
 - b Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
 - c Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
 - d Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
 - e Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

GEDEELDE LEES: NALEES

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:

- 1 Illustreer die teks.
- 2 Voer die storie op.
- 3 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
- 4 'n Geskrewe begripstoets.

ILLUSTREER DIE TEKS

- 1 Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of 'n skoon vel papier, potlode en kryte.
- 2 Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, 'n gebeurtenis of 'n item in die teks.
- 3 Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspaan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
- 4 Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
- 5 Dan moet leerders die aanvang van 'n sin/sinne gebruik om 'n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
- 6 Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

VOER DIE STORIE OP

- 1 Laat die leerders rustig op die mat, of op 'n stil plek buite sit.
- 2 Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
- 3 Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
- 4 Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
- 5 Voer die instruksies saam met die leerders uit.
- 6 Herhaal elke bladsy.
- 7 Leer leerders om te reageer op 'n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy 'n bladsy tussen aksies lees.

'N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.

- 1 Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
- 2 Volg die stappe in die lesplan om 'n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
- 3 Eerstens demonstreer jy 'n herhaling van iets uit die storie.
- 4 Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
- 5 Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
- 6 Laastens vra jy 'n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
- 7 Indien die les 'n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

'N GESKREWE BEGRIPSTOETS

- 1 Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
- 2 Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
- 3 Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

- 4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
- 5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
- 6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
- 7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
- 8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



Groepbegeleide Lees

Doelwit: Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:

- 1 Voordat jy met 'n groep met die groepbegeleide lees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en ontsyferbare werkkaarte.
- 2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
- 3 Oefen leerders op die roetine van Huistaal groepbegeleide lees soos volg:
 - a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
 - b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
 - c Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
 - d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
 - e Gee opdrag aan die klas om 'n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkkel, wikkkel, fries; of My stoel en ek.
 - *Nota: 30 minute is 'n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om 'n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om 'n pouse te hê en iets prettig en fisies te doen.*
 - f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
 - g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
 - h Roep 'n ander groep om vir jou te kom lees.
- 4 Dit is 'n goeie plan om 'n swak leser langs 'n sterker leser te laat sit, soos leerders die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur 'n eweknie kan plaasvind.

STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

- 1 Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 groepbegeleide lees sessies per week. Alhoewel, elke groep kry 'n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.
- 2 Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:
 - a Die mond herinner leerders om woorde te klank.
 - b Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.
 - c Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.
 - d Die twee kinders herinner leerders om saam met 'n maat te lees.
 - e Die hand wat 'n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.
- 3 'n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR GROEPBEGELEIDE LEES

- 1 Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.
- 2 Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.
- 3 Deel leerders in dieselfde bekwaamheids groepe.
- 4 In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk. .
- 5 In jou Kontrolelys sal jy 'n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en 'n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.
- 6 **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.
- 7 Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as 'n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.
- 8 **In 'n klas van 40 leerders, mag daar:**
 - Geen vol groep op vlak 1 nie, slegs 'n paar individuele leerders.
 - 1 groep op vlak 2
 - 2 of 3 groepe op vlak 3
 - 2 of 3 groepe op vlak 4
 - 1 of 2 groepe op vlak 5

Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 1	Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 2	Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 3	Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 4	Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 5
<ul style="list-style-type: none"> Hierdie leerder ken geen of baie min woorde. Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie. 	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie leerder ken slegs 'n paar gewone woorde. Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige ongesiene woorde te lees. 	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie leerder ken baie algemene woorde. Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer. 	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer. Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende ongesiene woorde te ontsyfer. Hierdie leser lees ietwat vlot. 	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie leerder ken baie algemene woorde. Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer. Hierdie leerder lees vlot en met intonasie. Hierdie is een van die beste lesers in die klas.

WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS GROEPBEGELEIDE LEES:

- 1 Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
 - a Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
 - b Plaas die groep in 'n sirkel.
 - c Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
 - d Gee hierna 'n paar minute aan die leerders om 'n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
 - e Vra dan aan elke leerder om 'n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.
- 2 Gedurende groepbegeleide lees, is dit belangrik om te onthou:
 - a **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
 - b **Bou van ontsyfervaardighede.** As 'n leerder 'n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
 - c **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van groepbegeleide lees 'n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

- d Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter. Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat. Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.
- e Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waarom hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees, indien hulle die spoor verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om 'n fliek in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:

- 1** Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
- 2** Pas hierdie werkkaarte op en bêre dit behoorlik na gebruik.
- 3** Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

ALTERNATIEF TOT GROEPBEGELEIDE LEES

Onthou dat die doel van Groepbegeleide Lees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na 'n groepslees luister, is daar 'n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende groepbegeleide lees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

- 1** Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
- 2** Roep daarna individuele leerders een op 'n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
- 3** Luister na elke leerder wat van 'n toepaslike vlak teks lees.
- 4** Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
- 5** Gee na 15 minute opdrag aan die klas om 'n oorgangsaktiwiteit te doen.
- 6** Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
- 7** Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
- 8** Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sa luister.



Prosesskryf

Doel: *Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry'.*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

BEPLAN SKRYFWERK

- 1 In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
 - a 'n Lys
 - b 'n Breinkaart
- 2 Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
- 3 Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
- 4 Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
- 5 Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
- 6 Laat leerders toe om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
- 7 Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

SKRYFROFWERK

- 1 Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
- 2 Verduidelik kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
- 3 Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
- 4 Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

REDIGERING VAN SKRYFWERK

- 1 Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die bord.
- 2 Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
- 3 Jy mag dalk vir die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
- 4 Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROO

- 1 Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
- 2 Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
- 3 Gee aan verkillende leerders die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
- 4 Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op 'n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
- 5 Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
- 6 Onthou weereens dat selfvertroue 'n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.



Skryfstrategieë

***Doel:** Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

- 1 Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
- 2 Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
- 3 Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
- 4 Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
- 5 Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar 'n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK

- a Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
- b Die leerders kry 'n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.

STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF

- a Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
- b Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
- c Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
- d Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD

- a Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
- b Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
- c Lyne moet van links na regs op die bladsy getrek word.
- d Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
- e Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
- f Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
- g Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
- h Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF

- a Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
 - Woorde op die muur
 - Ander boeke
 - Spellyste
 - Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF

- a Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG

- a** Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
- b** Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
- c** Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is 'n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF

- a** Leerders lees hul sin hardop aan hulself of 'n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan 'n klasmaat te lees.
- b** Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
- c** Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
- d** Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS

- a** Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na 'n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
- b** Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
- c** Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES

- a** Dit is 'n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
- b** Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat 'n leerder sukkel.
- c** Hou mini konferensies met daardie leerder.
- d** Gaan die leerder se werk na, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
- e** Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational fields: science (flasks, atoms, globes), mathematics (calculators, rulers, compasses), arts (pencils, paint palettes), and general learning (books, lightbulbs, speech bubbles).

Graad 3

TERMIYN 4

Week

1

TEMA:

**Die belangrikheid
van opvoeding**



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: prente van skole in verskillende plekke in die wêreld; prente van Suid Afrikaanse universiteite; 'n foto en nuusberig oor Rebeca Gyumi
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Redes waarom leerders vroeg skool verlaat.
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 60, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 61–62, Ons doen

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 65, Ons praat

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor iets wat jy van jou in die skool.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van Rebeca Gyumi in die Grootboek storie: 'n Lewe sonder grense
- 2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Die belangrikheid van opvoeding
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Wat is opvoeding?
 - b Waarvan hou jy om van te leer by die skool?
 - c Waarom dink jy is opvoeding belangrik?

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - opvoeding
 - laerskool
 - hoërskool
 - universiteit

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
- 3 Skryf die volgende sin op die swartbord, langs nommer 1: **Ek trek my baadjie aan, ek hou van my baadjie.**
- 4 Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:

- 2 Hy
- 3 Ons
- 4 Sy
- 5 Hulle
- 5 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
- 6 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 7 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
- 8 Onderstreep die patrone soos volg:
 - 1 Ek trek my baadjie aan, ek hou van my baadjie.
 - 2 Hy trek sy baadjie aan, hy hou van sy baadjie.
 - 3 Ons trek ons baadjies aan, ons hou van ons baadjies.
 - 4 Sy trek haar baadjie aan, sy hou van haar baadjie.
 - 5 Hulle trek hulle baadjies aan, hulle hou van hulle baadjies.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Voorlees

BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: 'n Lewe sonder grense
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.



Skryfwerk:

30 minute

Beplan En Opstel

WEEK 1

ONDERWERP: Skryf twee paragrawe oor jou drome en doele vir die toekoms.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

BEPLANNINGSTRATEGIE: Maak 'n lys

STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

- 1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou paragrawe, soos:
Toe ek jonk was, was dit my droom om 'n onderwyser te word. Ek wou 'n onderwyser word want ek dink opvoeding is baie belangrik. Ek wou seker maak dat kinders 'n goeie opvoeding ontvang.

DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

- 1 Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
- 2 Wys aan die leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
- 3 Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

Beplannings Vrae	Plan
<p>Paragraaf 1</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Wat is jou droom of doel vir die toekoms? 2 Hoe dink jy sal dit lyk? 3 Waarom is dit jou droom of doel? 4 Hoe voel jy as jy aan jou droom of doel dink? <p>Paragraaf 2</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Wat dink jy moet jy doen om jou droom waar te laat word? 2 Wat is jou plan om jou doel te bereik? 3 Hoe dink jy gaan jy voel terwyl jy werk om jou doel te bereik? 4 Hoe dink jy gaan jy voel as jy jou doel bereik? 	<p>Paragraaf 1</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Om 'n onderwyser te wees. 2 'n Klaskamer vol leerders met my wat voor staan en bly is om klas te gee. 3 Want opvoeding is belangrik. 4 Ek is opgewonde om kinders te help. <p>Paragraaf 2</p> <ol style="list-style-type: none"> 1 Ek moet Universiteit toe gaan en onderwys studeer. 2 Ek moet hard werk op skool en by die Universiteit aansoek doen om onderwys te studeer. 3 Ek dink dit gaan harde werk wees 4 Ek sal trots asook verlig voel want ek het my doel bereik.

LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

- 1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan hulle drome en doele vir die toekoms.
- 2 Sê aan leerders om **te draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle eie stories.
- 3 Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
- 4 Deel leerders se boeke uit.
- 5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
- 6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.

Plan

Paragraaf 1

1. Om dokter te wees
2. 'n Hospitaal met mense wat my hulp nodig het
3. Omdat ek mense wil help
4. Opgewonde om die beste dokter te wees

Paragraaf 2

1. Ek moet lank universiteit toe gaan en studeer.
2. Werk hard op skool, doen aansoek by die Universiteit, studeer hard.
3. Ek dink ek sal opgewonde, maar moeg wees.
4. Ek sal trots wees op myself en opgewonde om uiteindelik my doel te bereik.



Groepbegeleide Lees

30 minute

WEEK 1

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werkkaart 1** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **lp**
- 2 Sê die woord: **tulp**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /t/-/u/-/lp/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /t/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /u/
- 6 Sê die endklank van die woord: /lp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **tulp**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/t/-/u/-/lp/ = **tulp**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **lp**
- 2 Sê die woord: **skulp**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /sk/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /u/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /lp/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /sk/-/u/-/lp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **skulp**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/sk/-/u/-/lp/ = **skulp**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **lp woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **tulp**
 - 2 **help**
 - 3 **skulp**
 - 4 **hulp**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____







Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **lp**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûte te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.






hulp



Ons tel 'n mooi skulp op



by die see.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>'n Lewe sonder perke</p> <p><i>Hierdie storie is gebaseer op die lewe van Rebecca Gyumi. Die feite van haar lewe is waar, maar die details is fiktief. Die storie is gebaseer op inligting uit die artikel:</i></p> <p>https://edition.cnn.com/2018/12/12/africa/gyumi-un-human-rights-prize/index.html</p>	
<p>Rebeca het haar lewe lank gewag om skool toe te gaan! Sedert sy 'n klein babatjie was, het haar ouers haar vertel hoe belangrik goeie opvoeding was.</p> <p>"Skool is so belangrik," het haar ma gekoer.</p> <p>"Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!" het haar tannie vir haar gesing.</p>	-

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>As 'n jong kind, was Rebeca mal oor skool. Sy was vriende met baie slim en talentvolle meisies in Laerskool Mazengo in Dodoma, haar dorpie in Tanzanië.</p> <p>“Skool is belangrik!” het haar ma elke oggend gesê.</p> <p>“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie haar elke middag vertel.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca lief was vir skool, want sy is altyd vertel oor die belangrikheid van 'n goeie opvoeding!</p>
<p>Soos Rebeca ouer geword het, het sy gesien dat sommige van die meisies in haar klas opgehou het om skool toe te kom. Rebeca het gevoel sy kan enige iets doen met 'n opvoeding! Sy kon egter sien dat nie al die meisies dieselfde boodskap as sy, by die huis gekry het nie.</p>	<p>Kom ons maak 'n afleiding oor die probleem in die storie: nie alle mense dink meisies het 'n opvoeding nodig nie.</p>
<p>Daar was minder en minder meisies in haar klasse by Hoërskool Kilakala.</p> <p>“Waarheen is Adla?” het Rebeca haar vriendin Joyce eendag gevra, terwyl hulle na skool huis toe loop.</p> <p>“O, sy het nou 'n man,” antwoord Joyce.</p> <p>“En onthou jy vir Zahra?” vra Joyce. “Sy is ook getroud, so sy kom nie meer skool toe nie.”</p> <p>“Zahra was so goed in wiskunde. Ek het altyd gedink sy gaan 'n dokter word” sê Rebeca</p> <p>“Hoekom het nie een van die seuns skool verlaat nie, maar so baie meisies het?” wonder Rebeca.</p>	<p>Dit vertel ons meer van die probleem! Ek lees dat wanneer meisies trou, moet hulle skool verlaat. Ek maak die afleiding dat baie slim meisies skool verlaat het.</p>
<p>Daardie aand, vertel Rebeca haar ma van al die meisies wat skool verlaat het.</p> <p>“Asseblief laat my in die skool bly!” huil Rebeca.</p> <p>“Skool is so belangrik!” het haar ma geantwoord, “vir meisies en vir seuns!”</p> <p>“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie herhaal.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca se ma dink opvoeding is belangriker as om te trou, want Rebeca sal enige iets kan doen! Ek dink nie hulle sal haar toelaat om skool te verlaat nie.</p>
<p>Rebeca voel so gelukkig. Sy wens al die meisies in haar klas het dieselfde ondersteuning by die huis gehad. Rebeca besluit sy gaan haar opvoeding gebruik om meisies soos sy te help.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca gaan help om die probleem op te los, selfs al het die probleem nie dieselfde invloed in haar eie lewe nie.</p>
<p>By die Universiteit van Dar es Salaam, het Rebeca besluit om regte te studeer. Sy het oor Tanzania se reg geleer, wat toegelaat het dat meisies op 'n baie jong ouderdom trou – slegs 14 jaar oud. Die ouderdom vir seuns was egter 18! “Dit moet wees hoekom so baie meisies skool verlaat,” het Rebeca gedink. “Ek gaan hierdie wet verander!”</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca regte gaan studeer het om hierdie probleem op te los! Sy moet regtig omgee, om hierdie probleem te wil oplos.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Nadat sy haar graad gekry het, het Rebecca en haar kollegas hard gewerk om die wet te verander. Baie mense het gesê hulle gaan Tanzanië se tradisies teë. Rebeca het nie saamgestem nie. "Enige tradisie wat meisies benadeel, is nie 'n tradisie wat ons moet hou nie!" het sy geargumenteer.</p>	<p>–</p>
<p>Rebeca en haar kollegas het hulle argumente voor die regters van Tanzanië se Hooggeregshof voorgelê. Die regters het met Rebeca se span saamgestem en besluit om die Tanzaniese wet te verander. Dit het beteken dat die ouderdom vir meisies om wettiglik te trou verander het na 18, dieselfde as vir die seuns!</p>	<p>Ek maak die afleiding dat ander mense in Tanzanië dieselfde probleem as Rebeca gesien het en hulle wou dit ook regstel!</p>
<p>Selfs al het die wet verander, het Rebeca nog nie opgehou om vir die regte van meisies te veg nie. Rebeca werk steeds volstoom om seker te maak meisies weet dat skool belangrik is en dat opvoeding hulle 'n lewe sonder perke sal gee!</p>	<p>Rebeca se span het die hofsaak gewen! Ek maak die afleiding dat die probleem nog nie heeltemal opgelos is nie, want Rebeca werk steeds om alle meisies toegang tot 'n goeie opvoeding te gee!</p>
Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonse
<p>Waar vind die storie plaas?</p>	<p>In Tanzanië.</p>
<p>Wat is die probleem in die storie?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die probleem is dat meisies die skool baie vroeg verlaat. • Die probleem is dat sommige mense nie dink opvoeding is belangrik vir meisies nie.
<p>Wat het Rebeca probeer doen om die probleem op te los?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het besluit om 'n prokureur te word. • Sy het teen die onbillike wette geveg.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoekom dink jy het Rebeca aanhou skoolgaan?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat haar familie gedink het opvoeding is baie belangrik. • Omdat haar familie wou hê sy moet 'n lewe sonder perke hê. • Omdat sy altyd vertel is opvoeding is die belangrikste ding – vir meisies en seuns.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - gegraduateerde
 - uitval
 - geleentheid

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

WEEK 1

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **nd**
- 2 Sê die woord: **mond**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /**m**/-/o/-/nd/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /**m**/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /o/
- 6 Sê die endklank van die woord: /**nd**/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **mond**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/m/-/o/-/nd/ = **mond**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **nd**
- 2 Sê die woord: **tand**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /**t**/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /**a**/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /**nd**/
- 6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer:
/t/-/a/-/nd/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **tand**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/t/-/a/-/nd/ = **tand**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **nd woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **mond**
 - 2 **tand**
 - 3 **eend**
 - 4 **kind**
 - 5 **oond**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____








Handskrif:


15 minute


Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif


- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **nd**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



 kind

 oond

 Heksie het een tand in

 haar mond.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Rofwerk / Opstel

ONDERWERP: Skryf twee paragrawe oor jou drome en doele vir die toekoms.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

My droom is om 'n ...

Dit is my droom want ...

As ek my verbeel ... sien ek...

Ek voel

Paragraaf 2

My plan om my doel te bereik is...

Ek moet ...

Ek dink dit gaan ...

Wanneer ek my doel bereik, dink ek dat ...

VOORBEREIDING: Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
- 2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
- 3 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
My droom is om 'n laerskool onderwyser te word. **Dit is my droom want** ek dink opvoeding is baie belangrik. Ek wil seker maak dat kinders goeie opvoeding ontvang. Ek hou ook daarvan om met kinders te werk. **As ek my verbeel** hoe dit gaan wees om 'n onderwyser te wees **sien ek** 'n klaskamer vol opgewonde kinders. **Ek voel** opgewonde om een dag klas te gee.
My plan om my doel te bereik is om universiteit toe te gaan en onderwys te studeer. My plan is om na die Universiteit van Pretoria toe te gaan. **Ek moet** hard werk op skool en daarna by die universiteit aansoek doen. **Ek dink dit gaan** baie harde werk vereis om my doel te bereik. Ek dink dit sal die moeite werd wees. **Wanneer ek my doel bereik, dink ek dat** ek trots en verlig gaan voel om 'n onderwyser te wees! My gesin sal ook trots wees.

LEERERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My drome en doele: Rofwerk / Opstel**
- 3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
- 4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
- 5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
- 6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
- 7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

My drome en doelwitte: Konsep

Paragraaf 1

My drome is om dokter te word.

Dit is my drome omdat ek mense wat siek is, wil help. As ek my voorstel dat ek 'n dokter is, dink ek aan 'n hospitaal vol mense wat my hulp nodig het.

Ek voel baie opgewonde om eindag die beste dokter te word.

Paragraaf 2

My plan om my doel te bereik, is om universitet toe te gaan om medies te studeer.

Ek sal baie hard op skole moet werk sodat ek universitet toe kan gaan.

Ek dink dit sal opwindend weis, maar baie harde werk. Ek sal moeg weis. As ek uiteindelik my doelwit bereik, dink ek my gesin sal so trots weis op my en sal ek baie opgewonde weis.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **tulp, hulp**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **tulp, hulp**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /t/ en /h/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **oond, eend**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **oond, eend**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **hulp**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **tulp, help, skulp**


JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **mond**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
oond, eend, kind, tand

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>'n Lewe sonder perke</u></p> <p><i>Hierdie storie is gebaseer op die lewe van Rebecca Gyumi. Die feite van haar lewe is waar, maar die details is fiktief. Die storie is gebaseer op inligting uit die artikel:</i></p> <p><i>https://edition.cnn.com/2018/12/12/africa/gyumi-un-human-rights-prize/index.html</i></p>	
<p>Rebeca het haar lewe lank gewag om skool toe te gaan! Sedert sy 'n klein babatjie was, het haar ouers haar vertel hoe belangrik goeie opvoeding was.</p> <p>“Skool is so belangrik,” het haar ma gekoer.</p> <p>“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie vir haar gesing.</p>	<p>Ek onthou dat al die meisies in Rebeca se klas nie dieselfde boodskap oor opvoeding by die huis gekry het nie! Ek maak die afleiding dat Rebecca se familie opvoeding vir meisies belangriker ag as die meeste ander families.</p>
<p>As 'n jong kind, was Rebeca mal oor skool. Sy was vriende met baie slim en talentvolle meisies in Laerskool Mazengo in Dodoma, haar dorpie in Tanzanië.</p> <p>“Skool is belangrik!” het haar ma elke oggend gesê.</p> <p>“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie haar elke middag vertel.</p>	<p>–</p>
<p>Soos Rebeca ouer geword het, het sy gesien dat sommige van die meisies in haar klas opgehou het om skool toe te kom. Rebeca het gevoel sy kan enige iets doen met 'n opvoeding! Sy kon egter sien dat nie al die meisies dieselfde boodskap as sy, by die huis gekry het nie.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca nie verstaan het hoekom meisies opgehou het om skool toe te kom nie, want sy is net altyd vertel hoe belangrik 'n goeie opvoeding is!</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Daar was minder en minder meisies in haar klasse by Hoërskool Kilakala.</p> <p>“Waarheen is Adla?” het Rebeca haar vriendin Joyce eendag gevra, terwyl hulle na skool huis toe loop.</p> <p>“O, sy het nou ‘n man,” antwoord Joyce.</p> <p>“En onthou jy vir Zahra?” vra Joyce. “Sy is ook getroud, so sy kom nie meer skool toe nie.”</p> <p>“Zahra was so goed in wiskunde. Ek het altyd gedink sy gaan ‘n dokter word” sê Rebeca</p> <p>“Hoekom het nie een van die seuns skool verlaat nie, maar so baie meisies het?” wonder Rebeca.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca verward voel, omdat meer meisies as seuns die skool verlaat!</p>
<p>Daardie aand, vertel Rebeca haar ma van al die meisies wat skool verlaat het.</p> <p>“Asseblief laat my in die skool bly!” huil Rebeca.</p> <p>“Skool is so belangrik!” het haar ma geantwoord, “vir meisies en vir seuns!”</p> <p>“Jou opvoeding sal jou ‘n lewe sonder perke gee!” het haar tannie herhaal.</p>	<p>Rebeca is verward. Ek maak die afleiding dat sy ook bang is dat sy gedwing gaan word om skool te verlaat, net soos die ander meisies saam met wie sy grootgeword het!</p>
<p>Rebeca voel so gelukkig. Sy wens al die meisies in haar klas het dieselfde ondersteuning by die huis gehad. Rebeca besluit sy gaan haar opvoeding gebruik om meisies soos sy te help.</p>	<p>–</p>
<p>By die Universiteit van Dar es Salaam, het Rebeca besluit om regte te studeer. Sy het oor Tanzania se reg geleer, wat toegelaat het dat meisies op ‘n baie jong ouderdom trou – slegs 14 jaar oud. Die ouderdom vir seuns was egter 18! “Dit moet wees hoekom so baie meisies skool verlaat,” het Rebeca gedink. “Ek gaan hierdie wet verander!”</p>	<p>O! Ek maak die afleiding dat toe Rebeca hierdie wet gelees het, sy die probleem beter verstaan het. Meisies het skool verlaat omdat hulle soveel jonger as seuns getrou het!</p>
<p>Nadat sy haar graad gekry het, het Rebecca en haar kollegas hard gewerk om die wet te verander. Baie mense het gesê hulle gaan Tanzanië se tradisies teë. Rebeca het nie saamgestem nie. “Enige tradisie wat meisies benadeel, is nie ‘n tradisie wat ons moet hou nie!” het sy geargumenteer.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat Rebeca vasbeslote was om die probleem op te los, sodat alle meisies geweet het dat hulle kon besluit wat hulle wil doen.</p>
<p>Rebeca en haar kollegas het hulle argumente voor die regters van Tanzanië se Hooggeregshof voorgelê. Die regters het met Rebeca se span saamgestem en besluit om die Tanzaniese wet te verander. Dit het beteken dat die ouderdom vir meisies om wettiglik te trou verander het na 18, dieselfde as vir die seuns!</p>	<p>–</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
Selfs al het die wet verander, het Rebeca nog nie opgehou om vir die regte van meisies te veg nie. Rebeca werk steeds volstoom om seker te maak meisies weet dat skool belangrik is en dat opvoeding hulle 'n lewe sonder perke sal gee!	Ek maak die afleiding dat Rebeca vasbeslote is om aan te hou veg vir meisies om dieselfde geleenthede as sy te hê, as gevolg van haar opvoeding.
Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Wie het vir Rebeca vertel opvoeding is belangrik?	Haar familie.
Hoekom het meisies voor seuns die skool verlaat?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat hulle getrou het. • Omdat die wet gesê het meisies kan op 'n jonger ouderdom as seuns trou.
Kan jy 'n afleiding maak oor Rebeca? Watter tipe persoon dink jy is sy?	Ek dink sy is ... want ...
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom dink jy was Rebeca Gyumi gedetermineerd om die Tanzaniese wet te verander?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat sy geleer is dat opvoeding die belangrikste ding is. • Omdat sy gesien het dat meer meisies as seuns die skool as gevolg van die wet verlaat. • Omdat sy seker wou maak alle meisies kry 'n opvoeding voordat hulle trou. • Omdat sy wou hê meisies moet weet hulle kan enige iets wees wat hulle wil! • Omdat sy gesien het die wet het 'n negatiewe impak op die meisies in haar gemeenskap.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

WEEK 1

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - wet
 - prokureur
 - regter
 - hofsaal

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
 - Die storie handel oor ...
 - Een ding wat ek by die storie geleer het is ...
 - Die storie hou verband met die tema 'Die belangrikheid van opvoeding' want ...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

lp	nd	u
e	a	t
h	k	s
o	m	i

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/lp/** en **/nd/**
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/k/-/i/-/nd/ = kind
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/lp/** of **/nd/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/m/-/a/-/t/ = mat**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **lp, nd**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **tulp, help, skulp, hulp, mond, tand, eend, kind, oond, mat, kis, kaas, soom, taai, koei**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

WEEK 1

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP

MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
- 2 Ons gaan ook 'n afleiding oor Rebeca Gyumi maak.
- 3 Ons gaan die storie 'n punt uit vyf sterre toe ken. Ons gee 'n storie vyf sterre as ons daarvan gehou het. Ons gee 'n storie nul sterre as ons nie daarvan gehou het nie.
- 4 Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
- 5 Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
 - Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
 - Ek het daarvan gehou toe ...**
 - Ek dink Rebeca Gyumi is...want ...**
 - Uit vyf sterre sal ek ... ster(re) aan die storie toe ken want....**
- 6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.

Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: **Die storie handel oor** Rebeca Gyumi wat veg om die wet in Tanzanië te verander. Sy werk om die trou ouderdom ouer te maak sodat meisies skool toe kan gaan in plaas daarvan om te trou. **Ek het daarvan gehou toe** Rebeca 'n prokureur geword het en kon werk om goed in haar land te verander. **Ek dink Rebeca Gyumi is braaf want** sy werk om die wet te verander al stem ander mense nie met haar saam nie. **Uit vyf sterre sal ek vyf sterre aan die storie toe ken want** ek dink dat Rebeca Gyumi 'n belangrike persoon is om oor te leer!
- 7 Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
- 8 Gee opdrag aan die leerders om **te draai en met 'n maat te praat** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
- 9 Kry die leerders se aandag.
- 10 Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.

Skep 'n klas opsomming soos: **Die storie handel oor** 'n meisie met die Rebeca Gyumi wat in Tanzanië woon. Sy werk om seker te maak dat meisies geleenthede het om skool toe te gaan. In die storie, veg sy om die trou ouderdom te verander. **Ons het daarvan gehou toe** Rebeca 'n prokureur geword het en kon werk om goed in haar land te verander. **Ons dink Rebeca Gyumi is slim want** sy het 'n prokureur geword en het die wet verander. **Uit vyf sterre sal ons drie sterre aan die storie toeken want** party mense het van die storie gehou maar ander het dit oninteressant gevind.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie prosesse van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational fields: science (flasks, beakers, globes, atoms), mathematics (calculators, rulers, compasses, triangles), arts (pencils, paint palettes, brushes), and general education (books, graduation caps, speech bubbles, lightbulbs).

Graad 3

TERMIYN 4

Week

2

TEMA:

**Die belangrikheid
van opvoeding**



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Fotos van jouself toe jy op skool was; 'n foto en nuusberig oor Malala Yousafzai
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Gratis opvoedkundige hulpbronne wat leerders op hulle slimfone toegang kan kry.
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 70, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 71–73, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 74, Ons lees en Bladsy 75–77, Ons skryf

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor een rede waarom skool vir jou belangrik is.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van Malala Yousafzai in die Grootboek storie: Malala se stryd vir opvoeding
- 2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Die belangrikheid van opvoeding
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Watter geleenthede kan opvoeding vir ons gee?
 - b Waarom dink jy is opvoeding belangrik? (What het ons reeds geleer?)
 - c Waarom het Rebeca Gyumi gedink opvoeding is belangrik?

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - diskriminasie
 - geslag
 - geslagsdiskriminasie

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Woorde** neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.
- 3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 boks
- 2 glas
- 3 strand
- 4 borsel
- 5 bord
- 4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.
- 5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte woorde op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.
- 7 Onderstreep die patrone soos volg:

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 boks
bokse
- 2 glas
glase
- 3 strand
strande
- 4 borsel
borsels
- 5 bord
borde
- 8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Voorlees**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Malala se stryd vir opvoeding
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

WEEK 2

**Skryfwerk:**

30 minute

Redigeer

ONDERWERP: Skryf twee paragrawe oor jou drome en doele vir die toekoms.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

VOORBEREIDING:

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

REDIGERING KONTROLELYS:

- 1 Het ek my doel beskryf?
- 2 Het ek die toekomstige tyd gebruik?
- 3 Het ek in die eerste persoon perspektief geskryf?
- 4 Het ek ten minste twaalf sinne in twee paragrawe geskryf?
- 5 Het ek al die woorde reg gespel?
- 6 Begin elke sin met 'n hoofletter?
- 7 Eindig elke sin met die regte leesteken?

DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
- 2 Lees jou rofwerk/opstel hardop vir die leerders.
- 3 Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
- 4 Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

LEERERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
- 3 Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
- 4 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
- 5 Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
- 6 Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
- 7 Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

My drome en doelwitte: Konsep

Paragraaf 1

My ~~drome~~^{droom} is om dokter^{ky} te word.

Dit is my ~~drome~~^{droom} omdat ek mense wat siek is, wil help. As ek my voorstel dat ek 'n dokter^{ky} is, dink ek aan 'n hospitaal vol mense wat my hulp nodig het.

Ek voel baie opgewonde om eendag die beste dokter te word.

Paragraaf 2

My plan om my doel te bereik, is om universiteitⁱ toe te gaan om mediese te studeerⁱ.

Ek sal baie hard op ~~skole~~^{skool} moet werk sodat ek universiteitⁱ toe kan gaan.

Ek dink dit sal opwindend wees^e, maar baie harde werk. Ek sal moeg wees^e. As ek uiteindelik my doelwit bereik, dink ek my gesin sal so trots wees^e op my en sal ek baie opgewonde^e wees.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **ns**
- 2 Sê die woord: **wens**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /w/-/e/-/ns/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /w/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /e/
- 6 Sê die endklank van die woord: /ns/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **wens**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/w/-/e/-/ns/ = **wens**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **ns**
- 2 Sê die woord: **bons**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /b/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /ns/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /b/-/o/-/ns/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **bons**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/b/-/o/-/ns/ = **bons**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **ns woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **dans**
 - 2 **wens**
 - 3 **wins**
 - 4 **bons**
 - 5 **kuns**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____





Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ns**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.




dans





wens



wins

 *bons*

 *kuns*

 *Ons dans by die partytjie.*

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Malala se stryd vir opvoeding</p> <p><i>Het jy geweet dat daar regoor die wêreld, meer as 130 miljoen meisies as gevolg van geslagsdiskriminasie nie in die skool is nie? Malala Yousafzai het dit haar lewenstaak gemaak om meisies oor die hele wêreld toegang tot opvoeding te gee.</i></p>	<p>Ek onthou ons het verlede week oor nog 'n meisie gelees wat geveg het vir opvoeding vir meisies – Rebeca Gyumi. Kom ons sien ooreenkomste tussen hierdie twee stories wanneer ons dit vandag lees!</p>
<p>Malala is op 12 Julie 1997 in Mingora, Pakistan gebore. "As sy net 'n seun was!" het een van die bure vir Ziauddin, Malala se pa, gesê.</p> <p>"Wat sal jy doen met 'n meisie? – sy sal nooit vir jou rykdom bring nie!" het 'n ander een kopskuddend gesê. "Ek sal vir klein Malala elke geleentheid gee wat 'n seun sou hê," het haar pa geantwoord, terwyl hy na sy babadogter kyk.</p>	<p>Ek onthou in die storie van Rebeca dat nie alle mense dink meisies het 'n opvoeding nodig nie. Ek dink dit moet regoor die wêreld waar wees – want Rebeca was van Tanzanië en Malala is van Pakistan.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Ziauddin het sy belofte aan Malala gehou en vir haar elke geleentheid wat 'n seun sou kry gegee. Hy het begin met 'n skool vir meisies in Mingora.</p> <p>“Hoekom begin jy 'n skool vir meisies?” het een van sy bure uitgeroep, soos Ziauddin werk toe loop.</p> <p>“Wat is die punt daarvan om vir meisies 'n opvoeding te gee?” het 'n ander een kopskuddend gesê.</p> <p>“Dit is my plig om seker te maak dat die meisies in ons dorp dieselfde geleenthede as seuns kry,” het Malala se pa ferm geantwoord.</p> <p>Hy het gekyk hoe sy klein Malala groot word en leer saam met die ander meisies van Mingora.</p>	<p>Beide Malala en Rebeca Gyumi het families gehad wat hulle ondersteun. Beide families het seker gemaak dat hulle dogters 'n goeie opvoeding kry.</p>
<p>Alles het verander toe die Taliban die dorpie oorgeneem het. Die lewe het op baie maniere verander. Om 'n televisie te besit is verban. Om musiek te speel is verban. Meisies is ook verbied om skool toe te gaan.</p>	<p>In Tanzanië, het die vroeë trou ouderdom veroorsaak dat meisies vroeg die skool verlaat het. In Pakistan het die Taliban 'n wet gemaak om meisies heeltemal uit die skool te hou. Ek sien 'n verband, regoor die wêreld is daar wette wat dit vir meisies moeilik maak om skool toe te gaan.</p>
<p>Die Taliban het reeds meer as 'n 100 meisieskole opgeblaas teen die tyd dat hulle vir Ziauddin gesê het om die skool se deure te sluit.</p> <p>“Ek wou vir Malala en die ander meisies dieselfde geleentheid gee as wat seuns het – maar ek kan hulle nie in gevaar stel nie,” dink Ziauddin.</p> <p>Malala het met tranes in haar oë haar klasmaats gegroet. Sy het nie geweet of sy ooit weer in 'n klaskamer met haar vriende sou wees nie.</p>	<p>Ek maak die afleiding dat regoor die wêreld, daar baie slim meisies is wat skool moet verlaat as gevolg van geslagsdiskriminasie.</p>
<p>Ziauddin het aangehou om vir Malala baie dinge tuis te leer, maar Malala het dit gemis om saam met ander meisies by die skool te leer.</p>	<p>Selfs al het beide Rebeca en Malala aanhou leer, het nie al die meisies rondom hulle dieselfde geleenthede as hulle gehad nie.</p>
<p>In September 2008 het Ziauddin Malala na die Peshwar Persklub geneem, dit was 'n organisasie vir joernaliste. Daar het Malala haar eerste toespraak gegee.</p> <p>“Hoe durf die Taliban my basiese reg tot opvoeding wegneem?” het Malala die gehoor gevra. Die volgende dag het haar toespraak verskyn in koerante en televisiekanale regoor Pakistan.</p> <p>Malala het geweet haar toespraak gaan die Taliban kwaad maak, maar sy het besluit sy kan nie stil bly nie – selfs al maak dit van haar 'n teiken.</p>	<p>Beide Rebeca en Malala het opgestaan vir dit waarin hulle glo. Hulle het beide geveg vir meisies om toegang tot opvoeding te hê.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Malala het aangehou om op te staan vir haar reg tot 'n opvoeding. Sy het begin om 'n blog te skryf, sodat mense regoor die wêreld haar stryd kon verstaan. Sy het ook op televisie verskyn.</p> <p>“Hoe kan jy toelaat dat Malala op die televisie oor opvoeding vir meisies praat?” het een van die bure vir Ziauddin gefluister.</p> <p>“Volg net die Taliban se reëls!” het 'n ander een kopskuddend geraas.</p> <p>“Ek het vir Malala dieselfde geleentheid as vir seuns gegee en nou staan sy vir haarself op,” het haar pa trots geantwoord.</p>	<p>Daar was mense wat wou hê beide Rebeca en Malala moet ophou om op te staan vir hulle regte, maar hulle het net aangehou veg vir hulle regte.</p>
<p>Soos wat Malala bekendheid verwerf het, het sy 'n teiken geword en baie doodsdreigemente ontvang. Malala was bang, maar haar vrees het haar nie gekeer om op te staan vir ander meisies nie.</p>	<p>–</p>
<p>In Oktober 2012, op pad huis toe na 'n eksamen, het 'n gemaskerde gewapende man op Malala se bus geklim. “Wie is Malala?” het hy gevra. Toe het hy haar aan die linkerkant van haar kop geskiet.</p> <p>Malala was ernstig gewond, maar sy het steeds gelewe. Sy is met 'n helikopter van een militêre hospitaal na 'n ander een in Pakistan geneem. Later is sy na Brittanje geneem vir behandeling.</p> <p>Toe die Taliban uitvind dat Malala die aanval oorleef het, het hulle 'n verklaring uitgereik waarin hulle gesê het as sy ooit weer terugkom na Pakistan hulle haar weer sal teiken.</p>	<p>–</p>
<p>Malala het wonderlike boodskappe van regoor die wêreld ontvang.</p> <p>“Dankie dat jy 'n kampvegter vir opvoeding vir meisies is,” het een brief geles.</p> <p>“Jy het die wêreld gewys hoeveel sommige meisies sukkel om 'n opvoeding te kry. Dankie dat jy help om die wêreld te verander,” het 'n boodskap op Facebook geles. “Dit is my werk om seker te maak dat meisies dieselfde geleentheid as seuns kry,” het Malala besluit.</p>	<p>Selfs al het sommige mense probeer om beide Malala en Rebeca te ontmoedig, het hulle beide ook baie lof en bemoediging gekry!</p>
<p>Toe sy net 17 jaar oud was, het Malala die Nobelprys vir Vrede ontvang. Sy was die jongste wenner ooit! Malala gaan voort om 'n wêreld te skep waar alle meisies kan leer en lei.</p>	<p>Beide Malala en Rebeca gaan voort om te veg vir meisies om 'n opvoeding te kry. Hulle wil beide sorg dat meisies dieselfde geleentheid as seuns kan kry.</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonse
Waar is Malala gebore?	Sy is in Mingora, Pakistan, gebore.
Hoekom moes Malala ophou om skool toe te gaan?	<ul style="list-style-type: none"> • Sy moes ophou skool toe gaan, want dit is verbied vir meisies. • Sy moes ophou skool toe gaan toe die Taliban oorgeneem het, want hulle het meisies verbied om na skole te gaan.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom was Malala 'n teiken vir die Taliban?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat sy haarself uitgespreek het oor die reg tot opvoeding. • Omdat sy in die koerant was en op TV gepraat het oor hoe belangrik opvoeding vir meisies is. • Omdat die Taliban meisies verbied het om skool toe te gaan en Malala het nie met hulle saamgestem het nie. • Omdat daar geslagsdiskriminasie is.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - joernalis
 - gehoor
 - teiken

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **nt**
- 2 Sê die woord: **punt**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /p/-/u/-/nt/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /p/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /u/
- 6 Sê die endklank van die woord: /nt/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **punt**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/p/-/u/-/nt/ = **punt**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **nt**
- 2 Sê die woord: **lint**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /l/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /i/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /nt/
- 6 Vra leerders om die oorspronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /l/-/i/-/nt/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **lint**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/l/-/i/-/nt/ = **lint**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **nt woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–4.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **tent**
 - 2 **punt**
 - 3 **lint**
 - 4 **klont**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____









Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **nt**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Publiseer en bied aan

ONDERWERP: Skryf twee paragrawe oor jou drome en doele vir die toekoms.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

My droom is om 'n ...

Dit is my droom want ...

As ek my verbeel ... sien ek...

Ek voel

Paragraaf 2

My plan om my doel te bereik is...

Ek moet ...

Ek dink dit gaan ...

Wanneer ek my doel bereik, dink ek dat ...

VOORBEREIDING: Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het, op die swartbord voor die begin van die les.

DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
- 2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
- 3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **...se drome en doele**
- 3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
- 4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
- 5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

- 1 In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
- 2 Sê aan leerders om te draai en met 'n maat te praat en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
- 3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
- 4 Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

11 November 2020

Bantu se drome en doelwitte

My droom is om dokter te word.

Dit is my droom omdat ek mense wat siek is, wil help


As ek my voorstel dat ek 'n dokter is, dink ek aan 'n hospitaal vol mense wat my hulp nodig het.

Ek wou baie opgewonde om eendag die beste dokter te word.

My plan om my doel te bereik, is om universiteit toe te gaan om medies te studeer.

Ek sal baie hard op skool moet werk sodat ek universiteit toe kan gaan.

Ek dink dit sal opwindend wees, maar baie harde werk. Ek sal moeg wees. As ek uiteindelik my doelwit bereik, dink ek my gesin sal so trots wees op my en sal ek baie opgewonde wees.





Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **wens, wins**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **wens, wins**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /e/ en /i/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **bons, dans**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **bons, dans**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **klont**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **lont, pont, klok, klomp**


JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **dans**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
gans, mans, kans, krans, dank

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Malala se stryd vir opvoeding</p> <p><i>Het jy geweet dat daar regoor die wêreld, meer as 130 miljoen meisies as gevolg van geslagsdiskriminasie nie in die skool is nie? Malala Yousafzai het dit haar lewenstaak gemaak om meisies oor die hele wêreld toegang tot opvoeding te gee.</i></p>	<p>Ek onthou dat nie alle mense dink meisies verdien 'n opvoeding nie. Wanneer mense dink seuns en meisies moet verskillend behandel word, word dit <i>geslagsdiskriminasie</i> genoem. Kom ons dink vandag daaraan soos wat ons lees.</p>
<p>Malala is op 12 Julie 1997 in Mingora, Pakistan gebore. "As sy net 'n seun was!" het een van die bure vir Ziauddin, Malala se pa, gesê.</p> <p>"Wat sal jy doen met 'n meisie? – sy sal nooit vir jou rykdom bring nie!" het 'n ander een kopskuddend gesê. "Ek sal vir klein Malala elke geleentheid gee wat 'n seun sou hê," het haar pa geantwoord, terwyl hy na sy babadogter kyk.</p>	<p>Ek sien hier geslagsdiskriminasie, want Ziauddin se bure voel vir hom jammer omdat hy 'n babadogter en nie 'n babaseun het nie!</p>
<p>Ziauddin het sy belofte aan Malala gehou en vir haar elke geleentheid wat 'n seun sou kry gegee. Hy het begin met 'n skool vir meisies in Mingora.</p> <p>"Hoekom begin jy 'n skool vir meisies?" het een van sy bure uitgeroep, soos Ziauddin werk toe loop.</p> <p>"Wat is die punt daarvan om vir meisies 'n opvoeding te gee?" het 'n ander een kopskuddend gesê.</p> <p>"Dit is my plig om seker te maak dat die meisies in ons dorp dieselfde geleenthede as seuns kry," het Malala se pa ferm geantwoord.</p> <p>Hy het gekyk hoe sy klein Malala groot word en leer saam met die ander meisies van Mingora.</p>	<p>Ek sien hier ook geslagsdiskriminasie, want die bure dink nie dit is nodig dat meisies 'n opvoeding kry nie! Ek het gesien in Tanzanië dink mense om te trou is belangriker as om 'n opvoeding te kry, maar dit was net vir meisies en nie vir seuns nie!</p>
<p>Alles het verander toe die Taliban die dorpie oorgeneem het. Die lewe het op baie maniere verander. Om 'n televisie te besit is verban. Om musiek te speel is verban. Meisies is ook verbied om skool toe te gaan.</p>	<p>Ek lees hier dat die Taliban diskrimineer teen meisies, want hulle verbied meisies om skool toe te gaan. Hulle moet dink dat skool slegs vir seuns is. Dit is geslagsdiskriminasie.</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Die Taliban het reeds meer as 'n 100 meisieskole opgeblaas teen die tyd dat hulle vir Ziauddin gesê het om die skool se deure te sluit.</p> <p>“Ek wou vir Malala en die ander meisies dieselfde geleentheid gee as wat seuns het – maar ek kan hulle nie in gevaar stel nie,” dink Ziauddin.</p> <p>Malala het met trane in haar oë haar klasmaats gegroet. Sy het nie geweet of sy ooit weer in 'n klaskamer met haar vriende sou wees nie.</p>	<p>Die meisies in Tanzanië het ophou skool gaan omdat hulle vroeg getrou het, maar die meisies in Pakistan is gedwing om op te hou skool gaan vir hulle eie veiligheid. Hulle het geslagsdiskriminasie op verskillende maniere beleef.</p>
<p>Ziauddin het aangehou om vir Malala baie dinge tuis te leer, maar Malala het dit gemis om saam met ander meisies by die skool te leer.</p>	<p>Ek lees hier dat selfs al bestaan geslagsdiskriminasie oraloor, is daar steeds families wat kies om hulle dogters en seuns gelyk te behandel.</p>
<p>In September 2008 het Ziauddin Malala na die Peshwar Persklub geneem, dit was 'n organisasie vir joernaliste. Daar het Malala haar eerste toespraak gegee.</p> <p>“Hoe durf die Taliban my basiese reg tot opvoeding wegneem?” het Malala die gehoor gevra. Die volgende dag het haar toespraak verskyn in koerante en televisiekanale regoor Pakistan.</p> <p>Malala het geweet haar toespraak gaan die Taliban kwaad maak, maar sy het besluit sy kan nie stil bly nie – selfs al maak dit van haar 'n teiken.</p>	<p>–</p>
<p>Malala het aangehou om op te staan vir haar reg tot 'n opvoeding. Sy het begin om 'n blog te skryf, sodat mense regoor die wêreld haar stryd kon verstaan. Sy het ook op televisie verskyn.</p> <p>“Hoe kan jy toelaat dat Malala op die televisie oor opvoeding vir meisies praat?” het een van die bure vir Ziauddin gefluister.</p> <p>“Volg net die Taliban se reëls!” het 'n ander een kopskuddend geraas.</p> <p>“Ek het vir Malala dieselfde geleenthede as vir seuns gegee en nou staan sy vir haarself op,” het haar pa trots geantwoord.</p>	<p>Rebeca en Malala wil beide veg teen geslagsdiskriminasie. Ek dink daar moet regoor die wêreld baie meisies wees wat veg om dieselfde as seuns behandel te word.</p>
<p>Soos wat Malala bekendheid verwerf het, het sy 'n teiken geword en baie doodsdreigemente ontvang. Malala was bang, maar haar vrees het haar nie gekeer om op te staan vir ander meisies nie.</p>	<p>–</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>In Oktober 2012, op pad huis toe na 'n eksamen, het 'n gemaskerde gewapende man op Malala se bus geklim. "Wie is Malala?" het hy gevra. Toe het hy haar aan die linkerkant van haar kop geskiet.</p> <p>Malala was ernstig gewond, maar sy het steeds gelewe. Sy is met 'n helikopter van een militêre hospitaal na 'n ander een in Pakistan geneem. Later is sy na Brittanje geneem vir behandeling.</p> <p>Toe die Taliban uitvind dat Malala die aanval oorleef het, het hulle 'n verklaring uitgereik waarin hulle gesê het as sy ooit weer terugkom na Pakistan hulle haar weer sal teiken.</p>	<p>Geslagsdiskriminasie is baie ernstig. Dit het veroorsaak dat Malala amper doodgemaak is. Ek dink dit is 'n probleem waarteen ons almal moet veg.</p>
<p>Malala het wonderlike boodskappe van regoor die wêreld ontvang.</p> <p>"Dankie dat jy 'n kampvegter vir opvoeding vir meisies is," het een brief gelees.</p> <p>"Jy het die wêreld gewys hoeveel sommige meisies sukkel om 'n opvoeding te kry. Dankie dat jy help om die wêreld te verander," het 'n boodskap op Facebook gelees. "Dit is my werk om seker te maak dat meisies dieselfde geleenthede as seuns kry," het Malala besluit.</p>	<p>Malala en Rebeca is beide voorbeelde dat wanneer ons sien iets is verkeerd, is dit belangrik om op te staan en te veg vir wat reg is.</p>
<p>Toe sy net 17 jaar oud was, het Malala die Nobelprys vir Vrede ontvang. Sy was die jongste wenner ooit! Malala gaan voort om 'n wêreld te skep waar alle meisies kan leer en lei.</p>	<p>Ek dink Rebeca en Malala wil beide die wêreld 'n beter plek maak deur te veg teen geslagsdiskriminasie.</p>
Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
<p>Wat is geslagsdiskriminasie?</p>	<p>Geslagsdiskriminasie is wanneer seuns en meisies verskillend behandel word of nie dieselfde geleenthede gegee word nie.</p>
<p>Hoe sal jy voel wanneer iemand teen jou diskrimineer as gevolg van jou geslag?</p>	<p>Ek sal ... voel, want ...</p>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoekom het beide Rebeca Gyumi en Malala Yousafzai hulle lewens daaraan gewei om te veg vir die opvoeding vir meisies?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat beide glo dat meisies dieselfde geleenthede as seuns moet hê. • Omdat hulle beide grootgeword het in families wat nie teen hulle gediskrimineer het nie – hulle wil hê alle meisies moet soos hulle behandel word. • Omdat opvoeding vir beide van hulle belangrik is, hulle wil seker maak dat alle ander meisies ook 'n opvoeding kan hê.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - bedreiging
 - oorleef
 - gewond

Rympie of liedjie	Aksies
Ek leer dat dit klap,	<i>Maak asof jy lees</i>
Want in my toets wil ek nie babbels hap.	<i>Trek jou skouers op</i>
Dit is alles deel van die plan,	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>
Want net ek kan my toekoms verbeter	<i>Swaai jou vinger in die lug</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor...
Een ding wat ek by die storie geleer het is...
Ek dink Malala is ... want...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

ns	nt	a
i	e	o
u	d	w
k	p	l

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ns/** en **/nt/**
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/p/-/u/-/nt/ = punt
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ns/** of **/nt/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv: **/k/-/a/-/p/ = kap**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ns, nt**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **dans, wens, wins, kuns, punt, lint, klont, kap, wil, keel, koek, woud**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS

GESKREWE BEGRIPSTOETS

- 1 Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
- 2 Lees deur die vrae saam met die leerder en verduidelik die vrae indien nodig.
- 3 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor die vrae.
- 4 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
- 5 In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

MALALA SE STRYD VIR OPVOEDING

- 1 Waar was Malala gebore?
Malala was in ... gebore.
- 2 Hoe oud was Malala toe sy die Nobel Prys vir Vrede gewen het?
Malala was ... toe sy die Nobel Prys vir Vrede gewen het.
- 3 Waarom was Malala geskiet?
Malala was geskiet want...

MALALA SE STRYD VIR OPVOEDING

- 1 Waar was Malala gebore?
Malala was in Mingora, Pakistan gebore.
- 2 Hoe oud was Malala toe sy die Nobel Prys vir Vrede gewen het?
Malala was sewentien jar oud toe sy die Nobel Prys vir Vrede gewen het.
- 3 Waarom was Malala geskiet?
Malala was geskiet want sy het teen die Taliban geveg en het oor haar opvoeding gepraat.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 2



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam geles?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons geles het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational fields: science (flasks, beakers, globes, atoms), mathematics (calculators, rulers, compasses, plus signs), arts (pencils, paint palettes, brushes), and general education (books, graduation caps, speech bubbles, lightbulbs).

Graad 3

TERMIYN 4

Week

3

TEMA:

**Voel kalm
en ontspan**



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: bring fotos van mense wat mediteer en yoga doen; vra leerders om prente te teken van iets wat hulle kalm en ontspanne laat voel en vertoon die prente op die tafel.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Kort begeleide meditasies vir kinders
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseeer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 78, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 79–80, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 81, Ons skryf

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n keer toe jy nie kalm gevoel het nie – wat het jou so laat voel?

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van Zandile wat mediteer in die Grootboek storie: Zandile leer hoe om te mediteer
- 2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Voel kalm en ontspan
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Hoe voel dit as jy nie kalm is nie?
 - b Wat doen jy om kalm te voel?
 - c Waat laat jou ontspan?

WEEK 3

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - kalm
 - ontspanne
 - mediteer

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne** neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n reel tussen elke nommer oop te los.

- 3 Lees die volgende sinne hardop aan die leerders. Leerders moet die sinne langs die nommers neer skryf.

Enkelvoud na Meervoud Sinne

- 1 Ek sal die boks pak.
 - 2 Ek sal die glas was.
 - 3 Mense lê op die strand.
 - 4 Ek het 'n borsel waarmee ek my hare borsel.
 - 5 Ek het die bord gebreek.
- 4 Sê aan die leerders om die sinne oor te skryf as meervoude op die reel onder die sin.
- 5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
- 7 Onderstreep die patrone soos volg:

Enkelvoud na Meervoud Sinne

- 1 Ek sal die boks pak.
Ek sal die bokse pak.
 - 2 Ek sal die glas was.
Ek sal die glase was.
 - 3 Mense lê op die strand.
Mense lê op die strande.
 - 4 Ek het 'n borsel waarmee ek my hare borsel.
Ek het borsels waarmee ek my hare borsel.
 - 5 Ek het die bord gebreek.
Ek het die borde gebreek.
- 8 Sê aan leerders om oor die patrone te dink as hulle lees of skryf.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Voorlees**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Zandile leer hoe om te mediteer
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

**Skryfwerk:**

30 minute

Beplan En Opstel

ONDERWERP: Skryf 'n brief aan 'n maat of 'n gesinslid oor hoe om kalm en ontspanne te wees. Die eerste paragraaf sal handel oor goed wat jou kalm en ontspanne laat voel. Die tweede paragraaf handel oor 'n keer toe jy kwaad of ontsteld was en hoe jy jousef kalmeer het.

OPDRAG: Skryf twaalf sinne wat in twee paragrawe gerangskik is.

BEPLANNINGSTRATEGIE: Maak 'n lys

STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

- 1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou paragrawe, soos:
Ek hou daarvan om te gaan stap as ek ontsteld is. Stap laat my kalm en ontspanne voel. Ek sal dit beslis in my brief skryf.

DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

- 1 Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
- 2 Wys aan die leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
- 3 Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

<p>Beplannings Vrae</p> <p>Paragraaf 1</p> <ol style="list-style-type: none">1 Wat laat jou kalm en ontspanne voel?2 Waarom laat die goed jou kalm en ontspanne voel?3 Is daar iets wat jou dalk kalm en ontspanne kan laat voel wat jy nog nie probeer het nie?4 Watter vraag kan jy jou maat of gesinslid oor hierdie onderwerp vra? <p>Paragraaf 2</p> <ol style="list-style-type: none">1 Wanneer het jy al kwaad of ontsteld gevoel?2 Wat het jy gedoen om jousef te kalmeer?3 Dink jy jy was suksesvol? Waarom of waarom nie?4 Wat sou jy in die toekoms anders doen?5 Watter lesse uit paragraaf 1 kan jy gebruik om jousef nou te help?6 Watter vraag kan jy jou maat of gesinslid oor die onderwerp vra?	<p>Plan</p> <p>Paragraaf 1</p> <ol style="list-style-type: none">1 Om te stap, boeke te lees en tuinwerk te doen laat my kalm en ontspanne voel.2 Stap in die natuur help my om my kop skoon te kry. Lees help my om uit my omstandighede te vlug. Tuinwerk gee my die geleentheid om in die natuur te wees en om met my hande te werk.3 Miskien meditasie.4 Doen jy dieselfde goed as ek om kalm en ontspanne te voel? <p>Paragraaf 2</p> <ol style="list-style-type: none">1 Ek was kwaad toe ek en my ma 'n rusie gehad het.2 Ek het gaan stap om my kop skoon te kry.3 Ja, want ek het gaan stap eerder as om op my ma te skreeu.4 Eie keuse antwoord.5 As ek kwaad is moet ek gaan stap om my kop skoon te kry en te verhoed dat ek iets lelik sal sê.6 Wat sou jy doen om jousef te kalmeer as jy met jou ma 'n rusie gehad het?
---	---

LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

- 1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan hoe dit voel om kalm en ontspanne te wees.
- 2 Sê aan leerders om **te draai en met 'n maat te praat** oor hulle eie stories.
- 3 Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
- 4 Deel leerders se boeke uit.
- 5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
- 6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.

DanParagraaf 1

1. Sit rustig in my kamer en praat met my vriend
2. Sit in my kamer - ek kan rustig sit en asemhaal
3. Om met my vriend te praat - Ons laat mekaar lag
4. Misskien gaan stap?
5. Wat doen jy om kalm en ontspanne te voel?

Paragraaf 2

1. Ek het ontsteld gevoel toe ek met my suster baklei het.
2. Ek het in my kamer gaan sit en bedaar.
3. Ja, ek het op my eie gesit en ek het nie geskree nie
4. Niks.
5. Dat as ek kwaad voel om weg te kom van die persoon vir wie ek kwaad is, beter is as om 'n groot stryd te voer.
6. Wat sou jy doen om jou te kalmeer as jy met jou suster baklei?



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **mp**
- 2 Sê die woord: **stamp**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /st/-/a/-/mp/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /st/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /a/
- 6 Sê die endklank van die woord: /mp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **stamp**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/st/-/a/-/mp/ = **stamp**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **mp**
- 2 Sê die woord: **lamp**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /l/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /a/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /mp/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /l/-/a/-/mp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **lamp**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/l/-/a/-/mp/ = **lamp**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **mp woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **lamp**
 - 2 **romp**
 - 3 **stamp**
 - 4 **klomp**
 - 5 **ramp**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____








Handskrif:


15 minute


Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif


- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **mp**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



 klomp

 ramp

 Oppas dat jy nie die ramp

 omstamp nie.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Zandile leer om te mediteer</p> <p>Zandile word vroeg wakker. Dit is nog donker in die huis. Sy neem haar boek en gaan buitentoe. Zandile gaan sit en begin om te lees.</p>	<p>Ek kan aflei dat Zandile baie vroeg moes wakker word, want dit is nog donker in die huis.</p>
<p>Toe, hoor sy 'n vreemde geluid. Sy gaan staan op haar stoel en kyk oor die heining. Sy sien hoe mnr. en mev. Kapoor op die grond sit. Hulle prewel 'n mantra.</p>	<p>Ek lei af dat Zandile oor die muur kyk om te sien waar die vreemde geluid vandaan kom!</p>
<p>Daardie dag by die skool, sien Zandile vir Geeta wat haar middagete eet. "Ek het jou ouers vanoggend op die grond sien sit," sê Zandile. "Hoekom doen hulle dit? Dit was vreemd!"</p>	<p>Zandile sien Geeta se ouers, so ek kan aflei dat Geeta en Zandile bure is.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>“Dit is nie vreemd nie!” sê Geeta. “Dit is net meditasie!”</p> <p>“Wat is meditasie?” vra Zandile.</p> <p>“Jy mediteer om kalm te raak en jou kop skoon te maak,” antwoord Geeta.</p>	
<p>Daardie middag, toe Zandile by die huis kom gaan sy na hulle agterplaas. Sy gaan sit op die grond. Sy kruis haar bene. Sy maak ’n lae zoemgeluid, “Hhhmmm”.</p> <p>Sy voel nie kalm nie. “Ek wonder hoe dit werk?” wonder Zandile.</p>	<p>Zandile doen alles wat sy gesien het Geeta se ouers doen. Ek kan aflei dat sy ook probeer mediteer!</p>
<p>Die volgende dag kry Zandile vir Geeta. “Ek het probeer mediteer,” sê Zandile.</p> <p>Geeta lag. “Jy het dit verkeerd gedoen!”</p> <p>“Wat bedoel jy?” vra Zandile, haar gesig voel warm. “Hoe weet jy?”</p> <p>Geeta se wange word rooi. “Hmm, ek het jou gesien, oor die heining.”</p> <p>Zandile en Geeta begin albei lag. “Kom na skool na my huis toe” sê Geeta. “Ek is seker my pa sal jou wys wat om te doen.”</p>	<p>Ek kan aflei dat Zandile nie geweet het Geeta sien hoe sy probeer mediteer nie! Kyk na haar gesig in die prentjie! Ek kan aflei dat sy skaam is wanneer sy uitvind dat Geeta haar dopgehou het!</p>
<p>Na skool, sit Zandile haar skooltas by die huis neer. Toe gaan sy langsaan toe. Sy klop aan die Kapoors se deur.</p> <p>Geeta maak die deur oop. “O, hallo Zandile!” sê Geeta. “Kom binne. Ek vir my pa gesê jy gaan kom.”</p> <p>Mnr. Kapoor sit by die kombuistafel, hy lees die koerant. “Zandile!” sê hy, met ’n groot glimlag op sy gesig. “Ek hoor jy wil leer om te mediteer! Slim meisie!”</p>	<p>Ek kan aflei dat Zandile regtig wil leer om te mediteer, want sy gaan na die Kapoors se huis vir hulp!</p>
<p>Mnr. Kapoor sit sy koerant neer. “Kom,” sê hy en wys na Zandile. “Jy kan ook kom,” sê mnr. Kapoor vir Geeta. Die meisies volg hom na die agterplaas.</p> <p>Mnr. Kapoor wys Zandile hoe om te sit. Geeta help Zandile om haar hande op die regte plek te sit. Hulle wys vir Zandile hoe om stadige, diep asemteue te neem. “Vergeet alles anders,” sê Geeta. “Maak net jou oë toe en dink aan jou asemhaling.”</p>	<p>Ek kan aflei dat Zandile nog nooit vantevore gemediteer het nie, want sy weet nie wat om te doen nie!</p>
<p>Hulle sit vir ’n lang tyd saam.</p> <p>Zandile probeer dink aan haar asemhaling, maar soveel dinge gaan deur haar gedagtes. Sy dink aan môre se wiskunde huiswerk. Sy dink aan hoe honger sy voel. Sy dink aan wat haar ma gaan kook vir aandete.</p>	<p>–</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>“Voel jy kalm?” vra mnr. Kapoor vir Zandile.</p> <p>“Hmm, ek weet nie of ek dit kan doen nie!” antwoord Zandile. “Ek kon nie aan my asemhaling dink nie.”</p> <p>“Dit neem oefening,” sê Geeta. “Kom môre terug as jy wil! Ons kan saam oefen!”</p>	–
En sy het.	Zandile het die volgende dag teruggegaan. Dit laat my aflei dat sy regtig wil leer om te mediteer!

Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonses
Wie is Zandile se bure?	Die Kapoors. Geeta en haar ouers.
Wat wou Zandile leer om te doen?	Sy wou leer om te mediteer.
Wat moet sy doen om te mediteer/	<ul style="list-style-type: none"> • Sy moet reg sit. • Sy moet haar hande op die regte plek sit. • Sy moet stadige, diep, asemteue neem. • Sy moet haar oë toemaak en dink aan haar asemhaling.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het Zandile na die Kapoors se huis gegaan?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat sy wil leer om te mediteer. • Omdat Geeta vir haar gesê het sy kan kom leer. • Miskien wil sy 'n manier kry om kalm te voel.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - heining
 - loer
 - vreemd

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **ms**
- 2 Sê die woord: **koms**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /k/-/o/-/ms/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /k/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /o/
- 6 Sê die endklank van die woord: /ms/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **koms**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/k/-/o/-/ms/ = **koms**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **ms**
- 2 Sê die woord: **soms**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /s/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /ms/
- 6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /s/-/o/-/ms/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **soms**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/s/-/o/-/ms/ = **soms**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **ms woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–3.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **soms**
 - 2 **koms**
 - 3 **toekoms**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.









Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ms**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Rofwerk / Opstel

WEEK 3

ONDERWERP: Skryf 'n brief aan 'n maat of 'n gesinslid oor hoe om kalm en ontspanne te wees. Die eerste paragraaf sal handel oor goed wat jou kalm en ontspanne laat voel. Die tweede paragraaf handel oor 'n keer toe jy kwaad of ontsteld was en hoe jy jouself kalmeer het.

OPDRAG: Skryf twaalf sinne wat in twee paragrawe rangskik is.

SKRYFRAAMWERK:

Liewe ...

Ek skryf om jou te vertel van ...

Ek voel kalm en ontspanne as ... *(Skryf 2-3 sinne hieroor)*

Ek sal graag ... wil probeer.

(Vra 'n vraag aan die persoon aan wie jy skryf)

Eenkeer...

Ek het ... gevoel

Ek het besluit om ...

Ek dink dit was suksesvol/onsuksesvol want...

Volgende keer ...

(Vra 'n vraag aan die persoon aan wie jy skryf)

Skryf asseblief gou weer terug!

Liefde

...

VOORBEREIDING: Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
- 2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
- 3 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:

Liewe Mbai

Ons bespreek tans by die skool hoe om kalm en ontspanne te wees. Ek skryf vir jou want ek wil jou vertel hoe om kalm en ontspanne te wees. Ek voel kalm en ontspanne as ek gaan stap want ek hou van die natuur. Stap help my om my kop skoon te kry and help my om te dink. Ek voel kalm en ontspanne as ek in my tuin werk. Ek hou daarvan om tuinwerk te doen want ek kan in die grond grou en my verbeel hoe my plante groei. Ek sal graag meditasie wil probeer want ons het daarvoor gelees by die skool. Wat maak jy om jouself kalm en ontspanne te laat voel?

Eenkeer het ek en my ma 'n rusie gehad. Ek het baie kwaad gevoel. Ek het besluit om te gaan stap, wat my beter laat voel het. Ek dink dit was suksesvol want die stap het my kalmeer. Ek het nie op my ma geskreeu nie. Toe ek by die huis kom het ek en my ma gesels en die probleem opgelos. Volgende keer as ek met iemand baklei sal ek probeer om eerder te gaan stap as om op hulle te skreeu. Wat doen jy om jouself te kalmeer as jy en jou ma 'n rusie gehad het?

Skryf asseblief weer terug!

Liefde

Katerina

LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: 'n **Brief oor hoe om kalm en ontspanne te voel: Rofwerk / Opstel**
- 3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
- 4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
- 5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
- 6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
- 7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

n Brief oor kalm en ontspanne gevoel: Konsep

Liewe Mary,

Ek skryf om jou te vertel van kalm en ontspanne gevoelins. Ons het by die skole daarwan geleir. Ek voel rustig en ontspanne as ek allien in my kamer sit. As ek allien sit, kan ek kalm bly en asemhaal. Ek voel kalm en ontspanne as ek met my vriende praat, want ons lag en maak mekaar gelukkig. Ek wil graag 'n draai gaan loop, want my onderwyser sê dit help haar. Wat doen jy om kalm en ontspanne te voel?

Een keer het ek met my suster baklei. Ek het so ontsteld gevoel. Ek het besluit om te kalmeer deur na my kamer te gaan en rustig te sit. Ek dink ek het goeie werk gedone, want dit het my kalmeer. Ek het nie op my suster geskree nie. Die volgende keer as ek met enigiemand baklei, sal ek probeer om seker te make ek loop weg en gaan sit rustig en allien, eerder as om 'n groot stryd te voer. Wat sou jy done om jou te kalmeer as jy met jou suster baklei?

Skryf asseblief binnekort terug!

Liefde,

Maais



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **koms, soms**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **koms, soms**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /k/ en /s/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **klomp, romp**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **klomp, romp**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **ramp**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **stamp, lamp, damp, kamp, romp**

JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **romp**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
ramp, klomp, pomp



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Zandile leer om te mediteer</p> <p>Zandile word vroeg wakker. Dit is nog donker in die huis. Sy neem haar boek en gaan buitentoe. Zandile gaan sit en begin om te lees.</p>	<p>Ek wonder hoekom Zandile so vroeg wakker is? Miskien kan sy nie slaap nie, omdat sy bekommerd is oor iets!</p>
<p>Toe, hoor sy 'n vreemde geluid. Sy gaan staan op haar stoel en kyk oor die heining. Sy sien hoe mnr. en mev. Kapoor op die grond sit. Hulle prewel 'n mantra.</p>	<p>Zandile wonder wat die Kapoors besig is om te doen, so ek kan aflei dat dit die eerste maal is dat sy iemand sien mediteer</p>
<p>Daardie dag by die skool, sien Zandile vir Geeta wat haar middagete eet. "Ek het jou ouers vanoggend op die grond sien sit," sê Zandile. "Hoekom doen hulle dit? Dit was vreemd!"</p> <p>"Dit is nie vreemd nie!" sê Geeta. "Dit is net meditasie!"</p> <p>"Wat is meditasie?" vra Zandile.</p> <p>"Jy mediteer om kalm te raak en jou kop skoon te maak," antwoord Geeta.</p>	<p>Ek wonder hoekom Zandile sê 'dit was vreemd'? O, ek lei af dat sy dink wat sy gesien het is vreemd, want dit was die eerste maal dat sy mense sien mediteer het. Ek weet dat mense soms dink iets is vreemd as hulle dit nog nie vantevore gesien het nie.</p>
<p>Daardie middag, toe Zandile by die huis kom gaan sy na hulle agterplaas. Sy gaan sit op die grond. Sy kruis haar bene. Sy maak 'n lae zoemgeluid, "Hhhmmm".</p> <p>Sy voel nie kalm nie. "Ek wonder hoe dit werk?" wonder Zandile.</p>	<p>Zandile het besluit sy wil ook probeer mediteer nadat sy met Geeta daarvoor gepraat het. Ek lei af dat Zandile 'n manier mag soek om kalm te voel.</p>
<p>Die volgende dag kry Zandile vir Geeta. "Ek het probeer mediteer," sê Zandile.</p> <p>Geeta lag. "Jy het dit verkeerd gedoen!"</p> <p>"Wat bedoel jy?" vra Zandile, haar gesig voel warm. "Hoe weet jy?"</p> <p>Geeta se wange word rooi. "Hmm, ek het jou gesien, oor die heining."</p> <p>Zandile en Geeta begin albei lag. "Kom na skool na my huis toe" sê Geeta. "Ek is seker my pa sal jou wys wat om te doen."</p>	<p>Wanneer Zandile se wange warm voel, kan ek aflei dat sy skaam is. Sy voel skaam, want sy het nie besef iemand hou haar dop terwyl sy probeer mediteer en sy weet nog nie regtig wat om te doen nie!</p>
<p>Na skool, sit Zandile haar skooltas by die huis neer. Toe gaan sy langsaan toe. Sy klop aan die Kapoors se deur.</p> <p>Geeta maak die deur oop. "O, hallo Zandile!" sê Geeta. "Kom binne. Ek vir my pa gesê jy gaan kom."</p>	<p>Ek kan aflei dat Zandile nie weet hoe om te mediteer nie, maar ek kan aflei dat sy graag hulp wil kry en leer!</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
Mnr. Kapoor sit by die kombuistafel, hy lees die koerant. "Zanddile!" sê hy, met 'n groot glimlag op sy gesig. "Ek hoor jy wil leer om te mediteer! Slim meisie!"	
Mnr. Kapoor sit sy koerant neer. "Kom," sê hy en wys na Zandile. "Jy kan ook kom," sê mnr. Kapoor vir Geeta. Die meisies volg hom na die agterplaas. Mnr. Kapoor wys Zandile hoe om te sit. Geeta help Zandile om haar hande op die regte plek te sit. Hulle wys vir Zandile hoe om stadige, diep asemteue te neem. "Vergeet alles anders," sê Geeta. "Maak net jou oë toe en dink aan jou asemhaling."	Geeta help vir Zandile. Ek lei af dat sy weet hoe om te mediteer, net soos haar ouers.
Hulle sit vir 'n lang tyd saam. Zandile probeer dink aan haar asemhaling, maar soveel dinge gaan deur haar gedagtes. Sy dink aan môre se wiskunde huiswerk. Sy dink aan hoe honger sy voel. Sy dink aan wat haar ma gaan kook vir aandete.	Ek kan aflei dat dit moeilik is om te mediteer. Dit is moeilik vir Zandile om net aan haar asemhaling te dink, soos Geeta haar gesê het om te doen.
"Voel jy kalm?" vra mnr. Kapoor vir Zandile. "Hmm, ek weet nie of ek dit kan doen nie!" antwoord Zandile. "Ek kon nie aan my asemhaling dink nie." "Dit neem oefening," sê Geeta. "Kom môre terug as jy wil! Ons kan saam oefen!"	Ek wonder hoekom Zandile nie kalm voel nie? Ek kan aflei dat dit is omdat meditasie oefening neem. Jy moet eers meditasie oefen voor dit jou laat kalm voel.
En sy het.	Ek kan aflei dat Zandile vasbeslote is om te leer om te mediteer wanneer sy die volgende dag teruggaan om te oefen! Sy wil leer selfs al was die eerste maal moeilik!

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Wat het Zandile gesien toe sy oor die heining loer?	Sy het die Kapoors (Geeta se ouers) sien mediteer in hulle agterplaas.
Wat het Geeta gesien toe sy oor die heining loer?	Sy het gesien hoe Zandile probeer mediteer.
Hoe het Zandile gevoel toe sy uitvind dat Geeta haar gesien het?	<ul style="list-style-type: none"> • Sy mag skaam gevoel het. • Sy mag verras gevoel het.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom moet Zandile aanhou oefen om te mediteer?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat meditasie oefening neem. • Omdat sy regtig wil leer om te mediteer. • Omdat sy nog leer. Meditasie is moeilik. • Omdat sy probeer, want sy voel nie kalm nie. • Omdat sy genoeg wil oefen om kalm te voel.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - data
 - kliek
 - rol

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
 In die storie ...
 Ek het daarvan gehou toe ...
 Die storie hou verband met die tema 'Voel kalm en ontspan' want ...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

mp	ms	a
o	l	k
s	t	r
t	e	p

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/mp/** en **/ms/**
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/r/-/a/-/mp/ = ramp
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/mp/** of **/ms/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/k/-/a/-/p/ = kap**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **mp, ms**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **lamp, romp, stamp, klomp, ramp, soms, koms, toekoms, kap, los, pas, raak, keel, koor**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS

GESKREWE BEGRIPSTOETS

- 1 Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
- 2 Lees deur die vrae saam met die leerders en verduidelik die vrae indien nodig.
- 3 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor die vrae.
- 4 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
- 5 In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

ZANDILE LEER HOE OM TE MEDIATEER

- 1 Wat het Zandile gesien toe sy oor die heining geloer het?
Zandile het ... gesien ...
- 2 Wie bly langs Zandile?
.... bly langs Zandile.
- 3 Waarom wou Zandile leer hoe om te mediteer?
Zandile wou leer hoe om te mediteer want ...

ZANDILE LEER HOE OM TE MEDIATEER – ANTWOORDE

- 1 Wat het Zandile gesien toe sy oor die heining geloer het?
Zandile het Mnr en Mev Kapoor gesien wat mediteer.
- 2 Wie bly langs Zandile?
Geeta / Die Kapoors bly langsaan Zandile.
- 3 Waarom wou Zandile leer hoe om te mediteer?
Zandile wou leer hoe om te mediteer want sy wou kalm voel.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie prosesse van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the entire page, creating a textured, academic atmosphere.

Graad 3

TERMIYN 4

Week

4

TEMA:

Voel kalm

en ontspan



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Prente van terapeute, sielkundiges en mense wat geestesgesondheids dienste verskaf.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: plekke in jou gemeenskap wat geestesgesondheid dienste verskaf.
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 82, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 83, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 84–85, Ons skryf

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n keer toe jy met iemand gesels het om beter te laat voel.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Munene kry hulp
- 2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Voel kalm en ontspan
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Waarom mediteer mense?
 - b Waarom is dit belangrik om van strategië te weet wat jou kalm kan laat voel?
 - c Wie kan jy om hulp vra as jy nie klam of ontspanne voel nie?

WEEK 4

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - omgewing
 - depressief
 - sielkundige

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
- 3 Skryf die volgende sin op die swartbord, langs nommer 1: **Ek het seer gekry toe ek geval het.**
- 4 Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:
 - 2 Hulle
 - 3 Ons

- 4 Hy
- 5 Sy
- 5 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
- 6 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 7 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
- 8 Onderstreep die patrone soos volg:
 - 1 Ek het seer gekry toe ek geval het.
 - 2 Hulle het seer gekry toe hulle geval het.
 - 3 Ons het seer gekry toe ons geval het.
 - 4 Hy het seer gekry toe hy geval het.
 - 5 Sy het seer gekry toe sy geval het.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Voorlees

BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Munene kry hulp
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.



Skryfwerk:

30 minute

Redigeer

ONDERWERP: Skryf 'n brief aan 'n maat of 'n gesinslid oor hoe om kalm en ontspanne te wees. Die eerste paragraaf sal handel oor goed wat jou kalm en ontspanne laat voel. Die tweede paragraaf handel oor 'n keer toe jy kwaad of ontsteld was en hoe jy jouself kalmeer het.

OPDRAG: Skryf twaalf sinne wat in twee paragraw gerangskik is.

VOORBEREIDING:

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

REDIGERING KONTROLELYS:

- 1 Het ek geskryf asof ek met iemand praat?
- 2 Is my eerste paragraaf in die teenwoordige tyd geskryf?
- 3 Is my tweede paragraaf in die verlede tyd geskryf?
- 4 Het ek vrae aan my leser gerig?
- 5 Het ek die brief begin en afgesluit met 'n groet?
- 6 Het ek ten minste twaalf volledige sinne?
- 7 Het ek al die woorde reg gespel?
- 8 Begin elke sin met 'n hoofletter?
- 9 Eindig elke sin met die regte leesteken?

DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
- 2 Lees jou rofwerk/opstel hardop vir die leerders.
- 3 Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
- 4 Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
- 3 Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
- 4 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.

- 5 Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
- 6 Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
- 7 Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

n Brief oor kalm en ontspanne gevoel: Konsep

Liewe Mary,

Ek skryf om jou te vertel van ^kalm en ontspanne gevoelens. Ons het by die skool daarvan geleër. Ek voel rustig en ontspanne as ek alléén in my kamer sit. As ek alléén sit, kan ek ^kalm bly en asemhaal. Ek voel ^kalm en ontspanne as ek met my vriende praat, want ons lag en maak mekaar gelukkig. Ek wil graag 'n draai gaan loop, want my onderwyser sê dit help haar. Wat doen jy om ^kalm en ontspanne te voel?

Een keer het ek met my suster baklei. Ek het so ontsteld ^{gevoel} gevoel. Ek het besluit om te kalmteer deur na my kamer te gaan en rustig te sit. Ek dink ek het goeie werk ^{gedoen} gedoen, want dit het my kalmteer. Ek het nie op my suster geskree nie. Die volgende keer as ek met enigiemand baklei, sal ek probeer om seker te ^{maak} maak ek loop weg en gaan sit rustig en alléén, eerder as om 'n groot stryd te voer. Wat ^{doen} sou jy ~~doen~~ om jou te kalmteer as jy met jou suster baklei?

Skryf asseblief binnekort terug!

Liefde,

Mavis



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rg**
- 2 Sê die woord: **berg**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /b/-/e/-/rg/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /b/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /e/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rg/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **berg**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/b/-/e/-/rg/ = **berg**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **rg**
- 2 Sê die woord: **sorg**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /s/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /rg/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /s/-/o/-/rg/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **sorg**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/s/-/o/-/rg/ = **sorg**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rg woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nummer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **dwerg**
 - 2 **sorg**
 - 3 **terg**
 - 4 **murg**
 - 5 **berg**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____







Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rg**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.






mun



berg



Moenie die dwerg terg nie.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Munene kry hulp</p> <p>Na Munene se ouma oorlede is, het hy by sy tannie Jessica in Mamelodi gaan woon – ver weg van sy huis in Xigalo.</p>	<p>Ek wonder hoe Munene gevoel het toe hy so ver van sy huis af moes wegtrek?</p>
<p>Toe hy by tannie Jessica se huis aankom, voel niks reg nie. Die huis voel groot en leeg.</p> <p>Hy mis die klank van die voëls se getjirp buite sy venster in die oggend.</p> <p>Hy mis die geluid wat die ou deur gemaak het wanneer jy dit oop en toe maak.</p> <p>Hy mis die geluid van sy ouma se harde, diep lag die meeste.</p> <p>Munene wil die hele dag slaap. Hy voel te moeg om uit die bed op te staan.</p>	<p>Ek lei af dat Munene nie goed voel nie, want hy wil die hele dag in die bed bly.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Toe hy by sy nuwe klaskamer kom, voel niks reg nie. Die klaskamer voel donker en koud.</p> <p>Hy mis die klank van die koeie se klokke buite die venster gedurende die skooldag.</p> <p>Hy mis die klank wat die bordkryt op die swartbord maak.</p> <p>Hy mis dat hy geweet het sy ouma is by die huis, net 'n klein entjie weg, die meeste.</p> <p>Om aan skool te dink laat Manene se maag pyn. Elke oggend vertel hy vir tannie Jessica hy is te siek om skool toe te gaan.</p>	<p>Ek lei af dat Munene nie gelukkig voel in sy nuwe omgewing nie – sy tannie Jessica se huis voel nie reg nie en so ook nie sy nuwe skool nie.</p>
<p>Tannie Jessica kan sien iets is nie reg nie. Sy probeer Munene help om by sy nuwe omgewing aan te pas.</p> <p>“Hoekom kom jy nie saam met my na die bure se huis nie? Bokang is nege jaar oud – net soos jy!” stel sy voor, maar Munene voel nie lus om nuwe mense te ontmoet nie.</p>	<p>Tannie Jessica lei af dat iets nie reg is met Munene nie, want hy wil nie uit die bed opstaan nie, na sy nuwe skool gaan nie, of nuwe mense ontmoet nie.</p>
<p>“Ek het jou gunsteling kos vir aandete gemaak!” sê tannie Jessica, sy gee vir Munene 'n geroosterde kaasbroodjie. “Dankie, maar ek is nie honger nie,” sê Munene, hy stoot sy bord weg.</p>	<p>Ek lei af dat tannie Jessica alles doen om Munene te laat beter voel – sy maak selfs sy gunsteling kos! Niks lyk asof dit help om Munene beter te laat voel nie. Ek wonder wat tannie Jessica gaan doen?</p>
<p>Saans, hoor tannie Jessica hoe Munene saggies in sy kussing huil. “Het jy 'n drukkies nodig?” vra sy saggies, maar Munene wil nie 'n drukkies van enige iemand anders as sy ouma hê nie.</p>	<p>–</p>
<p>Tannie Jessica gee Munene tyd om gewoonnd te raak aan dinge, maar na 'n paar weke voel dinge steeds nie reg nie.</p> <p>“Munene, ek is bekommerd oor jou. Ek dink jy is depressief. Jy is gekonfronteer met die dood van die mens vir wie jy die liefste was. Jy het reg oor die land getrek – weg van jou huis en vriende af. Ek dink jy het hulp nodig om jou beter te laat voel” sê sy.</p> <p>Munene sit doodstil vir 'n paar minute. “Beteken dit daar is iets fout met my?” vra Munene benoud.</p> <p>“Nee, dit doen nie,” sê tannie Jessica. “Ek weet daar is 'n negatiewe stigma daaraan om 'n sielkundige te gaan sien, maar dit is nie iets om oor skaam te wees nie. As jou lyf siek voel, dan is jy nie skaam om dokter toe te gaan nie. As jou gees en emosies siek voel, moet jy nie skaam wees om 'n sielkundige te gaan sien nie. Ek sien gereeld 'n sielkundige om te help om my kalm en gelukkig te laat voel,” verseker sy hom.</p>	<p>Ek lei af dat Munene hulp nodig het om hom te laat beter voel – hy kan net nie op sy eie beter voel nie. Ek wonder of om 'n sielkundige te gaan sien, Munene gaan laat beter voel?</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>'n Paar dae later, neem tannie Jessica vir Munene na 'n spesiale kliniek. Hulle wag in die wagkamer.</p> <p>Toe Munene se naam geroep word, voel hy bang. "Moenie bekommerd wees nie, ek wag hier vir jou," verseker tannie Jessica hom en vryf sy rug.</p>	<p>–</p>
<p>Munene stap by 'n klein, helder kantoor in. Hy gaan sit op 'n sagte, gemaklike stoel.</p> <p>"Ek is Siya," sê die sielkundige wat oorkant hom sit. "Kom ons praat oor hoe jy voel."</p> <p>"Wel ek voel..." begin Munene.</p>	<p>Ek lei af dat Munene uiteindelik oor sy gevoelens praat. Ek wonder of om 'n sielkundige te sien vir Munene gaan help om beter te voel?</p>
<p>Toe die uur verby is, neem Munene 'n diep asemteug en stap terug na die wagkamer.</p> <p>"So?" vra tannie Jessica versigtig. "Hoe was dit?"</p> <p>"Wel, ek weet nie of ek klaar beter voel nie..." sê Munene, "maar ek dink ek wil volgende week terugkom. Ek hou van sielkundige Siya – ek dink om met hom te praat mag help."</p> <p>Tannie Jessica druk Munene se hand en glimlag.</p>	<p>Ek lei af om beter te voel is 'n proses – dit gebeur nie net oornag of na net een sessie met 'n sielkundige nie.</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
<p>Wie het Munene gemis?</p>	<p>Munene het sy ouma gemis.</p>
<p>Waar het Munene saam met sy ouma gewoon?</p>	<p>Munene en sy ouma het in Xigalo gewoon.</p>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoekom was Munene se tannie Jessica bekommerd oor hom?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Sy was bekommerd, want hy wou nie uit die bed opstaan nie. • Munene wou nie skool toe gaan nie. • Munene wou nie nuwe mense ontmoet nie. • Munene wou nie sy gunsteling kos eet nie. • Omdat sy alles probeer het om Munene beter te laat voel, maar niks het gelyk of dit wil help nie.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - maagpyn
 - uitgeput
 - gemaklik

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rk**
- 2 Sê die woord: **vark**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /v/-/a/-/rk/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /v/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /a/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rk/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **vark**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/v/-/a/-/rk/ = **vark**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rk**
- 2 Sê die woord: **kerk**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /k/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /e/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /rk/
- 6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer:
/k/-/e/-/rk/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **kerk**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/k/-/e/-/rk/ = **kerk**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rk woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **vark**
 - 2 **kerk**
 - 3 **kurk**
 - 4 **park**
 - 5 **snork**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____








Handskrif:


15 minute


Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rk**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



 park

 snork

 Die vark snork as hy eet.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Publiseer en bied aan

ONDERWERP: Skryf 'n brief aan 'n maat of 'n gesinslid oor hoe om kalm en ontspanne te wees. Die eerste paragraaf sal handel oor goed wat jou kalm en ontspanne laat voel. Die tweede paragraaf handel oor 'n keer toe jy kwaad of ontsteld was en hoe jy jouself gekalmeer het.

OPDRAG: Skryf twaalf sinne wat in twee paragrawe gerangskik is.

SKRYFRAAMWERK:

Liewe ...

Ek skryf om jou te vertel van ...

Ek voel kalm en ontspanne as ... *(Skryf 2-3 sinne hieroor)*

Ek sal graag ... wil probeer.

(Vra 'n vraag aan die persoon aan wie jy skryf)

Eenkeer...

Ek het ... gevoel

Ek het besluit om ...

Ek dink dit was suksesvol/onsuksesvol want...

Volgende keer ...

(Vra 'n vraag aan die persoon aan wie jy skryf)

Skryf asseblief gou weer terug!

Liefde

...

VOORBEREIDING: Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het, op die swartbord voor die begin van die les.

DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
- 2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooidde werk gaan publiseer en gaan aan bied.
- 3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke en indien moontlik skoon velle A4 papier uit sodat hulle hulle briewe aan die ontvangers kan gee.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **'n Brief oor hoe om kalm en ontspanne te wees.**
- 3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
- 4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
- 5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

- 1 In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
- 2 Sê aan leerders om te draai en met 'n maat te praat en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
- 3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
- 4 Indien moontlik laat leerders toe om die briewe huis toe te neem en vir die ontvanger te gee. Dit help om betekenis aan die skryfwerk te gee.

26 November 2020


n Brief oor kalm en ontspanne gevoel

Liewe Mary,

Ek skryf om jou te vertel van kalm en ontspanne gevoelens. Ons het by die skool daarvan geleer. Ek voel rustig en ontspanne as ek alleen in my kamer sit. As ek alleen sit, kan ek kalm bly en asemhaal. Ek voel kalm en ontspanne as ek met my vriende praat, want ons lag en maak mekaar gelukkig. Ek wil graag 'n draai gaan loop, want my onderwyser sê dit help haar. Wat doen jy om kalm en ontspanne te voel?

Een keer het ek met my suster baklei. Ek het so ontsteld gevoel. Ek het besluit om te kalmeer deur na my kamer te gaan en rustig te sit. Ek dink ek het goeie werk gedoen, want dit het my kalmeer. Ek het nie op my suster geskree nie. Die volgende keer as ek met enigiemand baklei, sal ek probeer om seker te maak ek loop weg en gaan sit rustig en alleen, eerder as om 'n groot stryd te voer. Wat sou jy doen om jou te kalmeer as jy met jou suster baklei?

Skrif asseblief binnekort terug!



Liefde,

Mavis



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **terg, berg**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **terg, berg**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /t/ en /b/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **kerk, kurk**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **kerk, kurk**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **berg**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **terg, dwerg, emerg, berk**

JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **park**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
vark, bark, mark, kwark



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: EK WONDER; MAAK AFLEIDINGS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>Munene kry hulp</u></p> <p>Na Munene se ouma oorlede is, het hy by sy tannie Jessica in Mamelodi gaan woon – ver weg van sy huis in Xigalo.</p>	Ek onthou dat Munene depressief voel in die storie. Kom ons dink terwyl ons vandag die storie lees, hoe tannie Jessica hierdie afleiding gemaak het.
<p>Toe hy by tannie Jessica se huis aankom, voel niks reg nie. Die huis voel groot en leeg.</p> <p>Hy mis die klank van die voëls se getjirp buite sy venster in die oggend.</p> <p>Hy mis die geluid wat die ou deur gemaak het wanneer jy dit oop en toe maak.</p> <p>Hy mis die geluid van sy ouma se harde, diep lag die meeste.</p> <p>Munene wil die hele dag slaap. Hy voel te moeg om uit die bed op te staan.</p>	Ek lei af dat om die hele dag in die bed te wil bly, 'n teken van depressie is.
<p>Toe hy by sy nuwe klaskamer kom, voel niks reg nie. Die klaskamer voel donker en koud.</p> <p>Hy mis die klank van die koeie se klokke buite die venster gedurende die skooldag.</p> <p>Hy mis die klank wat die bordkryt op die swartbord maak.</p> <p>Hy mis dat hy geweet het sy ouma is by die huis, net 'n klein entjie weg, die meeste.</p> <p>Om aan skool te dink laat Manene se maag pyn. Elke oggend vertel hy vir tannie Jessica hy is te siek om skool toe te gaan.</p>	Ek lei af dat om elke dag maagpyn te hê, 'n teken van depressie is.
<p>Tannie Jessica kan sien iets is nie reg nie. Sy probeer Munene help om by sy nuwe omgewing aan te pas.</p> <p>“Hoekom kom jy nie saam met my na die bure se huis nie? Bokang is nege jaar oud – net soos jy!” stel sy voor, maar Munene voel nie lus om nuwe mense te ontmoet nie.</p>	Ek lei af om nie nuwe mense te wil ontmoet nie of met ander mense wil gesels nie, 'n teken van depressie is.
<p>“Ek het jou gunsteling kos vir aandete gemaak!” sê tannie Jessica, sy gee vir Munene 'n geroosterde kaasbroodjie. “Dankie, maar ek is nie honger nie,” sê Munene, hy stoot sy bord weg.</p>	Ek lei af om nie honger te voel nie, mag 'n teken van depressie wees – veral as jy nie jou gunsteling kos wil eet nie!

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Saans, hoor tannie Jessica hoe Munene saggies in sy kussing huil. “Het jy ’n drukkie nodig?” vra sy saggies, maar Munene wil nie ’n drukkie van enige iemand anders as sy ouma hê nie.</p>	<p>Daar is soveel tekens dat Munene depressief voel – veral wanneer tannie Jessica aan alles saam dink. Ek dink al hierdie tekens help haar om die afleiding te maak dat Munene depressief mag wees.</p>
<p>Tannie Jessica gee Munene tyd om gewoon te raak aan dinge, maar na ’n paar weke voel dinge steeds nie reg nie.</p> <p>“Munene, ek is bekommerd oor jou. Ek dink jy is depressief. Jy is gekonfronteer met die dood van die mens vir wie jy die liefste was. Jy het reg oor die land getrek – weg van jou huis en vriende af. Ek dink jy het hulp nodig om jou beter te laat voel” sê sy.</p> <p>Munene sit doodstil vir ’n paar minute. “Betekendit daar is iets fout met my?” vra Munene benoud.</p> <p>“Nee, dit doen nie,” sê tannie Jessica. “Ek weet daar is ’n negatiewe stigma daaraan om ’n sielkundige te gaan sien, maar dit is nie iets om oor skaam te wees nie. As jou lyf siek voel, dan is jy nie skaam om dokter toe te gaan nie. As jou gees en emosies siek voel, moet jy nie skaam wees om ’n sielkundige te gaan sien nie. Ek sien gereeld ’n sielkundige om te help om my kalm en gelukkig te laat voel,” verseker sy hom.</p>	<p>Tannie Jessica het na aanleiding van al die tekens wat sy gesien het, afgelei dat Munene depressief is – en omdat hy groot lewensveranderinge ervaar het, soos sy ouma wat oorlede is en dat hy na ’n nuwe plek moes trek.</p>
<p>’n Paar dae later, neem tannie Jessica vir Munene na ’n spesiale kliniek. Hulle wag in die wagkamer.</p> <p>Toe Munene se naam geroep word, voel hy bang. “Moenie bekommerd wees nie, ek wag hier vir jou,” verseker tannie Jessica hom en vryf sy rug.</p>	<p>Ek lei af dat Munene nog nooit vantevore ’n sielkundige gesien het nie, want hy is bekommerd oor sy afspraak.</p>
<p>Munene stap by ’n klein, helder kantoor in. Hy gaan sit op ’n sagte, gemaklike stoel.</p> <p>“Ek is Siya,” sê die sielkundige wat oorkant hom sit. “Kom ons praat oor hoe jy voel.”</p> <p>“Wel ek voel...” begin Munene.</p>	<p>–</p>
<p>Toe die uur verby is, neem Munene ’n diep asemteug en stap terug na die wagkamer.</p> <p>“So?” vra tannie Jessica versigtig. “Hoe was dit?”</p> <p>“Wel, ek weet nie of ek klaar beter voel nie...” sê Munene, “maar ek dink ek wil volgende week terugkom. Ek hou van sielkundige Siya – ek dink om met hom te praat mag help.”</p> <p>Tannie Jessica druk Munene se hand en glimlag.</p>	<p>Ek lei af om ’n sielkundige te sien, mag Munene help met sy depressie. Sielkundiges is so belangrik en behulpsaam.</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het Munene Mamelodi toe getrek?	Hy moes Mamelodi toe trek om by sy tannie Jessica te gaan woon, nadat sy ouma oorlede is.
Wat is Munene se gunsteling kos?	Munene se gunsteling kos is 'n geroosterde kaasbroodjie.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoe het tannie Jessica afgelei dat Munene dalk depressief mag wees?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat hy die heel dag wou slaap. Hy wou nie uit die bed opstaan nie. • Omdat hy elke dag maagpyn gehad het, hy wou nie skool toe gaan nie. • Omdat hy nie nuwe mense wou ontmoet nie. • Omdat hy nie wil eet nie – selfs al is dit sy gunsteling kos. • Omdat tannie Jessica elke aand vir Munene hoor huil het. • Omdat Munene se ouma oorlede is. • Omdat Munene na 'n nuwe plek moes trek – alles het vir hom verander!



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - teken
 - simptoom
 - emosie

Rympie of liedjie	Aksies
Sit jou hande bymekaar	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Dan mediteer ons saam	<i>Sit jou hande bymekaar</i>
Haal diep asem en sluit jou oë	<i>Haal diep asem en maak jou oë toe</i>
Dink aan die blou lug en gee 'n groot sug	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>
So word ons saam rustig	<i>Hou jou oë toe met jou hande bymekaar</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie ...
Ons kan aflei dat Munene depressief voel want...
Ons kan aflei dat Tannie Jessica vir Munene omgee want...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

**Fonemiese Bewustheid En Klanke:**

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

rg	rk	e
u	a	o
k	s	t
m	v	n

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: /**rg**/ en /**rk**/
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/s/-/o/-/rg/ = **sorg**
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om /rg/ of /rk/ te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv: /n/-/e/-/t/ = **net**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **rg, rk**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **sorg, terg, murg, vark, kerk, kurk, snork, net, kam, vet, kaas, soom, neus**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS

ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of 'n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
- 2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle gaan **teken en skryf** oor wat 'n karakter in die storie dink en hoe hulle voel.
- 3 **Demonstreer** hoe jy 'n karakter kies en afleidings maak oor wat hulle dink en hoe hulle voel, soos: Tannie Jessica is bekommerd dat Munene nie gelukkig voel nie.
- 4 Teken 'n prent op die swartbord van Tannie Jessica wat vir Munene luister as hy in die aand huil.
- 5 **Demonstreer** hoe jy 'n denkborrel by jou tekening byvoeg, soos: Wat kan ek doen om Munene te help?
- 6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou 'n karakter gaan kies en afleidings gaan maak oor wat die karakter dink en voel.
- 7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
- 8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
- 9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the entire page, creating a textured, academic atmosphere.

Graad 3

TERMYN 4

Week

5

TEMA:

**Hartseer
en verdriet**



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Skryf 'n kort storie vir die leerders om te lees oor 'n tyd toe jy hartseer gevoel het.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Strategië oor hom om leerders te help om hulle hartseer gevoelens te verwerk.
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 86, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 87–88, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 89, Ons doen

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n keer toe jy hartseer gevoel het en wat het jou laat beter voel.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die vooblad van die Grootboek storie: Bantu voel hartseer
- 2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Hartseer en verdriet
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Waarom voel mense hartseer?
 - b Hoe lyk dit of klink dit as iemand hartseer is?
 - c Wat is verdriet?
 - d Hoe is hartseer en verdriet met mekaar verbind? (Hoe is hulle dieselfe? Hoe is hulle verskillend?)

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - hartseer
 - verdriet
 - dood
 - begrafnis

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Woorde** neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–6 in die kantlyn te skryf en 'n reel na elke nommer oop te los.
- 3 Lees die enkelvoud woorde hardop vir die leerders. Leerders moet die regte word langs die nommer skryf.

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 held
 - 2 weerklank
 - 3 tamatie
 - 4 aartappel
 - 5 dominosteen
- 4 Sê aan die leerders om die woorde as meervoude oor te skryf, op die reel onder elke woord.
 - 5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte woorde op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
 - 6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.

- 7 Onderstreep die patrone soos volg:

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 held
helde
 - 2 weerklank
weerklane
 - 3 tamatie
tamaties
 - 4 aartappel
aartappels
 - 5 dominosteen
dominostene
- 8 Sê aan leerders om oor die patrone te dink as hulle lees of skryf.
 - 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Voorlees**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Bantu voel hartseer
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

**Skryfwerk:**

30 minute

Beplan En Opstel

ONDERWERP: Skryf 'n storie oor iemand wat tans hartseer of verdriet ervaar.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

BEPLANNINGSTRATEGIE: Teken 'n breinkaart

STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

- 1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou storie soos:
Ek gaan 'n storie skryf wat deur my ouma se afsterwe geïnspireer is. Dit sal 'n fiktiewe storie wees, maar ek wil steun op my eie ervarings om die storie meer realisties te maak.


DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

- 1 Teken 'n breinkaart raam aan die eenkant van die swartbord.
- 2 Wys aan die leerders hoe jy die breinkaart opstel deur die vrae te beantwoord.
- 3 Voltooi die breinkaart op die anderkant van die swartbord.

Breinkaart Plan			Breinkaart		
Wie is hartseer of ervaar verdriet?	Wat het gebeur?	Waar speel die storie af? (tyd en plek)	Sandile en Sandile se ma.	Sandile se ouma, sy ma se ma is oorlede.	Paragraaf 1 – hulle maak reg. Paragraaf 2 – Hulle woon die begrafnis by Paragraaf 3 – Hulle eet aandete
Waarom is die person hartseer of ervaar hulle verdriet?	My storie	Wie is die ander karakters in die storie?	Ouma se afsterwe was onverwags – sy was in 'n motor ongeluk.	My storie	Ander mense woon ook die begrafnis by.
Wat help om die person beter te laat voel?	Watter ervarings kan jy op steun om jou met die storie te help?	Is daar enige ander besonderhede?	Sandile sit sy arm om sy ma en hulle sien baie mense by die begrafnis.	My oupa is oorlede. Dit het my hartseer laat voel en my ma het dae lank gehuil.	Hulle eet Ouma se gunsteling kos om haar te eer.

LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

- 1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan 'n karakter wat hartseer is of verdriet ervaar.
- 2 Sê aan leerders om **te draai en met 'n maat te praat** oor hulle eie stories.
- 3 Wys aan die leerders die breinkaart raam (Spinnekop –en – web metode) op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
- 4 Deel leerders se boeke uit.
- 5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
- 6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.



WEEK 5



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rm**
- 2 Sê die woord: **kerm**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /**k**/-/**e**/-/**rm**/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /**k**/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /**e**/
- 6 Sê die endklank van die woord: /**rm**/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **kerm**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/k/-/e/-/rm/ = **kerm**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **rm**
- 2 Sê die woord: **warm**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /**w**/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /**a**/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /**rm**/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /**w**/-/**a**/-/**rm**/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **warm**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/w/-/a/-/rm/ = **warm**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rm woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–6.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **arm**
 - 2 **kerm**
 - 3 **wurm**
 - 4 **storm**
 - 5 **swerm**
 - 6 **warm**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____




Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rm**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



r m *r m* *r m*



arm




kerm



wurm




storm



swerm



warm



Die wurm loop op my arm.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p><u>Bantu voel hartseer</u></p> <p>Khumo se vriend Bantu het nie Maandag of Dinsdag skool toe gekom nie. Khumo wonder waar sy vriend kan wees.</p>	–
<p>Toe Khumo Dinsdag na skool by die huis kom, vertel sy ma hom dat Bantu se ouma oorlede is. Bantu was altyd saam met sy ouma. Khumo dink aan hoe hartseer Bantu moet voel.</p> <p>“Ek moet probeer om my vriend beter te laat voel,” dink Khumo. Hy dink en dink oor wat om te doen.</p>	Ek kan aflei dat Khumo omgee vir sy vriend, want hy wil hom help om beter te voel!
<p>“Miskien kan ek Bantu laat lag as ek vir hom al my beste grappe vertel!” dink Khumo. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!” Khumo dink aan al sy goeie grappe. Hy skryf hulle neer op ’n stuk papier en sit dit in sy skoolsak.</p>	Ek kan aflei dat Khumo baie hard probeer om sy vriend beter te laat voel!
<p>Woensdagoggend, kry Khumo vir Bantu by die skool. Khumo dink dit mag dalk vir Bantu hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Khumo sê niks nie en begin om vir Bantu al sy grappe te vertel. Na elkeen kyk hy of Bantu glimlag, maar Bantu lyk net hartseer.</p>	Ek kan aflei dat Khumo se grappe nie regtig vir Bantu laat beter voel het nie, want Bantu lyk steeds hartseer nadat Khumo die grappe vertel het!
<p>Woensdagaand, dink Khumo aan wat hy nog kan doen om sy vriend beter te laat voel.</p> <p>“Miskien kan ek Bantu laat beter voel as ek hom nuwe gooiertoertjies wys,” dink Khumo. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!”</p> <p>Khumo kry lemoene in die kombuis. Hy neem hulle buitoe en oefen om dit te gooi, totdat hy drie gelyk in die lug kan hou!</p>	Ek kan aflei dat Khumo baie hard probeer om sy vriend beter te laat voel!
<p>Donderdagoggend kry Khumo vir Bantu by die skool. Khumo dink dit mag dalk vir Bantu hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Khumo sê niks nie. In plaas daarvan, haal hy sy lemoene uit en wys sy nuwe toertjie vir Bantu. Hy hou al drie lemoene gelyk in die lug, hy dink dit is nogal indrukwekkend. Hy kyk vir ’n glimlag op Bantu se gesig, maar Bantu lyk net hartseer.</p>	Ek kan aflei dat Khumo se toertjies nie regtig vir Bantu laat beter voel het nie, want Bantu lyk steeds hartseer nadat Khumo hom al die indrukwekkende toertjies gewys het!

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Toe Khumo Donderdag na skool by die huis kom, voel hy ontsteld. "Ek het probeer en probeer om Bantu nie hartseer te laat voel nie!" sê Khumo vir sy ma. "Ek het vir hom grappe vertel, ek het hom my beste gooitoertjies gewys, maar niks werk nie!" sê Khumo. "Het jy vir hom gesê jy is jammer dat sy ouma oorlede is?" vra Khumo se ma.</p> <p>"Nee. Ek het gedink dit sal Bantu laat slegter voel as ek oor sy ouma praat," antwoord Khumo.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo sy vriend Bantu wil help, maar hy is nie seker wat om te doen nie! Ek kan aflei dat Khumo nog nooit 'n vriend gehad het wie se ouma oorlede is nie.</p>
<p>Khumo se ma gaan sit langs hom. "Bantu voel hartseer, want hy was lief vir sy ouma. Jy moenie probeer om hom van sy hartseer te laat vergeet nie. Soms, wanneer ons hartseer is, het ons net nodig dat ons vriende by ons is en na ons luister," sê Khumo se ma.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo se ma al 'n vriend gehad het wie se ouma oorlede is, want dit lyk of sy weet wat om te doen!</p>
<p>Vrydagoggend kry Khumo vir Bantu by die skool. "Ek is regtig jammer oor jou ouma wat oorlede is," sê Khumo. "Ek het nie geweet hoe om jou te laat beter voel nie. Ek kan net by jou sit as dit is wat jy wil hê. As jy wil praat oor jou hartseer, is ek hier om te luister," sê Khumo.</p>	<p>Khumo volg sy ma se raad! Ek kan aflei dat Khumo regtig omgee vir sy vriend en hom wil laat beter voel!</p>
<p>Vir die eerste maal daardie week, kyk Bantu na Khumo met 'n klein glimlag.</p> <p>"Dankie, Khumo. Jy is 'n goeie vriend," sê Bantu.</p>	<p>Ek kan aflei dat vir die eerste maal die week, het Khumo vir Bantu gehelp om bietjie beter te voel.</p>
Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonses
<p>Hoekom was Bantu Maandag en Dinsdag afwesig by skool?</p>	<p>Omdat sy ouma oorlede is.</p>
<p>Wat het Khumo Woensdag gedoen om sy vriend beter te laat voel?</p>	<p>Hy het vir sy vriend grappe vertel om hom te laat lag.</p>
<p>Wie het vir Khumo in die storie gehelp?</p>	<p>Khumo se ma het hom gehelp!</p>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoekom het Khumo grappe vertel en gooitoertjies gedoen?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat hy sy vriend Bantu wou laat beter voel. • Omdat hy gedink het grappe en toertjies gaan Bantu laat vergeet van sy hartseer. • Omdat hy omgee en sy vriend wil help. • Omdat hy nie geweet het wat om te doen om sy vriend beter te laat voel nie. Hy het die beste probeer wat hy kon!



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - oerwoud
 - aandag aflei
 - bedagsaam
 - dankbaar

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rp**
- 2 Sê die woord: **serp**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /s/-/e/-/rp/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /s/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /e/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **serp**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/s/-/e/-/rp/ = **serp**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rp**
- 2 Sê die woord: **dorp**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /d/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /rp/
- 6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /d/-/o/-/rp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **dorp**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/d/-/o/-/rp/ = **dorp**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rp woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–4.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **skerp**
 - 2 **harp**
 - 3 **serp**
 - 4 **dorp**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____









Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rp**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Rofwerk / Opstel

ONDERWERP: Skryf ’n storie oor iemand wat tans hartseer of verdriet ervaar.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer ’n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

Dit was ... (Skryf oor ’n probleem in die storie. Gee besonderhede oor die karakters, the plek waar die storie af gespeel het en wat gebeur het.

Paragraaf 2

Toe ... (Skryf oor hoe die probleem opgelos is. Wat het in die storie gebeur om die karakters te help om hulle hartseer en verdriet te verwerk.)

Paragraaf 3 (Opsioneel)

Later ... (Skryf oor hoe die storie eindig. Wat gebeur volgende of aan die einde van die storie.)

VOORBEREIDING: Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
- 2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
- 3 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
Dit was die oggend van Sandile se ouma se begrafnis. Dit sou ’n baie moeilike dag gewees het. Sandile het gehoor toe sy ma gehuil het toe sy vir die begrafnis aangetrek het. Sandile het gewens dat die motorongeluk nooit gebeur het nie. Hy het nooit gedink hoe dit sou voel om sonder sy ouma te lewe nie.

Toe hulle by die kerk aangekom het het hulle in die eerste ry gesit. Sandile en sy ma het gehuil toe hulle die kis sien. Sandile se ouma se maats en bure het die kerkbanke vol gesit. “Kyk Mamma, baie mense het Ouma lief gehad”, het Sandile gesê toe hy sy arm om sy ma sit. Sandile se ma het deur haar trane geglimlag toe sy in die kerk rond gekyk het. “Baie mense het haar lief gehad”, het sy gesê.

Later die aand het Sandile en sy ma, Ouma se gunsteling kos geëet om haar te eer. “Ons sal Ouma nooit vergeet nie”, het Sandile gesê toe hy ’n groot hap vat.

LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Hartseer en verdriet:**
Rofwerk / Opstel
- 3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
- 4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
- 5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
- 6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
- 7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Hartseer en treurig: KonsepParagraaf 1

Dit was die dag van Mpumie se ma se begrafnis. Dit was 'n baie hartseer dag. Mpumie se oma het probeer om Mpumie 'n bietjie beter te late voel deur haar 'n groot drukkies te gee.

Mpumie het hartseer gevole oor haar ma en dat sy van haar vriende moes wegtrek om by haar oma te gaan woon.

Paragraaf 2

Toe hulle by die begrafnis kom, was hulle so hartseer. Hulle het begin huil. Mpumie se oma het haar 'n groot drukkies gegee en gesê dat sy na haar sal omsien. Sy het an Mpumie gesê dat sy baie lief is oor haar en sal altyd daar weis vir haar.

Paragraaf 3

Later to Oma en Mpumie in die huis is. Oma het aan Mpumie gesê dat sy by Mpumie se huse wil intrek sodat Mpumie naby haar vriende kan bly. Mpumie was bly omdat sy altyd haar ma sou onthou en 'n wonderlike oma sou hê om na haar om te sien.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **wurm, warm**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **wurm, warm**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /u/ en /a/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **kerm, swerm**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **kerm, swerm**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **skerp**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **serp, werp, snerp, skerf, skerf**


JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **warm**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
arm, wurm, warme, warmste

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>Bantu voel hartseer</u></p> <p>Khumo se vriend Bantu het nie Maandag of Dinsdag skool toe gekom nie. Khumo wonder waar sy vriend kan wees.</p>	<p>–</p>
<p>Toe Khumo Dinsdag na skool by die huis kom, vertel sy ma hom dat Bantu se ouma oorlede is. Bantu was altyd saam met sy ouma. Khumo dink aan hoe hartseer Bantu moet voel.</p> <p>“Ek moet probeer om my vriend beter te laat voel,” dink Khumo. Hy dink en dink oor wat om te doen.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo nog nooit ‘n vriend gehad het wie se ouma oorlede is nie. Ek kan dit aflei, want Khumo wil help, maar hy weet nie hoe nie!</p>
<p>“Miskien kan ek Bantu laat lag as ek vir hom al my beste grappe vertel!” dink Khumo. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!” Khumo dink aan al sy goeie grappe. Hy skryf hulle neer op ‘n stuk papier en sit dit in sy skoolsak.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo dink om te lag gaan sy vriend beter laat voel en hom laat vergeet van sy ouma!</p>
<p>Woensdagoggend, kry Khumo vir Bantu by die skool. Khumo dink dit mag dalk vir Bantu hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Khumo sê niks nie en begin om vir Bantu al sy grappe te vertel. Na elkeen kyk hy of Bantu glimlag, maar Bantu lyk net hartseer.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo dink Bantu gaan beter voel as hy heeltemal van sy ouma vergeet.</p>
<p>Woensdagaand, dink Khumo aan wat hy nog kan doen om sy vriend beter te laat voel.</p> <p>“Miskien kan ek Bantu laat beter voel as ek hom nuwe gooitoertjies wys,” dink Khumo. “Dan sal hy vergeet dat hy hartseer voel!”</p> <p>Khumo kry lemoene in die kombuis. Hy neem hulle buitentoe en oefen om dit te gooi, totdat hy drie gelyk in die lug kan hou!</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo dink nuwe gooitoertjies gaan sy vriend beter laat voel en van sy ouma laat vergeet!</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Donderdagoggend kry Khumo vir Bantu by die skool. Khumo dink dit mag dalk vir Bantu hartseer maak as hy oor sy ouma praat. So Khumo sê niks nie. In plaas daarvan, haal hy sy lemoene uit en wys sy nuwe toertjie vir Bantu. Hy hou al drie lemoene gelyk in die lug, hy dink dit is nogal indrukwekkend. Hy kyk vir 'n glimlag op Bantu se gesig, maar Bantu lyk net hartseer.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo moet dink Bantu gaan beter voel as hy van sy ouma vergeet.</p>
<p>Toe Khumo Donderdag na skool by die huis kom, voel hy ontsteld. "Ek het probeer en probeer om Bantu nie hartseer te laat voel nie!" sê Khumo vir sy ma. "Ek het vir hom grappe vertel, ek het hom my beste goitoertjies gewys, maar niks werk nie!" sê Khumo. "Het jy vir hom gesê jy is jammer dat sy ouma oorlede is?" vra Khumo se ma.</p> <p>"Nee. Ek het gedink dit sal Bantu laat slegter voel as ek oor sy ouma praat," antwoord Khumo.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo ontsteld voel, want hy probeer so hard om sy vriend te help, maar niks werk nie! Ek kan aflei dat Khumo nie weet wat om nog te doen nie!</p>
<p>Khumo se ma gaan sit langs hom. "Bantu voel hartseer, want hy was lief vir sy ouma. Jy moenie probeer om hom van sy hartseer te laat vergeet nie. Soms, wanneer ons hartseer is, het ons net nodig dat ons vriende by ons is en na ons luister," sê Khumo se ma.</p>	<p>O! Khumo het gedink Bantu moet vergeet van sy ouma en sy hartseer, maar ek kan aflei dat dit miskien nie die regte ding is nie. Khumo se ma sê vir hom hy moet na sy vriend luister – nie hom laat probeer vergeet nie! Ek kan aflei dat Khumo nie moet probeer om sy vriend te laat vergeet nie!</p>
<p>Vrydagoggend kry Khumo vir Bantu by die skool.</p> <p>"Ek is regtig jammer oor jou ouma wat oorlede is," sê Khumo. "Ek het nie geweet hoe om jou te laat beter voel nie. Ek kan net by jou sit as dit is wat jy wil hê. As jy wil praat oor jou hartseer, is ek hier om te luister," sê Khumo.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo sy ma se raad ernstig opgeneem het, want hy bied aan om net na sy vriend te luister. Ek kan aflei dat Khumo regtig omgee om sy vriend te help.</p>
<p>Vir die eerste maal daardie week, kyk Bantu na Khumo met 'n klein glimlag.</p> <p>"Dankie, Khumo. Jy is 'n goeie vriend," sê Bantu.</p>	<p>Ek kan aflei dat Khumo se ma se raad gehelp het. Ek kan die afleiding maak, want Bantu glimlag uiteindelik vir Khumo. Khumo moet so verlig voel dat hy uiteindelik iets kon doen om sy vriend bietjie te help!</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Wanneer was Bantu afwesig?	Maandag en Dinsdag.
Wat het Khumo gedoen om te probeer om sy vriend beter te laat voel?	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het vir hom snaakse grappe vertel. • Hy het gooi-toertjies geleer. • Op die ou einde, het hy aangebied om na sy vriend te luister!
Hoekom kan ons aflei dat Khumo gefrustreerd gevoel het teen Donderdagaand?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat hy nie sy vriend beter kon laat voel nie. • Omdat hy hard gewerk het, maar niks wat hy probeer het, het gehelp nie! • Omdat hy nie geweet het wat om nog te doen nie!
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het Bantu uiteindelik vir Khumo geglimlag?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat Khumo uiteindelik vir Bantu gesê het hy voel jammer oor sy ouma. • Omdat Khumo aangebied het om na Bantu te luister. • Omdat Khumo nie probeer het om Bantu te laat vergeet van sy ouma nie. • Omdat Khumo vir Bantu gesê dit is reg as hy hartseer voel.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - raad
 - verlig
 - herinnering

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor ...
Ek dink Khumo is... want ...
Die storie hou verband met die tema oor 'Hartseer en verdriet' want ...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

rm	rp	a
e	u	o
k	s	t
d	w	h

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/rm/** en **/rp/**
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/d/-/o/-/rp/ = dorp
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/rm/** of **/rp/** te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/w/-/a/-/t/ = wat**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **rm, rp**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **arm, kerm, wurm, storm, swerm, warm, skerp, harp, serp, dorp, wat, das, hek, dood, soet, twee**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS

ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of 'n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
- 2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle gaan **teken en skryf** oor wat 'n karakter in die storie dink en hoe hulle voel.
- 3 **Demonstreer** hoe jy 'n karakter kies en afleidings maak oor wat hulle dink en hoe hulle voel, soos: Bantu sit en wens dat hy iemand gehad het met wie hy sy gevoelens kon deel. Ek dink dat hy hartseer en alleen voel.
- 4 Teken 'n prent op die swartbord van Bantu wat buite sit en hartseer voel.
- 5 **Demonstreer** hoe jy 'n denkbordel by jou tekening byvoeg, soos: Ek wonder met wie ek my hartseer gevoelens kan deel.
- 6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou 'n karakter gaan kies en afleidings gaan maak oor wat die karakter dink en voel.
- 7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
- 8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
- 9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, gears, lightbulbs, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

Graad 3

TERMYN 4

Week

6

TEMA:

**Hartseer
en verdriet**



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Prent van piramides / grafte in antieke Egipte; prente van die Taj Mahal; prente van interessant monumente wat gebou is vir mense wat oorlede is.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Verskillende maniere waarop mense hulle geliefdes se afsterwe herdenk. (in verskillende gelowe, lande en in die geskiedenis)
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseeer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 90, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 91–92, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 93, Ons skryf

Aktiwiteit 4: Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n keer toe jy 'n maat of familielid gehelp het toe hulle hartseer gevoel het.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van die versierde altaar in die Grootboek storie: **Om Tio Pablo te onthou**
- 2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Hartseer en verdriet
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Waarom voel mense hartseer of verdriet? (Het jy iets nuuts hieroor geleer?)
 - b Wat kan help om iemand beter te laat voel as hulle hartseer is?
 - c Wat het jy van Munene, Tannie Jessica, Khumo en Bantu oor hartseer en verdriet geleer?

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - altaar
 - versierde
 - Mexiko

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne** neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.

- 3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

Enkelvoud na Meervoud Sinne

- 1 Die man is 'n held.
 - 2 Die kind kan 'n weerklank hoor.
 - 3 Die meisie wil 'n tamatie eet.
 - 4 Die mammas sit 'n aartappel in die sop
 - 5 Die seun speel met 'n dominosteen.
- 4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.
- 5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte woorde op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.
- 7 Onderstreep die patrone soos volg:

Enkelvoud na Meervoud Sinne

- 1 Die man is 'n held.
Die manne is helde.
 - 2 Die kind kan 'n weerklank hoor.
Die kinders kan weerklanke hoor.
 - 3 Die meisie wil 'n tamatie eet.
Die meisie wil tamaties eet.
 - 4 Die mamma sit 'n aartappel in die sop.
Die mammas sit aartappels in die sop.
 - 5 Die seun speel met 'n dominosteen.
Die seuns speel met die dominostene.
- 8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Voorlees**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Onthou Tio Pablo
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

**Skryfwerk:**

30 minute

Redigeer

ONDERWERP: Skryf 'n storie oor iemand wat tans hartseer of verdriet ervaar.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

VOORBEREIDING:

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

REDIGERING KONTROLELYS:

- 1 Handel my storie oor 'n karakter wat hartseer of verdriet ervaar?
- 2 Het ek die tyd en plek waar die storie afspeel ingesluit (waar en wanneer)?
- 3 Het ek besonderhede oor wat gebeur het ingesluit?
- 4 Het ek ten minste twaalf sinne geskryf?
- 5 Het ek ten minste twee paragrawe geskryf?
- 6 Het ek al die woorde reg gespel?
- 7 Begin elke sin met 'n hoofletter?
- 8 Eindig elke sin met die regte leesteken?

DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
- 2 Lees jou rofwerk/opstel hardop vir die leerders.
- 3 Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
- 4 Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
- 3 Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
- 4 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
- 5 Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
- 6 Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
- 7 Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Hartseer en treurig: KonsepParagraaf 1

Dit was die da^g van Mpumie se ma se begrafnis. Dit was 'n baie hartseer da^g. Mpumie se oma het probeer om Mpumie 'n bietjie beter te late^{laag} voel deur haar 'n groot drukkies te gee.

Mpumie het hartseer^{gewoel} gevoel oor haar ma en dat sy van haar vriende moes wegtrek om by haar oma te gaan woon.

Paragraaf 2

Toe hulle by die begrafnis kom, was h^ule so hartseer. H^ule het begin huil. Mpumie se oma het h^uar 'n groot drukkies gegee en gesê dat sy na haar sal omsien. Sy het aⁿ Mpumie gesê dat sy baie lief is ^{vir} haar en sal altyd daar wees vir haar.

Paragraaf 3

Later t^o Oma en Mpumie in die huis ^{was}. Oma het aan Mpumie gesê dat sy by Mpumie se ^{huis} wil intrek sodat Mpumie naby h^uar vriende kan bly. Mpumie was bly omdat sy altyd h^uar ma sou onthou en 'n wonderlike oma sou h^uê om na h^uar om te sⁱen.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rs**
- 2 Sê die woord: **kers**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /k/-/e/-/rs/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /k/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /e/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rs/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **kers**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/k/-/e/-/rs/ = **kers**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **rs**
- 2 Sê die woord: **wors**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /w/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /rs/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /w/-/o/-/rs/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **wors**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/w/-/o/-/rs/ = **wors**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rs woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **bors**
 - 2 **kers**
 - 3 **koors**
 - 4 **wors**
 - 5 **skaars**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____







Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rs**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





wors



skaaars



Oupa braai wors op die vuur.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelde Lees:

15 Minute

Aanvangslees

BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER; MAAK AFLEIDINGS

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p><u>Om Tio Pablo te onthou</u></p> <p><i>Reg oor die wêreld is daar verskillende rituele om eer te bewys aan mense wat doodgegaan het en hul lewens te vier.</i></p> <p><i>In Suid-Afrika doen baie mense die onthulling van 'n grafsteen, gewoonlik 'n jaar nadat 'n persoon oorlede is. Hierdie is 'n geleentheid om eer te bewys aan die oorledene en hulle lewe te vier, na 'n jaar van rou. Hierdie geleentheid begin gewoonlik met 'n godsdienstige seremonie, dan word die grafsteen onthul en dan word die inskrywing gelees. Uiteindelik, eet en drink almal saam en daar word fees gevier.</i></p>	

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p><i>In Meksiko word daar 'n fees gehou wat die Dia de los Muertos genoem word. Dit word een maal 'n jaar gehou van die 31ste Oktober tot die 2de November om die dooies te eer. Hierdie feesviering is hele paar duisend jaar gelede deur die inheemse mense van Sentraal Amerika begin, hulle het die rou van afgestorwenes as oneerbiedig beskou. Vir mense in hierdie kulture, was die dood 'n natuurlike deel van die lewe. Hulle het geglo om die dooies lewendig te hou in gedagtes en in gees. Gedurende die Dia de los Muertos, het hulle geglo dat die dooies tydelik terugkeer aarde toe. Vandag nog bou families altare wat die dooies huis toe moet lei om deel te wees van die feestelikheid.</i></p> <p>In hierdie storie gaan jy sekere Spaanse woorde teëkom:</p> <p><i>Día de los Muertos – Dag van die Dood (uitgespreek deeah deh lows mwertoes)</i></p> <p><i>Tio – oom</i></p> <p><i>Abuela – ouma</i></p> <p><i>Tamales – klein pasteitjies gevul met geurige maalvleis of groente</i></p>	
<p>Dit was die eerste <i>Día de los Muertos</i> viering sedert Tio Pablo se dood. My ma het besluit ons moet vanjaar 'n besondere swierige altaar bou – om vir die eerste maal sedert sy dood, hom huis toe te lei .</p> <p>Die dag voor die feesvering, het my ma twee klein tafels in die sitkamer opgeslaan. Sy het 'n helderkleurige doek oor elke tafel gegooi. Toe sit sy bokse van verskillende groottes bo-op die tafels om sewe lae te vorm.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe die verteller se ma versigtig die tafels regkry terwyl sy dink aan haar ma en broer wat weg is.</p>
<p>Op die aand voor die 1ste November, het my ma vir my en my suster gevra om al die foto's deur die hele huis van Tia Pablo bymekaar te maak en vir haar te bring. Sy het foto's gekry van haar en Tio toe hulle nog klein kindertjies was. Sy het al die foto's rondom die altaar neergesit.</p> <p>“Daarsy!” het my ma gesê. “Dit sal Tio se siel laat welkom voel – en hy sal besef dat ons hom nie vergeet het nie.”</p>	<p>Ek stel myself voor hoe die verteller se ma versigtig die foto's op die verskillende vlakke van die altaar neersit, terwyl sy glimlag as sy dink aan die lekker tye wat sy saam met haar broer gehad het.</p>
<p>Toe sit my ma die foto's van ons Abuela by – soos ons elke jaar doen. “Abuela kom reeds vir 'n lang tyd huis toe,” sê my suster Sophia, terwyl sy na die groot foto van Abuela as 'n jong vrou kyk.</p>	<p>–</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Volgende gee my ma vir my en my suster elkeen 'n sak vol gousblomme. "Abuela was baie lief vir gousblomme. Ek dink wanneer sy elke jaar huis toe kom, laat die reuk haar welkom en gelukkig voel" sê my ma.</p> <p>"Hierdie is meer blomme as wat ons gewoonlik kry!" sê ek vir my ma en druk my neus in die heerlike reuk van die sak vol blomme. "Wel vanjaar gaan ons 'n paadjie maak van die deur tot by die altaar – om seker te maak Tio se siel kan die altaar maklik vind," sê my ma. Sy wys ons hoe om die blomblaartjies uit die blomme te trek. Toe sprinkel ons versigtig die blomblaartjies van die deur tot by die altaar. Ons gebruik die orige blomme om die altaar te versier.</p> <p>"Ek dink dit is die mooiste altaar wat ons nog ooit gemaak het!" sê my suster met 'n groot glimlag. "Ek dink Tio gaan baie beïndruk wees."</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe die verteller en haar suster die blomblaartjies uit die blomme trek en die gang versier – al die pad tot by die altaar! Ek verbeeld my die reuk van soet blomme deur die hele huis.</p>
<p>"Watter tipe kos gaan ons los vir Tio se siel?" vra my ma.</p> <p>"Beide Tio en Abuela was lief vir geurige tamales," sê my ma. Sy gaan kombuis toe en kom terug met vier tamales vir die altaar. "Dit behoort hulle honger te stil nadat hulle so ver gereis het – van die geesteswêreld al die pad terug tot hier – na die wêreld van die lewendes!"</p>	<p>Die altaar het kleurvolle materiaal, prente, blomme en nou ook kos. Dit is besig om baie mooi en swierig te word.</p>
<p>"Ek onthou dat Tio lief was vir warm sjokolade – dit was sy gunsteling! Ek gaan vir hom 'n heerlike beker vol maak," sê my suster en hardloop kombuis toe.</p> <p>"O, hulle sal ook dors wees na hulle lang reis," sê my ma. "Valentina, sal jy twee glase water bring," fluister my ma vir my.</p>	<p>Ek stel myself voor hoe Sophia versigtig en liefdevol die warm sjokolade vir haar oom maak. Dit voel na 'n manier waarop sy naby aan haar oom kan wees, selfs al is hy weg.</p>
<p>My ma hang papiervluggies teen die muur bo die altaar – kleurvolle kopbene en kleurvolle dansende geraamtes.</p>	<p>Die vlaggies laat die altaar selfs meer swierig lyk. Ek dink die familie stel hulself die verassing op oom Tio gesig voor as hy sien hoeveel tyd hulle aan die altaar spandeer het. Net vir hom!</p>
<p>My ma staan terug om die pragtige altaar te bewonder. "O! Ek het amper vergeet!" snak sy na haar asem.</p>	<p>Ek dink die gesin in die verhaal <u>visualiseer</u> hoe Abuela en Tio die altaar sien as hulle terugkom – en hoe beïndruk hulle gaan wees oor wat hulle sien!</p>
<p>My ma hardloop kombuis toe en kom terug met 'n klein wit boksie. Sy gee dit vir my.</p> <p>"Ooo! Hierdie is pragtig!" sê ek soos wat ek die boksie met suikerskedels oopmaak. Ek sit dit versigtig langs die foto van Tio en Pablo.</p>	<p>Ek stel myself voor hoe die verteller die fyn suikerskedels op die altaar neersit. Die manier waarop sy die skedels neersit wys hoeveel sy omgee vir haar Tio en Abuela wat oorlede is.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
Laastens sit my ma twee kerse neer – een vir Tio Pablo en een vir Abuela. Sy steeks die kerse aan, ek dink aan Tio en Abuela se siele wat oppad terug huis toe is – om ons geselskap te hou vir die <i>Día de los Muertos</i> viering.	Die altaar is so swierig, want die familie het soveel sorg ingesit om dit voor te berei. Ek dink die versierings wys hoeveel hulle omgee en hoe lief hulle steeds vir hulle familielede is wat gesterf het.
Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonse
Wat word die feesviering in die storie genoem?	Die feesviering word <i>Día de los Muertos</i> genoem.
Watter items het die verteller se familie by die altaar geplaas?	Hulle het foto's, helderkleurige lappe, gousblomme, geurige tamales, warm sjokolade, water, suikerskedels en kerse by die altaar geplaas.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het die verteller se familie 'n swierige altaar gebou?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat dit <i>Día de los Muertos</i> is en die bou van 'n altaar is tradisie. • Omdat hulle die verteller se oom en ouma wil eer. • Dit was die eerste <i>Día de los Muertos</i> sedert oom Pablo se dood, so hulle wou 'n ekstra spesiale altaar vir hom bou. • Omdat om tyd en gedagtes in die altaar te sit hulle help om naby aan hulle geliefdes wat weg is te voel.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - viering
 - ritueel
 - gees

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rt**
- 2 Sê die woord: **hart**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /**h**/-/a/-/rt/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /**h**/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /**a**/
- 6 Sê die endklank van die woord: /**rt**/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **hart**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/h/-/a/-/rt/ = **hart**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rt**
- 2 Sê die woord: **kort**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /**k**/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /**o**/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /**rt**/
- 6 Vra leerders om die oorspronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /**k**/-/o/-/rt/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **kort**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/k/-/o/-/rt/ = **kort**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rt woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nummer van 1–4.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **hart**
 - 2 **beurt**
 - 3 **soort**
 - 4 **kort**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rt**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.

Handwriting practice row 1: A cat icon on the left, followed by a lowercase 'j' on a line. Then, a lowercase 'r' and 't' are shown with arrows indicating stroke direction. Finally, the letters 'r' and 't' are shown as dotted lines for tracing.


Handwriting practice row 2: A cat icon on the left, followed by the word 'hart' written in cursive script on a line.

Handwriting practice row 3: A cat icon on the left, followed by the word 'beurt' written in cursive script on a line.

Handwriting practice row 4: A cat icon on the left, followed by the word 'soort' written in cursive script on a line.

Handwriting practice row 5: A cat icon on the left, followed by the word 'kort' written in cursive script on a line.

WEEK 6



ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Publiseer en bied aan

ONDERWERP: Skryf 'n storie oor iemand wat tans hartseer of verdriet ervaar.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

Dit was ... (Skryf oor 'n probleem in die storie. Gee besonderhede oor die karakters, die plek waar die storie afspeel en wat gebeur het)

Paragraaf 2

Toe ... (Skryf oor hoe die probleem opgelos is. Wat het in die storie gebeur om die karakters te help om hulle hartseer en verdriet te verwerk.)

Paragraaf 3 (Opsioneel)

Later ... (Skryf oor hoe die storie eindig. Wat gebeur volgende of aan die einde van die storie.)

VOORBEREIDING: Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het, op die swartbord voor die begin van die les.

DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
- 2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
- 3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **...voel hartseer**
- 3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
- 4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
- 5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

- 1 In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
- 2 Sê aan leerders om te draai en met 'n maat te praat en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
- 3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
- 4 Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

9 Desember 2020

Mpumie voel hartseer.

Dit was die dag van Mpumie se ma se begrafnis. Dit was 'n baie hartseer dag. Mpumie se oma het probeer om Mpumie 'n bietjie beter te laat voel deur haar 'n groot drukkies te gee.

Mpumie het hartseer gevoel oor haar ma en dat sy van haar vriende moes wegtrek om by haar oma te gaan woon.

Toe hulle by die begrafnis kom, was hulle so hartseer. Hulle het begin huil. Mpumie se oma het haar 'n groot drukkies gegee en gesê dat sy na haar sal omsien. Sy het aan Mpumie gesê dat sy baie lief is vir haar en sal altyd daar wees vir haar.

Later toe Oma en Mpumie in die huis was. Oma het aan Mpumie gesê dat sy by Mpumie se huis wil intrek sodat Mpumie naby haar vriende kan bly. Mpumie was bly omdat sy altyd haar ma sou onthou en 'n wonderlike oma sou hê om na haar om te sien.





Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **koors, kers**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **koors, kers**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /oo/ en /e/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **bors, wors**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **bors, wors**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **skaars**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **baars, jaars, skaad, skaaf, skaak, skaam, skaap,**

JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **hart**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
mart, swart, hare, hars, hark

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Tweede Lees**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER; MAAK AFLEIDINGS**

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>Om Tio Pablo te onthou</u></p> <p><i>Reg oor die wêreld is daar verskillende rituele om eer te bewys aan mense wat doodgegaan het en hul lewens te vier.</i></p> <p><i>In Suid-Afrika doen baie mense die onthulling van 'n grafsteen, gewoonlik 'n jaar nadat 'n persoon oorlede is. Hierdie is 'n geleentheid om eer te bewys aan die oorledene en hulle lewe te vier, na 'n jaar van rou. Hierdie geleentheid begin gewoonlik met 'n godsdienstige seremonie, dan word die grafsteen onthul en dan word die inskrywing gelees. Uiteindelik, eet en drink almal saam en daar word fees gevier.</i></p> <p><i>In Meksiko word daar 'n fees gehou wat die Dia de los Muertos genoem word. Dit word een maal 'n jaar gehou van die 31ste Oktober tot die 2de November om die dooies te eer. Hierdie feesviering is hele paar duisend jaar gelede deur die inheemse mense van Sentraal Amerika begin, hulle het die rou van afgestorwenes as oneerbiedig beskou. Vir mense in hierdie kulture, was die dood 'n natuurlike deel van die lewe. Hulle het geglo om die dooies lewendig te hou in gedagtes en in gees. Gedurende die Dia de los Muertos, het hulle geglo dat die dooies tydelik terugkeer aarde toe. Vandag nog bou families altare wat die dooies huis toe moet lei om deel te wees van die feestelikheid.</i></p> <p>In hierdie storie gaan jy sekere Spaanse woorde teëkom:</p> <p><i>Día de los Muertos – Dag van die Dood (uitgespreek deeah deh lows mwertoes)</i></p> <p><i>Tio – oom</i></p>	<p>Daar is verskillende maniere regoor die wêreld hoe mense omgaan met die rouproses. Ek dink rituele of tradisies is een belangrike manier vir mense om sin te maak van die hartseer om iemand wat jy lief het te verloor.</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><i>Abuela – ouma</i></p> <p><i>Tamales – klein pasteitjies gevul met geurige maalvleis of groente</i></p>	
<p>Dit was die eerste <i>Día de los Muertos</i> viering sedert Tio Pablo se dood. My ma het besluit ons moet vanjaar 'n besonderse swierige altaar bou – om vir die eerste maal sedert sy dood, hom huis toe te lei .</p> <p>Die dag voor die feesvering, het my ma twee klein tafels in die sitkamer opgeslaan. Sy het 'n helderkleurige doek oor elke tafel gegooi. Toe sit sy bokse van verskillende groottes bo-op die tafels om sewe lae te vorm.</p>	<p>Dit is die eerste maal dat die verteller se familie <i>Día de los Muertos</i> vier sedert Tio Pablo se dood. Ek dink om op hierdie manier fees te vier is een manier om sin te maak van die hartseer nadat jy 'n geliefde verloor het.</p>
<p>Op die aand voor die 1ste November, het my ma vir my en my suster gevra om al die foto's deur die hele huis van Tia Pablo bymekaar te maak en vir haar te bring. Sy het foto's gekry van haar en Tio toe hulle nog klein kindertjies was. Sy het al die foto's rondom die altaar neergesit.</p> <p>“Daarsy!” het my ma gesê. “Dit sal Tio se siel laat welkom voel – en hy sal besef dat ons hom nie vergeet het nie.”</p>	<p>Ek verbeel my dat die verteller se ma nostalgies voel terwyl sy die foto's rondom die altaar pak.</p>
<p>Toe sit my ma die foto's van ons Abuela by – soos ons elke jaar doen. “Abuela kom reeds vir 'n lang tyd huis toe,” sê my suster Sophia, terwyl sy na die groot foto van Abuela as 'n jong vrou kyk.</p>	<p>Ek kan aflei dat Abuela al reeds lank gelede oorlede is – maar dit beteken nie die hartseer is weg nie. Mense is vir lank hartseer nadat hulle iemand vir wie hulle lief was aan die dood afgestaan het.</p>
<p>Volgende gee my ma vir my en my suster elkeen 'n sak vol gousblomme. “Abuela was baie lief vir gousblomme. Ek dink wanneer sy elke jaar huis toe kom, laat die reuk haar welkom en gelukkig voel” sê my ma.</p> <p>“Hierdie is meer blomme as wat ons gewoonlik kry!” sê ek vir my ma en druk my neus in die heerlike reuk van die sak vol blomme. “Wel vanjaar gaan ons 'n paadjie maak van die deur tot by die altaar – om seker te maak Tio se siel kan die altaar maklik vind,” sê my ma. Sy wys ons hoe om die blomblaartjies uit die blomme te trek. Toe sprinkel ons versigtig die blomblaartjies van die deur tot by die altaar. Ons gebruik die orige blomme om die altaar te versier.</p> <p>“Ek dink dit is die mooiste altaar wat ons nog ooit gemaak het!” sê my suster met 'n groot glimlag. “Ek dink Tio gaan baie beïndruk wees.”</p>	<p>Ek dink om die altaar te maak help die familie met hulle hartseer. Hulle kan die dinge waarvoor hulle lief was in die oorledenes vier, hulle het tyd om hulle te mis en om oor hulle te praat. Hulle herinneringe kan met ons wees, selfs al is hulle weg.</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>“Watter tipe kos gaan ons los vir Tio se siel?” vra my ma.</p> <p>“Beide Tio en Abuela was lief vir geurige tamales,” sê my ma. Sy gaan kombuis toe en kom terug met vier tamales vir die altaar. “Dit behoort hulle honger te stil nadat hulle so ver gereis het – van die geesteswêreld al die pad terug tot hier – na die wêreld van die lewendes!”</p>	<p>Terwyl die familie die altaar opstel kan hulle deernis en liefde wys vir die mense wat hulle verloor het deur spesiale goed vir hulle te doen – soos om hulle gunsteling kos te maak. Ek dink dit moet help met hulle hartseer.</p>
<p>“Ek onthou dat Tio lief was vir warm sjokolade – dit was sy gunsteling! Ek gaan vir hom ’n heerlike beker vol maak,” sê my suster en hardloop kombuis toe.</p> <p>“O, hulle sal ook dors wees na hulle lang reis,” sê my ma. “Valentina, sal jy twee glase water bring,” fluister my ma vir my.</p>	<p>Soos wat die familie die altaar saamstel, herleef elkeen sy herinneringe van hulle <i>Tio</i> en hulle <i>Abuela</i>. Ek dink dit moet hulle help om nooit die mense te vergeet vir wie hulle lief was nie – en om naby aan hulle te voel, selfs al is hulle weg.</p>
<p>My ma hang papiervluggies teen die muur bo die altaar – kleurvolle kopbene en kleurvolle dansende geraamtes.</p>	<p>Ek dink hulle sit soveel moeite in die mooi maak van die altaar, want dit help hulle om naby te voel aan die familielede wat reeds gesterf het.</p>
<p>My ma staan terug om die pragtige altaar te bewonder. “O! Ek het amper vergeet!” snak sy na haar asem.</p>	–
<p>My ma hardloop kombuis toe en kom terug met ’n klein wit boksie. Sy gee dit vir my.</p> <p>“Ooo! Hierdie is pragtig!” sê ek soos wat ek die boksie met suikerskedels oopmaak. Ek sit dit versigtig langs die foto van Tio en Pablo.</p>	<p>Ek dink deur al die tyd te spandeer aan die altaar vir <i>Abuela</i> en <i>Tio Pablo</i> help die familie met hulle hartseer, want hulle herleef hul herinneringe oor hulle.</p>
<p>Laastens sit my ma twee kerse neer – een vir Tio Pablo en een vir Abuela. Sy steeks die kerse aan, ek dink aan Tio en Abuela se siele wat oppad terug huis toe is – om ons geselskap te hou vir die <i>Día de los Muertos</i> viering.</p>	<p>Ek dink dat die viering van die dooies een keer per jaar mense help om hartseer te hanteer, want hulle het ’n paar dae waarin hulle oor die mense wat weg is te kan praat en herinneringe te bou.</p>
Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
<p>Wat onthou die familie van <i>Tio</i> en <i>Abuela</i> wanneer hulle die altaar saamstel?</p>	<p>Hulle onthou dat <i>Abuela</i> lief was vir gousblomme, <i>Tio</i> en <i>Abuela</i> was beide lief vir geurige tamales, <i>Tio Pablo</i> se gunstelingdrankie was warm sjokolade.</p>
<p>Hoe dink jy voel die familie wanneer hulle die altaar saamstel?</p>	<p><i>Ek dink hulle voel ... want ...</i></p>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoe sluit die storie aan by die tema van ‘Hartseer’?</p>	<p><i>Ek dink die storie sluit aan by die tema van ‘Hartseer’, want...</i></p>



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - organiseer
 - nostalgies
 - portret

Rympie of liedjie	Aksies
Om 'n traan te stort	<i>Wys 'n traan met jou vinger</i>
Wanneer jou hart seer word	<i>Hou jou hart vas</i>
Is 'n goeie ding,	<i>Hou jou hart vas</i>
Want môre voel jy beter en hoor jy weer die voëltjies sing.	<i>Wys jou duim na bo</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor ...
Een ding wat ek van die storie geleer het is...
Die storie hou verband met die tema 'Hartseer en verdriet' want ...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

rs	rt	o
a	e	u
b	k	s
h	w	t

DEMONSTREER

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week: /rs/ en /rt/
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.:
/s/-/o/-/o/-/rt/ = **soort**
- 5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om /rs/ of /rt/ te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: /w/-/a/-/t/ = **wat**

LEERDERS DOEN

- 1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **rs, rt**
- 2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
- 4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **bors, kers, koors, wors, skaars, hart, beurt, soort, kort, wat, tas, bak, hek, boek, twak**

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP

MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
- 2 Ons gaan ook dink aan goed wat ons met die storie kan **verbind**.
- 3 Ons gaan die storie 'n punt uit vyf sterre toeken. Ons gee 'n storie vyf sterre as ons daarvan gehou het. Ons gee 'n storie nul sterre as ons nie daarvan gehou het nie.
- 4 Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
- 5 Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
 - Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
 - Die familie in die storie bou 'n altaar want...**
 - Ek het geleer dat ...**
 - Uit vyf sterre sal ek ... ster(re) aan die storie toeken want....**
- 6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor 'n gesin wat 'n versierde altaar vir Dia de los Muertos in Mexiko bou. Ons leer dat hulle 'n spesiale altaar bou want dit is die eerste jaar vandat hulle oom dood is. Die familie in die storie bou 'n altaar want dit is 'n spesiale ritueel om die mense in hulle familie wat oorlede is te herdenk. Ek het geleer dat kos, drinkgoed en blomme word op die altaar geplaas. Uit vyf sterre sal ek vyf sterre aan die storie toeken want ek het baie oor 'n nuwe plek geleer!***
- 7 Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
- 8 Gee opdrag aan die leerders om **te draai en met 'n maat te praat** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
- 9 Kry die leerders se aandag.
- 10 Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
Skep 'n klas opsomming soos: ***Die storie handel oor 'n gesin wat 'n spesiale altaar vir hulle oom wat oorlede is bou. Hulle woon in Mexiko en vier Dia de los Muertos. Die familie in die storie bou 'n altaar want dit is 'n spesiale ritueel wat hulle help om hulle geliefdes wat oorlede is terug te verwelkom van Dia de los Muertos. Ons het geleer dat kos, drinkgoed, fotos en blomme word op die altaar geplaas. Uit vyf sterre sal ons vyf sterre aan die storie toeken want die prente is baie mooi en ons het baie oor Mexiko leer!***



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie prosesse van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

Graad 3

TERMYN 4

Week

7

TEMA:

Geskiedenis



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: prente van Groot Zimbabwe; prente van historiese bakens van regoor die wêreld
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: feite oor Groot Zimbabwe
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 94, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 95–96, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 97, Pret

Aktiwiteit 4: Teken 'n prent en skryf oor iets in die geskiedenis waaroor jy graag wil leer.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van die klipruïnes in die Grootboek storie: Shamiso se groot reis
- 2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Geskiedenis
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Wat is geskiedenis?
 - b Wat weet jy van geskiedenis?
 - c Waarom dink jy is geskiedenis belangrik?

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - geskiedenis
 - antieke
 - voorouer

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>

WEEK 7



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
- 3 Skryf die volgende sin op die swartbord, langs nommer 1: My juffrou het op die laaste dag van skool vir my 'n lekker gegee.
- 4 Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:

- 2 Sy
- 3 Haar
- 4 Hulle
- 5 Ons
- 5 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
- 6 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
- 7 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
- 8 Onderstreep die patrone soos volg:
 - 1 My juffrou het op die laaste dag van skool vir my 'n lekker gegee.
 - 2 Sy juffrou het op die laaste dag van skool vir hom 'n lekker gegee.
 - 3 Haar juffrou het op die laaste dag van skool vir haar 'n lekker gegee.
 - 4 Hulle juffrou het op die laaste dag van skool vir hulle 'n lekkers gegee.
 - 5 Ons juffrou het op die laaste dag van skool vir ons 'n lekkers gegee.
- 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Gedeelte Lees:

15 minute

Voorlees

BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Shamiso se groot reis
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.



Skryfwerk:

30 minute

Bepplan En Opstel

ONDERWERP: Voer 'n onderhoud met 'n ouer persoon in jou familie oor hoe hulle skool ervaar het. Skryf twee paragrawe oor die onderhoud.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

BEPLANNINGSTRATEGIE: Maak 'n lys

STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

- 1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou vrae, soos:
Vandag gaan ons aan vrae dink wat ons 'n ouer persoon in ons familie wil vra om uit te vind hoe hulle skool en opvoeding ervaar het. Daarna sal jy die vrae huis toe neem en die onderhoud voltooi as huiswerk. Ek gaan my ouma ondervra want ek is nuurskierig om te weet hoe sy skool ervaar het.

DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

- 1 Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
- 2 Wys aan die leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
- 3 Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

Beplannings Vrae

Ek gaan 'n onderhoud voer met:

Skryf 10 vrae wat jy wil vra neer:

Plan

Ek gaan 'n onderhoud voer met: My ouma

- 1 Waar het jy skool gegaan?
- 2 Wanneer het jy skool begin?
- 3 Wat was jou ervaring by jou skool?
- 4 Wat is dieselfde tussen skool vandag en skool toe?
- 5 Wat is verskillend tussen skool vandag en skool toe?
- 6 Waarvan het gehou toe jy in skool gewees het?
- 7 Waarvan het jy nie gehou toe jy in die was?
- 8 Wie was jou gunsteling onderwyser?
- 9 Wanneer het jy skool verlaat?
- 10 Waarom het jy skool verlaat?

LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

- 1 Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan vrae vir hulle onderhoud.
- 2 Sê aan leerders om **te draai en met 'n maat te praat** oor hulle eie stories.
- 3 Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
- 4 Deel leerders se boeke uit.
- 5 Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
- 6 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.
- 7 **Leerders moet die onderhoud as huiswerk voor Woensdag voltooi.**

Plan

Ek gaan 'n onderhoud voer met : My ouma

1. Waar het ouma skool gegaan?
2. Hoe lank gelede het ouma begin skoolgaan?
3. Hoe het ouma se skool gelyk?
4. Wat dink ouma was dieselfde in skool en nou?
5. Wat dink ouma was anders in skool en nou?
6. Waarvan het ouma in skool gehou?
7. Waarvan het ouma nie gehou by die skool nie?
8. Wie was ouma se gunsteling onderwyser?
Hoekom?
9. Wanneer het ouma opgehou skoolgaan?
10. Waarom het ouma opgehou skoolgaan?



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rg**
- 2 Sê die woord: **berg**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /b/-/e/-/rg/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /b/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /e/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rg/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **berg**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/b/-/e/-/rg/ = **berg**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **rm**
- 2 Sê die woord: **warm**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /w/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /a/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /rm/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /w/-/a/-/rm/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **warm**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg:
/w/-/a/-/rm/ = **warm**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rg**, – **rm woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–10.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **dwerg**
 - 2 **sorg**
 - 3 **terg**
 - 4 **murg**
 - 5 **berg**
 - 6 **arm**
 - 7 **kerm**

- 8 **wurm**
 9 **storm**
 10 **swerm**
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____






Handskrif:


15 minute


Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif


- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rg, rm**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.




 dwerg


 sorg


 terg


 murg


 berg


 arm


 kerm

 wurm

 storm

 swerm

 warm

 Moenie die dwerg terg nie.



Die wurm loop op my arm.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 Minute

Aanvangslees**BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER**

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Shamiso se groot uitstappie</p> <p>Shamiso en haar familie het vir maande gewag vir die skoolvakansie. Hulle gaan vir hulle familie kuier in Zimbabwe. Oppad daarheen, stop hulle by 'n plek wat 'Groot Zimbabwe' genoem word. Shamiso het 'Groot Zimbabwe' op die internet opgesoek. Sy het gelees dat dit 'n groot stad en paleis van lank gelede was. "Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink sy. Sy kon nie wag om die plek van haar voorouers te sien nie.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa pak en alles regkry – dae voor die uitstappie, want sy is so opgewonde! Ek dink sy is opgewonde om meer te leer oor hoe haar voorouers geleef het!</p>
	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa Google gebruik om navorsing oor Groot Zimbabwe te doen. Ek stel myself voor hoe sy deur al die prente blaai wat sy kan kry.</p>
<p>"Groot Zimbabwe is gebou deur ons Shona voorouers!" vertel haar pa. "Toe ek 'n kind was, was Zimbabwe, Rhodesië genoem en dit was deur die Britte geregeer. Die regering wou nie hê mense moes weet dat Afrikane so 'n indrukwekkende paleis gebou het nie!" sê hy.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa se pa hartseer lyk wanneer hy hieraan dink!</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Toe die familie uiteindelik by Groot Zimbabwe aankom, stop Shamisa se pa die motor en gaan na die kaartjekantoor. Hy kom terug met hulle kaartjies en 'n toergids.</p> <p>“Welkom by Groot Zimbabwe,” sê die gids. “Hierdie plek is honderde jare gelede gebou – aan die begin van die 11de eeu!”</p>	<p>Ek dink Shamiso stel haar voorouers honderde jare gelede voor, sy wonder hoe die lewe vir hulle was in hierdie pragtige plek!</p>
<p>Die gids neem hulle eers na 'n klein museum. “Alles in hierdie museum het uit die ruïnes gekom,” sê hulle gids vir hulle. Eerste wys die gids vir hulle agt uitgekerfde voëls. “Hierdie voëls was die simbole van ons antieke konings,” sê hy. “Kyk – dit is die voël op ons Zimbabwiese vlag!” sê hy, terwyl hy wys na een van die beeldjies.</p>	<p>–</p>
<p>Soos wat hulle verby die kaste stap, sien Shamisa goue krale en koperdraad. “Die mense wat hier gebly het, het baie goud gehad,” verduidelik die gids.</p> <p>“En daardie krale kom al die pad van China af!” voeg die gids by, terwyl hy wys na glaskrale binne die kas. “Dit sê vir ons dat die mense wat hier gewoon het internasionaal handel gedryf het!” “Sjoe! Dit is nou bakgat!” dink Shamiso, sy dink aan die juweliersware van haar voorouers.</p>	<p>Ek dink dat soos wat Shamiso deur die glas kyk, kan sy haar voorouers voorstel wat hierdie pragtige krale gedra het.</p>
<p>Toe loop hulle na 'n reusagtige, ronde klipmuur. “Dit is die Groot Skermmuur genoem en dit was die huis vir die koninginne!” verduidelik hulle gids. Hy gaan aan, “Zimbabwe is vernoem na hierdie groot struktuur. Zimbabwe beteken groot kliphuis – net soos hierdie een!”</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe verras Shamisa moet lyk, wanneer sy hierdie feit leer!</p>
<p>Shamiso se pa buk af en fluister in haar oor, “Hierdie is die grootste klipstruktuur in Afrika – buiten die piramides in Egipte.”</p> <p>“Sjoe! Dit is nou bakgat!” dink Shamiso, sy dink aan haar voorouers wat groot klipmure bou.</p>	<p>Ek dink wanneer Shamiso na die groot en indrukwekkende klipmuur kyk, moet sy haar voorouers voorstel wat al die klipbakstene dra en opmekaar stapel.</p>
<p>Volgende neem hulle gids hulle na 'n klein dorpie. “Hierdie is oorgebou, sodat julle kan sien hoe huise regtig gelyk het toe mense hier in Groot Zimbabwe gewoon het!” verduidelik hy. Hulle sien ook 'n groep dansers.</p> <p>“Hierdie dansers werk daaraan om die antieke danse lewendig te hou!” sê die gids.</p> <p>“Sjoe! Dit is nou bakgat!” dink Shamiso, sy dink aan die pragtige musiek en danse van haar voorouers.</p>	<p>Ek dink dat as Shamisa die dansers dophou, moet sy haarself voorstel hoe haar voorouers op dieselfde plek, dieselfde tipe dans gedoen het!</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>Uiteindelik neem hulle gids hulle op 'n steil staptog teen die groot heuwel op. "Hierdie was 'n godsdienstige plek, waar spesiale seremonies uitgevoer is," verduidelik hy. "Dit is waar die houtvoëls in die museum gevind is! En kyk!" sê hy en wys na 'n reuse rots op die bult. "Daardie rots lyk ook soos 'n voël!"</p> <p>"Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink Shamiso, sy dink aan haar voorouers wat saam bid.</p>	<p>Ek dink soos Shamiso en haar pa uitkyk oor die land, stel sy haarself 'n besige stad vol van haar voorouers voor!</p>
<p>Shamiso staan op die rand van die heuwel saam met haar pa, hulle kyk uit oor die pragtige groen heuwels en die dam in die verte. Hulle kan sien hoe die klip ruïnes soos stippels oor die landskap versprei is. "Sjoe! Dit is nou bakgat!" sê sy, "ek is trots op al die werk van ons voorouers!"</p> <p>"Ek ook!" sê haar pa glimlaggend.</p>	<p>–</p>
Opvolg vrae	Moontlike antwoordeonse
<p>Waarheen het Shamiso en haar familie gegaan?</p>	<p>Hulle het na Groot Zimbabwe gegaan.</p>
<p>Wat het Shamiso by Groot Zimbabwe gesien?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het gekerfde voëls gesien. • Sy het krale en koperdraad gesien. • Sy het die museum gesien. • Sy het die Groot Skermmuur gesien. • Sy het 'n groot rotsmuur gesien.
<p>Wat stel jy jouself voor wanneer jy aan jou voorouers dink?</p>	<p><i>Ek stel myself voor ...</i></p>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
<p>Hoekom het Shamiso haar voorouers by Groot Zimbabwe voorgestel?</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat Shamiso Shona is, net soos die antieke mense wat Groot Zimbabwe gebou het. • Omdat Shamiso verwant is aan die antieke mense wat Groot Zimbabwe gebou het. • Omdat Shamiso probeer om te dink hoe die lewe was vir haar voorouers wat Groot Zimbabwe gebou het.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - ruïnes
 - eeu
 - bou
 - herbou

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rk**
- 2 Sê die woord: **vark**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /v/-/a/-/rk/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /v/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /a/
- 6 Sê die endklank van die woord: /rk/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **vark**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/v/-/a/-/rk/ = **vark**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rp**
- 2 Sê die woord: **dorp**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /d/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /rp/
- 6 Vra leerders om die oorspronklike woord in individuele klanke te segmenteer: /d/-/o/-/rp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **dorp**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/d/-/o/-/rp/ = **dorp**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: – **rk**, – **rp** woorde.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–9.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **vark**
 - 2 **kerk**
 - 3 **kurk**
 - 4 **park**
 - 5 **snork**
 - 6 **skerp**
 - 7 **harp**
 - 8 **serp**
 - 9 **dorp**

- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____






Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **rk, rp**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.




WEEK 7



kerk




kurk



park




snork




skerp




harp




serp



dorp



Die vark snork as hy eet.



'n skerp mes is gevaarlik.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Rofwerk / Opstel

ONDERWERP: Voer 'n onderhoud met 'n ouer persoon in jou familie oor hoe hulle skool ervaar het. Skryf twee paragrawe oor die onderhoud.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

Ek het 'n onderhoud met ... gevoer.

Hy/Sy het in skool gegaan. (wanneer en waar?)

Hy/Sy het gedink dat skool ... was want...(wat het die persoon van skool gedink in 2-4 sinne)

In die algemeen was skool...

Paragraaf 2

In my onderhoud het ek geleer dat...

Skool was dieselfde as skool vandag want...

Skool was anders as skool vandag want...

Die mees interessantste ding wat ek in my onderhoud uit gevind het is dat...

VOORBEREIDING: Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
- 2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
- 3 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:

Ek het 'n onderhoud met my ouma **gevoer. Sy het in** Maputo, Mosambiek **skool gegaan.** Sy het skool begin toe sy ses jaar oud was, wat vier-en-sestig jaar gelede was! **Sy het gedink dat skool** pret **was want** sy het daarvan gehou om met haar maats by die skool te speel. Sy het ook daarvan gehou toe die onderwyser vir die klas stories gelees het. In daardie tyd het mense geglo dat meisie nie wiskunde hoef te leer nie so sy het gevoel dat hulle teen haar diskrimineer. Haar gunsteling onderwyser was Mevrou

Maluka, want sy het haar gehelp met wiskunde toe die ander onderwysers haar nie wou help nie. **In die algemeen was skool** 'n lekker plek om tyd saam met maats deur te bring maar dit was nie 'n lekker plek om te leer nie.

In my onderhoud het ek geleer dat daar teen my ouma op skool gesdiskrimineer was. Sy het nie van skool gehou nie want die onderwysers het nie die seuns en meisies dieselfde behandel nie, behalwe vir Mevrouw Maluka. **Skool was dieselfde as skool vandag want kinders het saam gedurende pouses gespeel. Skool was anders as skool vandag want** deesdae moet onderwysers seuns en meisies dieselfde behandel en almal moet wiskunde leer. My ouma moes skool verlaat toe sy twaalf jaar oud was sodat sy 'n werk kon kry, maar ek gaan in die skool bly totdat ek klaar is met Matriek. **Die mees interessantste ding wat ek in my onderhoud uit gevind het is dat** my ouma nie van skool gehou het nie want ek het gedink dat almal van skool hou.

LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Onderhoud: Rofwerk / Opstel**
- 3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
- 4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
- 5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
- 6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
- 7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Onderhoud: KonsepParagraaf 1

Ek het my oma onderura. Sy het in Italy skolegegaan. Sy het begin skolegaan toe sy vyf jaar oud was. Sy het gedink die skole was lekker, want sy het graag nuwe dinge gelier. Haar gunsteling les was wiskunde. Sy is regtig goed met wiskunde. Oor die algemeen was die skole vir haar opwindend.

Paragraaf 2

In my onderhoud het ek geleer dat meisies slegs tot die ouderdom van 10 mag skool gegaan het. Die skool was anders as nou, want nou kan meisies skool toe gaan en dieselfde behandel word as seuns. Die interessantste ding wat ek in my onderhoud uitgevind het, was dat my oma elke oggend 15 km skool toe moes stap omdat haar ouers nie die bus kon bekostig nie. Ek het gedink as jy in Italië woon, is jy ryk.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **terg, berg**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **terg, berg**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /t/ en /b/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **kerm, swerm**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **kerm, swerm**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **skerp**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **serp, werp, snerp, skerf, skerf**

JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **park**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
vark, bark, mark, kwark

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: VISUALISEER

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>Shamiso se groot uitstappie</u></p> <p>Shamiso en haar familie het vir maande gewag vir die skoolvakansie. Hulle gaan vir hulle familie kuier in Zimbabwe. Oppad daarheen, stop hulle by 'n plek wat 'Groot Zimbabwe' genoem word. Shamiso het 'Groot Zimbabwe' op die internet opgesoek. Sy het gelees dat dit 'n groot stad en paleis van lank gelede was. "Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink sy. Sy kon nie wag om die plek van haar voorouers te sien nie.</p>	<p>–</p>
	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa meer en meer opgewonde raak soos sy elke prent sien!</p>
<p>"Groot Zimbabwe is gebou deur ons Shona voorouers!" vertel haar pa. "Toe ek 'n kind was, was Zimbabwe, Rhodesië genoem en dit was deur die Britte geregeer. Die regering wou nie hê mense moes weet dat Afrikane so 'n indrukwekkende paleis gebou het nie!" sê hy.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa haar pa meer hieroor vra. Ek dink sy mag haar pa vra "Hoekom wou die Britte nie hê mense moes weet dat swart mense net so goed is om stede te bou as wit mense nie?"</p>
<p>Toe die familie uiteindelik by Groot Zimbabwe aankom, stop Shamisa se pa die motor en gaan na die kaartjekantoor. Hy kom terug met hulle kaartjies en 'n toergids.</p> <p>"Welkom by Groot Zimbabwe," sê die gids.</p> <p>"Hierdie plek is honderde jare gelede gebou – aan die begin van die 11de eeu!"</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa luister na elke woord wat die gids sê en sy vra baie vrae oor dit wat hulle sien!</p>
<p>Die gids neem hulle eers na 'n klein museum. "Alles in hierdie museum het uit die ruïnes gekom," sê hulle gids vir hulle. Eerste wys die gids vir hulle agt uitgekerfde voëls. "Hierdie voëls was die simbole van ons antieke konings," sê hy. "Kyk – dit is die voël op ons Zimbabwiese vlag!" sê hy, terwyl hy wys na een van die beeldjies.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa kyk na die voëls en trots voel op die kundige kerwers wat dit gemaak het!</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>Soos wat hulle verby die kaste stap, sien Shamisa goue krale en koperdraad. "Die mense wat hier gebly het, het baie goud gehad," verduidelik die gids.</p> <p>"En daardie krale kom al die pad van China af!" voeg die gids by, terwyl hy wys na glaskrale binne die kas. "Dit sê vir ons dat die mense wat hier gewoon het internasionaal handel gedryf het!" "Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink Shamiso, sy dink aan die juweliersware van haar voorouers.</p>	<p>Ek kan myself voorstel hoe Shamisa kyk na die armbande en halssnoere en trots voel op die vaardighede van haar voorouers!</p>
<p>Toe loop hulle na 'n reusagtige, ronde klipmuur. "Dit is die Groot Skermmuur genoem en dit was die huis vir die koningin!" verduidelik hulle gids. Hy gaan aan, "Zimbabwe is vernoem na hierdie groot struktuur. Zimbabwe beteken groot kliphuis – net soos hierdie een!"</p>	<p>–</p>
<p>Shamiso se pa buk af en fluister in haar oor, "Hierdie is die grootste klipstruktuur in Afrika – buiten die piramides in Egipte."</p> <p>"Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink Shamiso, sy dink aan haar voorouers wat groot klipmure bou.</p>	<p>Ek stel myself voor hoe Shamiso, die klippe wat in mekaar pas om die reuse muur te vorm, bewonder. Sy voel trots op die argitek wat die Groot Skermmuur ontwerp het.</p>
<p>Volgende neem hulle gids hulle na 'n klein dorpie. "Hierdie is oorgebou, sodat julle kan sien hoe huise regtig gelyk het toe mense hier in Groot Zimbabwe gewoon het!" verduidelik hy. Hulle sien ook 'n groep dansers.</p> <p>"Hierdie dansers werk daaraan om die antieke danse lewendig te hou!" sê die gids.</p> <p>"Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink Shamiso, sy dink aan die pragtige musiek en danse van haar voorouers.</p>	<p>Ek stel myself voor hoe Shamiso luister na die ritme van die dromme en trots voel op die ritmes wat haar voorouers geskep en nagelaat het!</p>
<p>Uiteindelik neem hulle gids hulle op 'n steil staptog teen die groot heuwel op. "Hierdie was 'n godsdienstige plek, waar spesiale seremonies uitgevoer is," verduidelik hy. "Dit is waar die houtvoëls in die museum gevind is! En kyk!" sê hy en wys na 'n reuse rots op die bult. "Daardie rots lyk ook soos 'n voël!"</p> <p>"Sjoe! Dit is nou bakgat!" dink Shamiso, sy dink aan haar voorouers wat saam bid.</p>	<p>–</p>
<p>Shamiso staan op die rand van die heuwel saam met haar pa, hulle kyk uit oor die pragtige groen heuwels en die dam in die verte. Hulle kan sien hoe die klip ruïnes soos stippels oor die landskap versprei is. "Sjoe! Dit is nou bakgat!" sê sy, "ek is trots op al die werk van ons voorouers!"</p> <p>"Ek ook!" sê haar pa glimlaggend.</p>	<p>Ek stel myself voor hoe Shamiso en haar pa glimlag met trots, soos hulle uitkyk oor die werk van hul indrukwekkende voorouers.</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Hoe het Shamiso en haar pa aan die einde van die storie gevoel?	Hulle was trots op hulle voorvaders.
Wat is die enigste ander klipstruktuur in Afrika, wat groter is as Groot Zimbabwe.	Die piramides in Egipte.
Stel jou eie familie in Groot Zimbabwe voor . Wat sal jy die opgewondste wees om te sien?	<i>Ek sal die opgewondste voel om ... te sien.</i>
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het Shamiso en haar pa trots gevoel?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat hul voorouers soveel wonderlike goed gedoen het. • Omdat hul voorouers goeie bouers was. • Omdat hul voorouers handelaars was. • Omdat hul voorouers geweet het hoe om pragtige juweliersware te maak. • Omdat hul voorouers goeie bouers was met klip.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - struktuur
 - museum
 - grond
 - onder

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor ...
Een ding wat ek van die storie geleer het is ...
As ek aan Groot Zimbabwe dink, **visualiseer** ek ...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

lp	nd	ns
a	m	e
nt	mp	ms
i	s	o
rg	rk	rm
t	u	l
rp	rs	rt
k	p	d

DEMONSTREER

- 1 Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
- 2 Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

LEERDERS DOEN.

- 1 Leerders maak hulle skrifte oop.
- 2 Sê dat hulle kan begin skryf.
- 3 Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
- 4 Laat die leerders hulle eie werk merk.
- 5 Vra nou die leerders om hulle woorde te deel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS

ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of 'n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
- 2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle gaan **teken en skryf** oor wat 'n karakter in die storie dink en hoe hulle voel.
- 3 **Demonstreer** hoe jy 'n karakter kies en afleidings maak oor wat hulle dink en hoe hulle voel, soos: Shamiso kyk vir die Groot Omhulsel en voel verbaas!
- 4 Teken 'n prent op die swartbord van Shamiso wat verbaas lyk.
- 5 **Demonstreer** hoe jy 'n denkborrel by jou tekening byvoeg, soos: Dit is ongelooflik. Ek wonder hoe dit gebou is?
- 6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou 'n karakter gaan kies en afleidings gaan maak oor wat die karakter dink en voel.
- 7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
- 8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
- 9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor hul tekeninge.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

Graad 3

TERMYN 4

Week

8

TEMA:

Geskiedenis



Klaskamer Voorbereiding

- 1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
- 3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Prente van Nelson Mandela en Simon Nkoli, prente van die geveg teen Apartheid, prente van optogte in Suid Afrika vandag.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Navorsing oor Simon Nkoli
- 6 Maak seker dat alle leerders se boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

Aktiwiteit 1: DBO Werkboek 2: Bladsy 102, Ons lees

Aktiwiteit 2: DBO Werkboek 2: Bladsy 103–105, Ons skryf

Aktiwiteit 3: DBO Werkboek 2: Bladsy 10, Ons lees en Bladsy 107–109, Ons skryf

Aktiwiteit 4: Teken 'n prent en skryf oor iets wat jy van gesiedenis weet.

Maandag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die prent van Simon Nkoli en Nelson Mandela in die Grootboek storie: 'n Held met die naam Simon Nkoli
- 2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Geskiedenis
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
 - a Wat weet jy oor geskiedenis?
 - b Waarom is geskiedenis belangrik? (Wat het ons reeds geleer?)
 - c Watter vrae het jy oor geskiedenis?

TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - held
 - regte
 - gelyke regte
 - gelykheid

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>



Handskrif

15 minute

- 1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Woorde** neer te skryf.
- 2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.
- 3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 brood
 - 2 wolf
 - 3 rak
 - 4 dief
 - 5 blaar
- 4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.
 - 5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte woorde op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
 - 6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.

- 7 Onderstreep die patrone soos volg:

Enkelvoud na Meervoud Woorde

- 1 brood
brode
 - 2 wolf
wolwe
 - 3 rak
rakke
 - 4 dief
dieue
 - 5 blaar
blare
- 8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.
 - 9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 minute

Voorlees**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: 'n Held met die naam Simon Nkoli
- 3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

**Skryfwerk:**

30 minute

Redigeer

ONDERWERP: Voer 'n onderhoud met 'n ouer persoon in jou familie oor hoe hulle skool ervaar het. Skryf twee paragrawe oor die onderhoud.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

VOORBEREIDING:

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

REDIGERING KONTROLELYS:

- 1 Het ek oor die onderhoud in die verlede tyd geskryf?
- 2 Het ek die derde persoon perspektief (hy/sy) gebruik?
- 3 Het ek ten minste twaalf sinne wat in twee paragrawe gerangskik is geskryf?
- 4 Het ek al die woorde reg gespel?
- 5 Begin elke sin met 'n hoofletter?
- 6 Eindig elke sin met die regte leesteken?

DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
- 2 Lees jou rofwerk/opstel hardop vir die leerders.
- 3 Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
- 4 Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

LEERERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
- 3 Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
- 4 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
- 5 Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
- 6 Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
- 7 Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Onderhoud: Konsep

Paragraaf 1

Ek het my oma onderura. Sy het in Italië ^{skoolgegaan} ~~skolegegaan~~. Sy het begin ^{skoolgegaan} ~~skolegegaan~~ toe sy vyf jaar oud was. Sy het gedink die ~~skole~~ ^{skool} was lekker, want sy het graag nuwe dinge geleer. Haar gunsteling les was wiskunde. Sy is regtig goet met wiskunde. Oor die algemeen was die ~~skole~~ ^{skool} vir haar opwindend.

Paragraaf 2

In my onderhoud het ek geleer dat meisies slegs tot die ouderdom van 10 mag ~~skool~~ ^{skool} gegaan het. Die ~~skool~~ ^{skool} was anders as nou, want nou ~~kan~~ ^{kan} meisies ~~skool~~ ^{skool} toe gaan en dieselfde behandel word as seuns. Die interessantste ding wat ek in my onderhoud uitgevind het, was dat my oma elke oggend 15 km ~~skool~~ ^{skool} toe moes stap omdat haar ouers nie die bus kon bekostig nie. Ek het gedink as jy in Italië woon, is jy ryk.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Dinsdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **mp**
- 2 Sê die woord: **stamp**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /st/-/a/-/mp/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /st/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /a/
- 6 Sê die endklank van die woord: /mp/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **stamp**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: /st/-/a/-/mp/ = **stamp**

ONS DOEN...

- 1 Sê die klank: – **rs**
- 2 Sê die woord: **wors**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /w/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? /rs/
- 6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /w/-/o/-/rs/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **wors**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: /w/-/o/-/rs/ = **wors**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf:
– **mp**, – **rs woorde**.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–10.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 **lamp**
 - 2 **romp**
 - 3 **stamp**
 - 4 **klomp**
 - 5 **ramp**
 - 6 **bors**
 - 7 **kers**

- 8 koors
 9 wors
 10 skaars
- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
 - 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
 - 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
 - 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____





Handskrif:


15 minute


Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **mp, rs**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





 lamp


 romp


 stamp


 klomp

 ramp


 boers

 kers


 koois

 wois

 skaars

 Oppas dat jy nie die lamp

 omstamp nie.



Oupa braai wor op die wuur.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____

**Gedeelde Lees:**

15 Minute

Aanvangslees**BEGRIPSTRATEGIE: SOEK IN DIE TEKS**

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>'n Held met die naam Simon Nkoli</p> <p>My onderwyser het ons gevra om 'n paragraaf oor ons helde te skryf. Daardie aand sit ek by die tafel terwyl my pa aandete kook. "Wie is jou held?" vra ek hom. "Ek dink nie ek het een nie," erken ek.</p>	<p>Wie is die verteller se held? O, ek lees dat sy nie 'n held het nie.</p>
<p>"Wel, my held is Simon Nkoli. Het ek jou al ooit van hom vertel?" vra hy,</p> <p>Ek skud my kop. Ek het nog nooit vantevore van Simon Nkoli gehoor nie.</p>	<p>Wie is die verteller se pa se held? Ek lees hier dit is iemand met die naam Simon Nkoli.</p>
<p>"Wel, Simon Nkoli is ook hier in Soweto gebore," sê my pa. "Simon was 'n anti-apartheid aktivis. Hy het vir ons regte as swartmense geveg – om te kan leer, werk en woon net waar ons wil."</p> <p>"O, net soos Nelson Mandela?" vra ek. Ons het van President Nelson Mandela by die skool geleer, maar nie van Simon Nkoli nie. Ek wonder hoekom my pa se held Simon Nkoli is, eerder as Nelson Mandela.</p>	<p>Van waar was Simon Nkoli? Ek lees dat hy in Soweto gebore is.</p>
<p>"Wel, op sommige maniere was Simon Nkoli soos Nelson Mandela," verduidelik my pa. "Hulle het beide teen apartheid geveg. Hulle het beide so vas geglo in die stryd vir ons regte, dat hulle selfs tronk toe is."</p>	<p>Hoekom het die polisie Simon Nkoli in die tronk gegooi? O! Ek lees dit was omdat hy in opstand gekom het en homself uitgespreek het teen rasisme – nie omdat hy iets verkeerd gedoen het nie.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
<p>“Hoekom is hulle tronk toe?” vra ek. “Het hulle iets verkeerd gedoen?”</p> <p>“Nee, hulle het niks verkeerd gedoen nie,” verseker hy my. “Gedurende apartheid, het die polisie mense wat in opstand gekom het en hulself uitespreek het teen rasisme gearresteer en in die tronk gegooi,” sê hy.</p> <p>“So hoe was hulle dan verskillend?” vra ek. Tot dusver klink dit asof Nelson Mandela en Simon Nkoli baie dieselfde was.</p>	
<p>“Simon Nkoli het nie net teen apartheid geveg nie – hy het ook geveg vir die regte van alle Suid-Afrikaners om hulle familie saam te stel op enige manier wat hulle wil,” gaan my pa voort.</p> <p>“Wat bedoel jy?” vra ek, bietjie verward.</p> <p>“Simon Nkoli het nie net teen Apartheid geveg nie. Hy het ook vir gelyke regte vir almal geveg. Hy het twee gevegte geveg vir my en jou Pappa – hy het vir ons regte as swartmense geveg en vir ons reg om saam te wees.”</p> <p>“Jy bedoel, daar was ’n tyd toe jy en Pappa nie toegelaat is om saam te wees nie?” vra ek. Meeste van my vriende het nie twee pappas soos ek nie, maar ek het nog nooit vantevore daarvoor gedink nie.</p>	<p>Ek het geleer dat Simon Nkoli geveg het teen Apartheid. Waarvoor het hy nog geveg? Ek lees hier dat hy geveg het vir gelyke menseregte vir almal.</p>
<p>“Dit is reg,” sê my pa. “Gelukkig, toe Apartheid geëindig het, het ons nuwe regering wette gemaak wat gelyke menseregte vir almal daar gestel het. Ons woon in een van die min lande in die wêreld waar daar wette is om jou te beskerm, maak nie saak wat jou ras of geloof is, of wie jy kies om mee te trou nie.”</p>	<p>Wat het gebeur toe Apartheid geëindig het? O, ek lees dat die nuwe regering wette gemaak het wat gelyke regte vir almal verseker.</p>
<p>“Tog,” sê Papa, “moet ons steeds ekstra versigtig wees. Selfs in Suid-Afrika, daar is steeds mense wat ons lelike name noem, of ons wil seermaak,” verduidelik hy. “Nie almal glo in gelykheid vir almal nie. Ons het steeds helde soos Nelson Mandela, Simon Nkoli en Charlotte Maxeke nodig, wat veg vir die regte van swart vroue.”</p>	<p>–</p>
<p>My pa haal ou foto’s uit. “Hier is ’n foto van Simon Nkoli en Nelson Mandela,” sê hy glimlaggend.</p> <p>“O, hier is een van my en Pappa saam met Simon!” My pa gee die foto’s vir my en ek gebruik ’n magneet om dit teen die yskas op te sit.</p>	<p>Waar het die verteller die foto van Simon Nkoli en Nelson Mandela opgesit? Sy het dit teen die yskas opgesit.</p>

Teks	Aanvangslees (Dink Hardop)
“Ek hoop hierdie foto’s salons herinner dat ons nooit daaraan mag dink om ander minderwaardig te behandel nie – maak nie saak vir watter rede nie,” sê my pa met ’n ernstige stem.	
Ek staar na die foto, terwyl ek dink hoe dieøewe vir my pa was toe hy jonk was.	–
Ek haal my oefenboek uit. “Ek dink ek gaan oor Simon Nkoli skryf vir my paragraaf,” besluit ek. “Hy het ons familie gehelp, so ek dink hy is ook my held!”	Oor wie het die verteller besluit om ’n paragraaf te skryf? Ek lees dat sy oor haar pa se held – Simon Nkoli, gaan skryf!
Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Wie was die verteller se held aan die begin van die storie?	Die verteller het gesê sy het nie ’n held nie.
Oor wie het die verteller besluit om haar paragraaf te skryf?	Sy het besluit om te skryf oor Simon Nkoli.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het die verteller se pa haar van Simon Nkoli vertel?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat Simon Nkoli sy held is. • Omdat hy wou hê sy moes leer van Simon Nkoli. • Omdat die verteller ’n paragraaf moes skryf oor haar held, maar sy het nie een gehad nie. • Miskien omdat hy die verteller wou leer hoe Simon Nkoli vir gelyke regte geveg het.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Woensdag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - staat
 - betoging
 - onregverdig

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>

KREATIEWE STORIEVERTEL

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
- 5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

EK DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **ms**
- 2 Sê die woord: **koms**
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /k/-/o/-/ms/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /k/
- 5 Sê die tweede enkel klank van die woord: /o/
- 6 Sê die endklank van die woord: /ms/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **koms**
- 8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou:
/k/-/o/-/ms/ = **koms**

ONS DOEN ...

- 1 Sê die klank: – **rt**
- 2 Sê die woord: **kort**
- 3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /k/
- 4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? /o/
- 5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? /rt/
- 6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer:
/k/-/o/-/rt/
- 7 Skryf die woord op die swartbord: **kort**
- 8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg:
/k/-/o/-/rt/ = **kort**

JY DOEN ...

- 1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf:
-ms, -rt woorde.
- 2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–7.
- 3 Roep die volgende woorde uit:
 - 1 soms
 - 2 koms
 - 3 toekoms
 - 4 hart
 - 5 beurt
 - 6 soort
 - 7 kort

- 4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
- 5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
- 6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
- 7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____







Handskrif:

15 minute

Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

- 1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ms, rt**
- 2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
- 3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
- 5 Wys ten laaste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
- 6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
- 7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





 koms


 toekoms

 hart


 beurt

 soort

 kort

 soms is dit warm en soms

 is dit koud.

 My hart is seer oor my

 katjie.

ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____

Sin: _____



Skryfwerk:

30 minute

Publiseer en bied aan

ONDERWERP: Voer 'n onderhoud met 'n ouer persoon in jou familie oor hoe hulle skool ervaar het. Skryf twee paragrawe oor die onderhoud.

OPDRAG: Opstel, skryf, redigeer en publiseer 'n storie van ten minste twee paragrawe (ten minste 12 sinne)

SKRYFRAAMWERK:

Paragraaf 1

Ek het 'n onderhoud met ... gevoer.

Hy/Sy het in skool gegaan. (wanneer en waar?)

Hy/Sy het gedink dat skool ... was want...(wat het die persoon van skool gedink in 2-4 sinne)

Algeheel was skool...

Paragraaf 2

In my onderhoud het ek geleer dat...

Skool was dieselfde as skool vandag want...

Skool was anders as skool vandag want...

Die mees interessantste ding wat ek in my onderhoud uit gevind het is dat...

VOORBEREIDING: Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het, op die swartbord voor die begin van die les.

DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

- 1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
- 2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooid werk gaan publiseer en gaan aan bied.
- 3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My onderhoud met...**
- 3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
- 4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
- 5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

LEERERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

- 1 In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
- 2 Sê aan leerders om te draai en met 'n maat te praat en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
- 3 Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
- 4 Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

23 Desember 2020

My onderhoud met my oma.

Ek het my oma onderwisa. Sy het in Italië skoolgegaan. Sy het begin skoolgaan toe sy vyf jaar oud was. Sy het gedink die skool was lekker, want sy het graag nuwe dinge geleer. Haar gunsteling les was wiskunde. Sy is regtig goed met wiskunde. Oor die algemeen was die skool vir haar opwindend.

In my onderhoud het ek geleer dat meisies slegs tot die ouderdom van 10 mag skool gegaan het.

Die skool was anders as nou, want nou kan meisies skool toe gaan en dieselfde behandel word as seuns.

Die interessantste ding wat ek in my onderhoud uitgevind het, was dat my oma elke oggend 15 km skool toe moes stap omdat haar ouers nie die bus kon bekostig nie. Ek het gedink as jy in Italië woon, is jy ryk.





Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Donderdag



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Letter Ruil

EK DOEN ...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **koms, soms**
- 3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **koms, soms**
- 4 Verduidelik die verskil, bv. die /k/ en /s/ klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

ONS DOEN ...

DEEL 1

- 1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **bors, wors**
- 2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
- 3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv: **bors, wors**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

DEEL 2

- 1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **ramp**
- 2 Vra leerders: Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?
- 3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv : **stamp, lamp, damp, kamp, romp**


JY DOEN ...

- 1 Skryf die woord op die swartbord: **hart**
- 2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
- 3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
- 4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
mart, swart, hare, hars, hark

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Tweede Lees

LEESSTRATEGIE: SOEK IN DIE TEKS

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p><u>'n Held met die naam Simon Nkoli</u></p> <p>My onderwyser het ons gevra om 'n paragraaf oor ons helde te skryf. Daardie aand sit ek by die tafel terwyl my pa aandete kook. "Wie is jou held?" vra ek hom. "Ek dink nie ek het een nie," erken ek.</p>	<p>Ek onthou dat die verteller se pa se held Simon Nkoli was.</p>
<p>"Wel, my held is Simon Nkoli. Het ek jou al ooit van hom vertel?" vra hy,</p> <p>Ek skud my kop. Ek het nog nooit vantevore van Simon Nkoli gehoor nie.</p>	<p>–</p>
<p>"Wel, Simon Nkoli is ook hier in Soweto gebore," sê my pa. "Simon was 'n anti-apartheid aktivis. Hy het vir ons regte as swartmense geveg – om te kan leer, werk en woon net waar ons wil."</p> <p>"O, net soos Nelson Mandela?" vra ek. Ons het van President Nelson Mandela by die skool geleer, maar nie van Simon Nkoli nie. Ek wonder hoekom my pa se held Simon Nkoli is, eerder as Nelson Mandela.</p>	<p>Hoekom was Simon Nkoli die verteller se pa se held? Ek dink dit is omdat hy 'n aktivis was wat vir gelyke regte geveg het.</p>
<p>"Wel, op sommige maniere was Simon Nkoli soos Nelson Mandela," verduidelik my pa. "Hulle het beide teen apartheid geveg. Hulle het beide so vas geglo in die stryd vir ons regte, dat hulle selfs tronk toe is."</p> <p>"Hoekom is hulle tronk toe?" vra ek. "Het hulle iets verkeerd gedoen?"</p> <p>"Nee, hulle het niks verkeerd gedoen nie," verseker hy my. "Gedurende apartheid, het die polisie mense wat in opstand gekom het en hulself uitespreek het teen rasisme gearresteer en in die tronk gegooi," sê hy.</p> <p>"So hoe was hulle dan verskillend?" vra ek. Tot dusver klink dit asof Nelson Mandela en Simon Nkoli baie dieselfde was.</p>	<p>Hoe was Simon Nkoli en Nelson Mandela dieselfde? Ek lees hier dat hulle beide teen apartheid geveg het. Hulle het albei selfs tronk toe gegaan vir dit waarin hulle geglo het!</p>

Teks	Tweede lees (Dink Hardop)
<p>“Simon Nkoli het nie net teen apartheid geveg nie – hy het ook geveg vir die regte van alle Suid-Afrikaners om hulle familie saam te stel op enige manier wat hulle wil,” gaan my pa voort.</p> <p>“Wat bedoel jy?” vra ek, bietjie verward.</p> <p>“Simon Nkoli het nie net teen Apartheid geveg nie. Hy het ook vir gelyke regte vir almal geveg. Hy het twee gevegte geveg vir my en jou Pappa – hy het vir ons regte as swartmense geveg en vir ons reg om saam te wees.”</p> <p>“Jy bedoel, daar was ’n tyd toe jy en Pappa nie toegelaat is om saam te wees nie?” vra ek. Meeste van my vriende het nie twee pappas soos ek nie, maar ek het nog nooit vantevore daarvoor gedink nie.</p>	<p>Hoe was Simon Nkoli en Nelson Mandela verskillend?</p> <p>Simon Nkoli het geveg teen apartheid en vir die regte van alle mense om te kan lief wees vir wie hulle wil en om hul families op verskillende maniere te kan saamstel.</p>
<p>“Dit is reg,” sê my pa. “Gelukkig, toe Apartheid geëindig het, het ons nuwe regering wette gemaak wat gelyke menseregte vir almal daar gestel het. Ons woon in een van die min lande in die wêreld waar daar wette is om jou te beskerm, maak nie saak wat jou ras of geloof is, of wie jy kies om mee te trou nie.”</p>	<p>Wat is so spesiaal aan die wette in Suid-Afrika? Die wette beskerm mense, dit maak nie saak wat hul ras of geloof is, of wie hulle kies om mee te trou nie. Dit is verskillend van ander lande in die wêreld.</p>
<p>“Tog,” sê Papa, “moet ons steeds ekstra versigtig wees. Selfs in Suid-Afrika, daar is steeds mense wat ons lelike name noem, of ons wil seermaak,” verduidelik hy. “Nie almal glo in gelykheid vir almal nie. Ons het steeds helde soos Nelson Mandela, Simon Nkoli en Charlotte Maxeke nodig, wat veg vir die regte van swart vroue.”</p>	<p>Hoekom moet die verteller se familie ekstra versigtig wees? Omdat daar mense is wat nie in gelykheid vir almal glo nie.</p>
<p>My pa haal ou foto's uit. “Hier is ’n foto van Simon Nkoli en Nelson Mandela,” sê hy glimlaggend.</p> <p>“O, hier is een van my en Pappa saam met Simon!” My pa gee die foto's vir my en ek gebruik ’n magneet om dit teen die yskas op te sit.</p> <p>“Ek hoop hierdie foto's salons herinner dat ons nooit daaraan mag dink om ander minderwaardig te behandel nie – maak nie saak vir watter rede nie,” sê my pa met ’n ernstige stem.</p>	<p>Wanneer is dit reg om mense minderwaardig te behandel? O, ek lees hier, dat dit volgens die verteller se pa, nooit reg is nie!</p>
<p>Ek staar na die foto, terwyl ek dink hoe die ewe vir my pa was toe hy jonk was.</p>	<p>Wat het die verteller geleer wat verskillend was vir haar pa toe hy jonk was? Sy het geleer dat haar pa nie gelyke regte gehad het nie.</p>
<p>Ek haal my oefenboek uit. “Ek dink ek gaan oor Simon Nkoli skryf vir my paragraaf,” besluit ek. “Hy het ons familie gehelp, so ek dink hy is ook my held!”</p>	<p>Hoekom het die verteller besluit om ’n paragraaf oor Simon Nkoli te skryf? O, want Simon Nkoli het help veg vir gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners.</p>

Opvolg vrae	Moontlike antwoorde
Hoe was Simon Nkoli en Nelson Mandela dieselfde?	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het beide teen apartheid geveg. • Hulle het beide tronk toe gegaan vir dit waarin hul geglo het. • Hulle het beide hulself uitgespreek teen rasisme.
Hoe was Simon Nkoli en Nelson Mandela verskillend?	Simon Nkoli het ook geveg vir mense om lief te wees vir wie hulle wil en om families saam te stel op enige manier wat hulle kies.
Hoekom vrae	Moontlike antwoorde
Hoekom het die verteller in die storie besluit om 'n paragraaf oor Simon Nkoli te skryf?	<ul style="list-style-type: none"> • Omdat haar pa se held Simon Nkoli was en sy nie 'n held gehad het nie. • Omdat Simon Nkoli die verteller se familie gehelp het. • Omdat sy besluit het dat Simon Nkoli haar held is nadat haar pa haar van hom vertel het.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

Vrydag



Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
 - inhegtenisneming
 - tronk
 - praat uit

Rympie of liedjie	Aksies
Geskiedenis vertel ons van die verlede,	<i>Wys met jou vinger na agter oor jou skouer</i>
Maar help ons met die hede	<i>Wys met jou vinger na die hede</i>
Geskiedenis! Geskiedenis!	<i>Spring op en af</i>
Help ons aan die toekoms bou,	<i>Wys hoe jy 'n muur bou</i>
Eerder as om dit te verbrou!	<i>Lig jou skouers op en frons</i>

BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor...
Een ding wat ek van die storie gehou het is...
My held is...want...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



Fonemiese Bewustheid En Klanke:

15 minute

Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

lp	nd	ns
a	m	e
nt	mp	ms
i	s	o
rg	rk	rm
t	u	l
rp	rs	rt
k	p	d

DEMONSTREER

- 1 Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
- 2 Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

LEERDERS DOEN.

- 1 Leerders maak hulle skrifte oop.
- 2 Sê dat hulle kan begin skryf.
- 3 Gee die leerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
- 4 Laat die leerders hulle eie werk merk.
- 5 Vra nou die leerders om hulle woorde te deel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: _____

Woorde: _____



Gedeelde Lees:

15 minute

Na-Lees

BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK IN DIE TEKS

GESKREWE BEGRIPSTOETS

- 1 Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
- 2 Lees deur die vrae saam met die leerders en verduidelik die vrae indien nodig.
- 3 Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor die vrae.
- 4 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
- 5 In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

'N HELD MET DIE NAAM SIMON NKOLI

- 1 Waar was Simon Nkoli gebore?
Hy was in ... gebore.
- 2 Waarvoor het Simon Nkoli geveg?
Simon Nkoli het vir...geveg
- 3 Wat ooreenkoms is daar tussen Simon Nkoli en Nelson Mandela?
Hulle het albei...

'N HELD MET DIE NAAM SIMON NKOLI

- 1 Waar was Simon Nkoli gebore?
Hy was in Soweto gebore.
- 2 Waarvoor het Simon Nkoli geveg?
Simon Nkoli het vir gelyke regte geveg..
- 3 Wat ooreenkoms is daar tussen Simon Nkoli en Nelson Mandela?
Hulle het albei teen Apartheid geveg / teen rasisme gepraat / tronk toe gegaan vir hulle idees.



Groep Begeleide Lees

30 minute

GROEPE: _____

- 1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 - b **Watter stories het ons saam gelees?**
 - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

Let wel: Hierdie prosesse van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.